NOVEMBER 2017
Volume 19 | No 11

# GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE


GRAIN SA
GRAAN SA

Besoek ons aanlyn
Visit us online



**TROTSE BORG:**
Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar

syngenta®




**ProAct** is applied between the 4-8 leaf stage. Repeat after 3-4 weeks. **ProAct** can be applied alone or in combination with other products.

provider of crop solutions to the agricultural industry

DUX AGRI & InteliGro intelligent crop solutions

VILJOENSKROON | Tel: 056 343 3444 | Fax: 056 343 2223 | info@inteligro.co.za www.intelichem.co.za



## Ontmoet ons medewerkers...

**JURIE MENTZ** is op Vryheid gebore en het op Louwsburg en later op Vryheid skoolgegaan. Hy het aan die Technikon Pretoria 'n landbousertifikaat (Diereproduksie) behaal en in 1987 vir sy pa begin boer. Na agt jaar het hy sy eie grond gekoop en het hy 'n saaiboerdery met bosbou, beeste en blomboerdery bedryf. "Na 'n grondeis in 2007 het dit gevoel asof alles in duie stort, maar ek is deur Graan SA genader om te help met landbou-ontwikkeling. 'n Nuwe wêreld het vir my oopgegaan, want ek boer nou op 'n groot aantal plase en maak 'n verskil in 'n verskeidenheid mense se lewens. Dít is vir my lekker om op so 'n manier 'n verskil in ander mense se lewens te maak," vertel hy. Jurie is getroud met Niekie en hulle het twee seuns en 'n dogter – wat sy grootste rykdom is. Wanneer hy 'n kansie kry, vang hy graag vis – varswater of in die see, maar tiervis vang bly volgens hom die lekkerste.

*Op **bladsy 8** vertel hy van die vervulling wat dit meebring om by die Jobs Fund-projek betrokke te wees.*



Baie geluk aan elke produsent wat 'n toekenning tydens die jaarlikse Graan SA-toekenningsfunksie ontvang het. **RUTH SCHULTZ** (*SA Graan/Grain medewerker*) het die glansgeleentheid in Oktober vanjaar bygewoon – meer daaroor op **bladsy 12**. Lees gerus ook meer oor elke kategoriewenner in die uitgawe (**bladsy 14** tot **bladsy 18**) en kyk op **bladsy 19** wie van die graanbedryf saam fees gevier het.



**PROF ATTIE GERBER** (dosent aan die Noordwes-Universiteit), wat ook 'n beoordelaar in die Graan SA/Sasol fotokompetisie is, gee op **bladsy 28** (in ons eerste buitelewe en reis-fokus) vir ons 'n blik op die Vredefort koepel. Hy verduidelik wat die leek se koepel, die sigbare koepel en die wetenskaplike koepel is en die ongelooflike foto's wat in die artikel gebruik is, maak 'n mens sommer lus om vir 'n naweek daarheen weg te breek.



Grondkompaksie is 'n aspek wat volgens **PIETMAN BOTHA** (*SA Graan/Grain* medewerker) algemeen deur produsente oor die hoof gesien word en sodoende word, sonder dat hulle dit besef, heelwat opbrengs prysgegee. Op **bladsy 36** skryf hy meer oor die stil opbrengsdief wat soms 'n ander baadjie dra.

## Regstelling



Die artikel in verlede maand se uitgawe *"Lesse geleer uit die 2016/2017-plantseisoen"* – **op bladsy 74** – wat die uitdagings wat in die vorige plantseisoen voorgekom het, uitgelig en produsente aangeraai het om te probeer om dié foute hierdie seisoen te vermy, is deur **AK GELDENHUYS** (produklandboukundige: Weste, Pannar Saad) geskryf en nie deur Sakkie Koster soos berig nie. Jammer vir enige ongerief of verwarring wat dit veroorsaak het. – *Red.*

# VOORPUNT



**ESTIE DE VILLIERS,** redakteur

Ons is besig om die huis op te knap. Maar ooooo my aarde: Wat 'n deurmekaarspul! Ons gesinnetjie het vir drie weke in die televisiekamer 'n groot kermisbed gedeel – wat (ek moet erken) toe eintlik heel avontuurlik was.

Die geharwar en gesoekery na goed het soms gedreig om my onder te kry. En hoe besluit 'n mens watter teëls om in die kombuis en die badkamer te gebruik as daar soveel opsies is? My kop het behoorlik gedraai!

So 'n gebou-en-brekery bied natuurlik 'n ideale geleentheid om bietjie huis en kaste skoon te maak en onnodige items uit te gooi. Dít was vir my as 'n sentimentele siel taamlik moeilik. Ek het 'n hele paar onthoubokse waarin briefies, kaartjies, verdroogde blommetjies (wat ek nie eers meer weet van wie af nie) en sjokoladepapiere van *boyfriends* gebêre is. Wat 'n *trip down memory lane* was dit nie! Daar was alles van troukaartjies (van mense wat intussen geskei is), begrafnisbriewe tot doop- en 21ste verjaarsdagkaartjies daarin.

Die kaartjies en briefies wat ek van my oumas af gekry het, in hul unieke handskrif, het my laat sluk aan 'n knop in my keel en ek moes dit net eenvoudig weer bêre – weliswaar in 'n heelwat kleiner onthouboks.

### Nuwe seisoen

Ek reken ook graanprodusente se koppe draai behoorlik hierdie seisoen van al die besluite wat geneem moet word oor hoeveel van watter gewas aangeplant moet word. Soos wat Jannie de Villiers tereg in sy rubriek *Graan SA Standpunt* op bladsy 4 skryf:

*"Daar was lank laas voor planttyd soveel onsekerheid in die mark. Wat staan ons te doen? Dat ons minder moet plant, is gewis, maar hoeveel minder en waarvan moet ons meer plant? Dít is die debatte om die kampvuur. Graan SA en al wat rolspeler in die mark is, kan raad gee, maar jy is al een wat die finale besluit kan neem."*

Op bladsy 40 gee Luan van der Walt (Graan SA) 'n seisoensoorsig en neem die oorwegings vir die komende seisoen onder die loep. Daar word veral gekyk na die vraag na sojabone, hoe jy risiko kan bestuur en verliese kan beperk en hy noem ook die faktore waarop produsente moet let wanneer hulle besluite in die komende seisoen neem.

Produsente belê in die beste bekostigbare genetika, volg bestuursprogramme vir inentings, dip en dosering noukeurig, maar ontsluit ons die jong diere se genetiese potensiaal optimaal? Dít is die vraag waarmee Annelie van Deventer (Feedtek) produsente op bladsy 58 konfronteer en verduidelik waarom dit nodig is om kruipvoeding vir jong herkouerdiere te gee.


Sterkte aan elke produsent met die besluite wat in die nuwe seisoen geneem moet word.

Groetnis

Estie

## MEDEWERKERS *vir hierdie uitgawe*

Nelus Bantjes, dr Annelie Barnard, Johan Bezuidenhout, Stefan Boshoff, Pietman Botha, Valerie Celliers, Jannie de Villiers, prof Attie Gerber, Hesta Hatting, dr Belinda Janse van Rensburg, ds Koos Kirsten, Helenus Kruger, Louise Kunz, Corné Louw, dr Roger McCallum, Jurie Mentz, Ruth Schultz, Gerrie Smit, dr Johann Strauss, Dirk Strydom, dr Scott Sydenham, dr Johan van Biljon, Luan van der Walt, Annelie van Deventer, Madelaine van Heerden en Theo Venter



36



34



28



52

# INHOUD | CONTENTS

NOVEMBER 2017

## GRAAN SA | GRAIN SA


**8** The fulfilment of getting involved

**10** **Day of Celebration:** Dreams, dedication and hard work the recipe for success

**12** **Graan SA-toekenningsgeleentheid:** Room van graanprodusente word vereer

**14** **Graan SA-toekenningsgeleentheid:** Toekomsgedrewe mielieprodusent houer van Graanprodusent-titel

**16** **Graan SA-toekenningsgeleentheid:** Edwin wil help om hongersnood te voorkom

**17** **Grain SA Awards Ceremony:** Eager-to-learn Paul on the way to commercial farming

**17** **Grain SA Awards Ceremony:** Making the choice to bring change

**18** **Grain SA Awards Ceremony:** The future of farming is in his hands

**18** **Graan SA-toekenningsgeleentheid:** Barnard vat voor en help produsente in nood

**19** **Graan SA-toekenningsgeleentheid:** Graanbedryf vier saam fees

**26** 'n Man wat tred hou met die tyd


## FOKUS OP BUITELEWE EN REIS | FOCUS ON OUTDOOR LIFE AND TRAVEL


**28** Wa'sie koepel?

**30** 4x4's...Moets en moenies

**34** Deur Angola op 'n avontuurfiets


## OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL


**36** Die stil opbrengsdief wat soms 'n ander baadjie dra

**38** **Inset-oorsig:** Die lank en die kort van die dieselrabat

**40** **Graanmark-oorsig:** Seisoensoorsig en oorwegings vir die komende seisoen

**42** **Prysrisikobestuur in 'n neutedop:** Deel 5: Die gebruik van Safex-opsiekontrakte

**46** Wes-Kaapse 2016-navorsing toon puik resultate


**49** Grain storage solutions

**50** Bemesting vanaf 'n rekordoes na 'n moontlik minder goeie seisoen

**52** The real facts behind preharvest sprouting and aluminium toxicity

**57** Klante registreer fluks vir lojaliteitsprogram

**58** Hoekom kruipvoeding vir jong herkouerdiere?




## POLITICAL ANALYSIS 66


**62** Grondgedraagde swamsiektes – die wortel van alle kwaad


## AKTUEEL | RELEVANT


**65** Sewe-stap miljoenêrsplan vir dames

**66** **Political analysis:** South African politics in a holding pattern

**68** Global research network ensures better hybrids

**69** No place for weakest links

**71** **Graan SA/Sasol fotokompetisie:** Reik (jou kamera) na die sterre

**72** It's all about changing lives

**73** Topbul haal hoogste prys op veiling

**75** Suksesse in grondhervorming op databank vasgelê – Agri SA

**76** Opbrengskompetisie se gewildheid neem toe


## RUBRIEKE | FEATURES


**4** **Graan SA Standpunt:** Wat staan ons te doen?

**5** **Grain SA Point of View:** What are we to do?

**7** **Uit die Woord**

**7** **Op die kantlyn**

**79** **Wiele vir die plaas:** Nuwe Renault Duster EDC is nou outomaties

**80** **E-posse:** Die bok





## Voorblad | Cover

Die Graanprodusent van die Jaar-toekenning (waarvan Syngenta die hoofborg is) is in Oktober vanjaar oorhandig.
Foto: Helenus Kruger


GRAAN SA GRAIN

ISSN 1814-1676

### EIENAAR/UITGEWER

**GRAAN SA**
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
*www.grainsa.co.za*

**SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING (ADRESVERANDERINGE):** Marina Kleynhans
*SA GRAAN/GRAIN,* POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660
Tel: 086 004 7246
E-pos: *marina@grainsa.co.za*

### REDAKSIE

Dr Dirk Strydom
**BESTUURDER: GRAANEKONOMIE EN BEMARKING**
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: *dirks@grainsa.co.za*

**BESTURENDE REDAKTEUR:** Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: *johan@infoworks.biz*

**REDAKTEUR:** Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
E-pos: *estie@infoworks.biz*

**REDAKSIONELE ASSISTENT:** Elmien Bosch
Tel: 018 468 2716 • E-pos: *elmien@infoworks.biz*

**GRAFIESE ONTWERP:** Nadine Stork
Infoworks Media Publishing
Tel: 018 468 2716 • E-pos*: nadine@infoworks.biz*

**DRUKWERK:** Typo Print
Tel: 011 402 3468/9

**MASSAVERSPREIDING:** Prosource
Tel: 011 791 0410

**SPOTPRENTTEKENAAR:** Frans Esterhuyse

### ADVERTENSIEVERKOPE

**KOLBE MEDIA – Kaapstad**
Jurgen van Onselen – Advertensiekoördineerder
Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: *jurgen@kolbemedia.co.za*

**INFOWORKS MEDIA PUBLISHING – Johannesburg**
Ruth Schultz – Advertensiekonsultant
Tel: 081 480 6413 • Sel: 072 855 2450
E-pos: *ruth@infoworks.biz*

### GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park
Witheritestraat 457
Die Wilgers
Pretoria
0041

Tel: 086 004 7246
Faks: 012 807 3166

Besoek Graan SA by *www.grainsa.co.za* of skandeer dié QR-kode:



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- *The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.*
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produkinligting"-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- *´Advertorials´ are paid articles; while ´product information´ articles may contain facts on commercial products.*

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

Graan SA **STANDPUNT**

POINT OF VIEW



**JANNIE DE VILLIERS,** uitvoerende hoofbestuurder/CEO

# Wat staan ons te doen?

Die vroeë reën in die noorde laat 'n mens sommer effe skuldig voel as jy dink aan die Wes-Kaap wat elke dag wonder hoe hulle damme vol gaan word en hoe hulle die seisoen gaan deurleef sonder water.

Daar was lank laas voor planttyd soveel onsekerheid in die mark.

Wat staan ons te doen? Dat ons minder moet plant, is gewis, maar hoeveel minder en waarvan moet ons meer plant? Dít is die debatte om die kampvuur. Graan SA en al wat rolspeler in die mark is, kan raad gee, maar jy is al een wat die finale besluit kan neem.

Dit is maar 'n alleen plek om te wees wanneer só 'n besluit geneem moet word. Die reën wat vroeg gekom het, het alles boonop vervroeg.

Gedurende die afgelope maand was daar 'n kritiese grondhervormingshofsaak waarby Graan SA via Agri SA betrokke was. Die saak was 'n appèl op 'n uitspraak dat die markwaarde van grond wat vir grondhervorming onteien is, met 'n arbitrêre 20% deur die regter verlaag is as die eienaar se sogenaamde bydrae tot grondhervorming.

Daar is geensins by 'n antwoord uitgekom oor wat die Grondwet bedoel met 'n regverdige en billike vergoeding nie, maar dit is nie sommer net so duimsuig-afslag op markwaarde nie; dit is verseker!

Die manier waarop die regerende party die opvolging van leierskap hanteer, gaan 'n massiewe invloed hê op die getal stemme wat hulle in 2019 gaan kry. Dit gaan bepaal of hulle weer alleen die geleentheid gaan hê om die land te regeer en of hulle dit in koalisie met 'n ander party sal moet doen.

Dit is juis hier waar die knoop in die derm lê. Gaan dit 'n blou of rooi koalisie wees? Hierdie koalisie-sprong kan uiters bepalend vir landbou en eiendomsreg in Suid-Afrika wees. 'n Blou koalisie sal waarskynlik nie die Grondwet wil verander nie en 'n rooi koalisie gaan hopelik nie genoeg steun kry om dit te verander nie.

Hoe dit ook al sy, dit bly groot risiko's. Daar word gedurig daaroor gespekuleer. Wat al die scenario's vir my sê, is: Beplan vir alles, maar om pad te gee uit die land, bly steeds nie 'n opsie nie.


Met die skrywe van die artikel was die 2017 Agri SA Kongres op hande. Dit is asof hierdie gees van verdeeldheid nie net ons politieke leiers beetgepak het nie, maar ook in georganiseerde landbou kop uitsteek.

Is daar dan geen plek meer oor waar sake net normaal kan verloop nie? Seker nie. As die druk in ons huis hoog geraak het, het ons mekaar altyd gewaarsku om versigtig met mekaar om te gaan. Die reël geld sekerlik ook vir georganiseerde landbou. Kom ons raak nie met mekaar besig terwyl Rome brand nie.

My bekommernis is dat ons in die proses goeie leiers, wat net eenvoudig nie kans sien om van hulle eie tyd en energie (gratis) te gee om dag vir dag nie net met die regering besig te wees nie, maar ook met kollegas in eie geledere, kan verloor. Dit is uitmergelend.

Ek wonder hoe lank dit gaan neem voor ons eie visepresident Ramaphosa dalk ook gaan besluit dit is veel aangenamer om onder die bome te sit en kyk hoe sy buffels se horings groei as om dag vir dag die sorge van 'n land en sy mense te dra. Kom ons hoop dat hy uithou! ■

> "Graan SA en al wat rolspeler in die mark is, kan raad gee, maar jy is al een wat die finale besluit kan neem."




# What are we to do?

The early rains in the north makes one feel somewhat guilty when you think of the Western Cape where people are wondering daily how their dams are going to get full and how they are going to survive the season without water.

It has been a long time since there was so much uncertainty in the market before planting.

What are we to do? That we should plant less is certain, but how much less and what should we plant more of? These are the debates around the camp fires. Grain SA and all other role-players in the market can give advice, but you are the only one who can make the final decision.

It is quite a desolate place to be when such a decision must be taken. The early rains just accelerated everything.

During the past month there was a very important land reform court case in which Grain SA was involved via Agri SA. The case was an appeal against a verdict that the market value of land expropriated for land reform, was arbitrarily reduced by 20% by the judge as the landowner's so-called contribution towards land reform.

The question of what the Constitution implies to be a fair and equitable remuneration, has by far not yet been resolved, but it is not just a thumb suck discount on the market value; that is for sure!

The way the governing party handles the succession of leadership, will have a massive influence on the number of votes it will get in 2019. This number of votes will determine whether they will again have the sole opportunity to govern the country or whether they will have to do it in coalition with another party.

This is exactly where the problem lies. Is it going to be a blue or a red coalition? This coalition move can be the determining factor for agricultural land and other property rights in South Africa. A blue coalition will most likely not want to change the Constitution and a red coalition will hopefully not obtain enough support to change it.

Nevertheless, those remain a big risk. There is continuous speculation about it. What all these scenarios tell me, is: Plan for everything, but to leave the country, is still not an option.

While writing this article, the 2017 Agri SA Congress was imminent. It seems as if this spirit of discord has not only taken hold of our political leaders, but is also rearing its head in organised agriculture.

Is there then no place left where matters can just be normal? Possibly not. When the pressure in our household became high, we always warned everybody to be kind to one another. This rule surely also applies to organised agriculture. Let us not attack each other while Rome is burning.

My concern is that in the process we might lose leaders who simply do not feel up to giving their own time and energy (for free) to engage not only with government daily, but also with colleagues in own ranks. That is exhausting.

I wonder how long it would take our own vice-president Ramaphosa to possibly also decide that it is much more pleasant to sit under the trees watching his buffaloes' horns grow rather than carry the burden of a country and its peoples' woes from day to day. Let us hope he endures! ■

AgCelence®
*Verwag meer.*

## Abacus® Advance - boere het buitengewone voordeel getrek uit hul oeste... het jy?




**Meer as 300 top Suid-Afrikaanse boere het getuig dat wanneer 'n mens Abacus® Advance - die mielie- en soja-AgCelence® -oplossing van BASF - op jou gewasse toedien, jy jaar na jaar die beste opbrengs op jou belegging en die beste plaasbestuur kry.**

**Abacus ® Advance** op mielies en soja is nie net 'n uitstekende siektebeheeroplossing nie - jy kan ook fisiologiese voordele vir optimale opbrengs verwag. Ons noem dit die ***AgCelence***®effek.

- Verhoog die plantgroeidoeltreffendheid met verbeterde fotosintese, beter gebruik van stikstof en verhoogde bio-massa ontwikkeling
- Verhoog die plant se weerstand teen stremming in situasies soos droogte deur etileenproduksie te inhibeer

### Het jy jouself die *AgCelence*® voordeel gegee?

BASF
We create chemistry

**Abacus® Advance** Reg. Nr. L9132 Wet Nr. 36 van 1947. Aktiewe bestanddele: **F500®** 62,5 g/ℓ. Epoxiconazole 62,5 g/ℓ. Skadelik. **F500®** - Pyraclostrobin. •
**AgCelence® , Abacus® Advance en F500®** is geregistreerde handelsmerke van BASF. •
BASF Suid Afrika (Edms) Bpk • 852 Sestiende Straat, Midrand, 1685 • Posbus 2801, Halfway House, 1685 • Tel: +27 11 203 2400 • Faks: +27 11 203 2461
Webblad: www.agro.basf.co.za • Mobielewebblad: m.agro.basf.co.za

# *Uit die* WOORD



DS KOOS KIRSTEN

'n Mens hoor nogal dikwels dat mense sê dat die verlede beter was as die hede. Dit gebeur veral wanneer dit in die algemeen sleg gaan. Veral ouer mense verwys graag na hul jong dae asof dit beter was as wat vandag is. In die verlede was die skole beter, dinge was nie so deurmekaar op universiteite nie, daar was droogtes, maar dit was nie so erg nie, die ekonomie was beter – en so kan ons aangaan. Is dit werklik so?

Ons lees in Prediker 7:10 dat dit nie wys is om so te redeneer nie. Dit is so dat sommige dinge beter was as vandag, maar sekere dinge is vandag beter as in die verlede. As 'n mens egter aanhou om na die verlede terug te verlang, raak jy later so deur hierdie idees en gedagtes opgeneem dat jy vergeet om vandag voluit te leef.

Ons moet verder ook onthou dat alles in die verlede nie net goed en mooi was nie. Elke dag het sy deel van kwaad en van slegte en verkeerde dinge. Ons is egter geneig om eerder die goeie en mooie te onthou as die slegte.

Die Prediker wys daarop dat die goeie en slegte van die verlede en van vandag, alles uit die hand van die Here kom. Hy is immers in beheer van alles en almal en soos die Prediker dit in hoofstuk 7:13 stel: "Aanskou die werk van God, want wie kan reguit maak wat Hy krom gemaak het?" As die Here dan vandag "krom" gemaak het, kan ons nie veel daaraan doen nie. Dit beteken egter nie dat ons nou maar alles kan laat vaar en Gods water oor Gods akker laat loop nie. Die Here leer ons dat ons die tyd moet uitkoop omdat die dae boos is (Efesiërs 5:16). Dit beteken dat ons die beste van elke geleentheid moet maak. Ons leef nie in die verlede nie, maar vandag. Ons kan niks meer aan die verlede doen nie, maar ons kan vandag voluit tot eer van die Here leef. Dit is wys om te vra na wat die wil van die Here vir jou vir vandag is en om dan daarvolgens te lewe.

Ons mag die goeie oue tyd onthou, maar dit mag nooit die sentrum en uitgang van ons lewe word nie. Ons leef vandag en moet die beste van vandag maak, want ons het ook vandag uit die hand van die Here ontvang – net soos ons die verlede uit Sy hand ontvang het. ■

*Wen 'n Bybel*

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na **estiedv@mweb.co.za** of faks na **086 275 4157** voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.




**bybelgenootskap** van suid-afrika

**Baie geluk aan Koos van Rensburg van Heidelberg wat vir die Oktober-uitgawe van *SA Graan/Grain* die gratis Bybel gewen het.**

# *Op die* KANTLYN

**"Greenhouse gas emissions must peak by 2020. Some say that is impossible but impossible is an attitude, not a fact. Agriculture has a critical role to play – both in dramatically reducing emissions and by providing a sink to draw down carbon from the atmosphere.**

– Christiana Figueres, former executive secretary, United Nations Framework Convention on Climate Change (UNFCCC) in *Sequestering carbon in soil – addressing the climate threat*

**Sustainable land management strategies have the potential to measurably reduce global temperatures by the end of the century, but only with widespread adoption coupled with aggressive emissions reductions.**

– Whendee Silver, University of California, Berkeley in *Sequestering carbon in soil – addressing the climate threat*

**We need demonstration farms, farmer to farmer mentoring and training programmes and financial support to build healthy soils and sequester carbon as quickly as possible."**

– Kofi Boa, Centre for No-Till Agriculture in Ghana in *Sequestering carbon in soil – addressing the climate threat*

## 41%

**Die geskatte mielie-oordragvoorraad vir die einde van die 2017/2018-bemarkingseisoen is ongeveer 4,5 miljoen ton. Die vyf jaar gemiddelde plaaslike mielieverbruik is ongeveer 10,9 miljoen ton. Die mielie-eindvoorraad is dus 41% van die gemiddelde plaaslike mielieverbruik.**

– Die Suid-Afrikaanse Graan en Oliesade vraag-en-aanbodskattingskomitee (S&DEC) en SAGIS

DIE WAARSKYNLIKHEID DAT **ONKRUIDDODER-WEERSTANDIGE ONKRUIDE** SAL VERSPREI IN DIE VOLGENDE **TIEN JAAR** IS TEN MINSTE




– Bayer CropScience; resultate van die stemming by die Weed Resistance Global Symposium 2015

**Gee gerus jóú mening van die kantlyn af:**

estie@infoworks.biz | 083 490 9449

# The fulfilment of getting involved

**JURIE MENTZ,** development co-ordinator, Grain SA

While listening in church on Sunday to our pastor's sermon about making a difference in our community, I started thinking of everybody involved in the Jobs Fund. According to the pastor, it has become too easy to pray for certain things without doing anything to make it happen. It is as if we think that by praying our duty is done. Praying is imperative, but doing something about the challenge at hand requires of you to give something of yourself.

Everyone that is part of Grain SA's Farmer Development Programme is giving something of themselves. Our aim is to develop capacitated black commercial farmers who can contribute to household and national food security by producing the optimum volume of maize on the available land.

The Jobs Fund programme focuses on training and skills development through study groups, farmers days and demonstration trial plots, driven by our skilled team of development co-ordinators and mentors. The team uses their skills and knowledge to teach subsistence farmers to develop sustainable farming practices. These subsistence farmers can now produce enough food for their households and can even sell maize for a much-needed income. The whole idea is for the farmers to start on a small scale and in time to grow and to produce more maize.

In the beginning farmers are taught about the importance of the quality of the soil they farm on. Soil samples are taken and after they have paid to have it analysed, the farmers are taught how to use this new knowledge to increase yields. All the aspects of good production practices are taught: Soil depth, soil type, soil compaction, seed selection, plant population, weed control, pest control, harvesting, storage and marketing.

They are taught how to use chemical herbicides instead of hand hoes. Knowledge of using no-till methods instead of conventional ploughing opens a new world for these farmers as they surely don't have access to mechanisation.

The experience of mentors working alongside the farmers ensures production of crops and farmers learn valuable lessons.

Soon great things start to happen for both the farmers and the mentors. The farmers start trusting the mentors as the improvement in the crops become visible and a relationship starts to develop. The first thing a mentor will say after working with subsistence farmers is how rewarding it is to give something of yourself and that you receive much more in return when you see the farmer grow in knowledge and confidence.

Yields have increased from 1 t/ha to 5 t/ha and in some instances even 8 t/ha or 9 t/ha were recorded. An increase in production leads to farmers having the confidence to expand the number of hectares that they plant. There are a lot of farmers who have grown from 1 ha and 2 ha to 8 ha, 10 ha, 12 ha, 15 ha and 18 ha in the past four years and a few more which makes you very proud and gives you confidence in what you're doing.

When the Jobs Fund started in the 2014/2015 season planting was done by hand and ox drawn planters and a few two row no-till planters were used by 850 farmers. In the 2016/2017 season the number of farmers grew to 2 905 farmers, which made it impossible to plant everything by hand.

The Department of Agriculture came to our rescue in various ways. No-till planters, boom sprayers and tractors where provided in some areas – which brought us closer together and benefited all the farmers.

Another contributing factor to the success of the project is that farmers make a financial contribution each year that increases as they grow. This strengthens the farmers' sense of self-worth.

This project won't be possible without the aid of the various input companies such as SA Lime and Gypsum, Monsanto, Kynoch, Syngenta, and the Sasol Trust. The Jobs Fund project gives all of us the opportunity to experience the miracle of giving away the knowledge that we possess.

Don't wait to give something of yourself. Get involved and make a difference! ■



Grain SA/Sasol photo competition
Shaun van der Vaart – 2016

# Stimuplant: Grondbone

Reg. Nr. L 5798  Wet Nr. 36 van 1947

## GEBRUIKSAANWYSINGS EN TOEDIENINGSMETODES VIR GRONDBOONENTSTOWWE.

Die dosis vir Stimuplant grondboonentstof is 1 pakkie (200 g) / 50 kg saad. Gebruik slegs swamdoders wat Thiram of Thiram derivate bevat of kontak die verspreider. Gebruik dan dubbel die entstofdosis: 2 pakkies (400 g) / 50 kg.



By eerste aanplanting en of swak plantomstandighede moet dubbel-enting gedoen word. Indien daar ander produkte bygevoeg word soos bv.:

**B-RUS**: Reg. Nr. B4917, Wet Nr. 36 van 1947 (B-RUS bevat twee isolate *Bacillus subtilis*-bakterieë wat plantgroeistimulerende organismes is), gebruik 1 pakkie (200 g) per Ha se saad.

stimuplant®
Sedert/Since 1978

## DAAR IS 'N PAAR METODES VIR TOEDIEN VAN ENTSTOWWE, WAARVAN:

1. **Droësaadbehandeling:** Meng die poeier met die kleefmiddel (*Stimulym*) wat by die pakkie ingesluit is. Meng daarna die poeiermengsel deeglik met die saad. Dit word aanbeveel dat indien hierdie metode gebruik word slegs 400 g poeier/ 50 kg saad toegedien word. Anders kan daar potensieel te veel poeier wees vir die oppervlakte van die saad indien al 2 produkte gebruik word en word die entstof teen dubbel die dosis toegedien.

2. **Toediening in die plantvoor:** Los eers die enstof in ± 5 ℓ water op voor die entstof in die mengtenk gegooi word. Los enige potensiële klonte op. Indien die 5 ℓ in die tenk / toediener gegooi word kan 'n sif ook gebruik word om klonte te voorkom. (ONTHOU: Die Rhizobium is mikroskopies klein. Die poeier is slegs die draer, die Rhizobium is in die water gesuspendeer). Meng die entstof in die toediener van die planter in genoeg water om in suspensie te bly. Die water is slegs die draer en enige volume sal doen van 50 - 150 ℓ water per Ha, afhangend van wat prakties is vir die produsent). Wanneer die entstof in die plantvoor toegedien word, word aanbeveel dat 'n dubbele dosis gebruik word, dus 400 g entstof per 50 kg saad. Slegs 1 pakkie **B-RUS** is voldoende vir toediening in die plantvoor.




**Figuur 1:**
*Links:* Grondbone behandel met entstof
*Regs:* Grondboonplant wat nie met entstof behandel is nie.



**Figuur 2:**
*Ver Links:* Grondbone behandel met entstof
(Sien hoeveelheid en grootte van nodules)
*Regs:* Plante wat nie met entstof behandel is nie (Geen nodules)

agchem

**Distributed by:**
Ag-Chem Africa (Pty) Ltd (Reg. No. 1998/013411/07)
P.O.Box 589, Silverton, 0127, Gauteng, RSA
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418
www.agchem.co.za

Rolfes GROUP

SEED TREATMENT

# *Dreams, dedication* and *hard work* the recipe for success

**LOUISE KUNZ,** *SA Graan/Grain* contributor

An American poet, Henry David Thoreau said, 'Success usually comes to those who are too busy to be looking for it.' The success of busy South African developing farmers was recently celebrated at Grain SA's Day of Celebration.

More than 300 guests, which included government representatives, agricultural stakeholders and approximately 150 developing grain producers, many sporting colourful traditional outfits, attended the event on 5 October this year. Guests each received a seed depth measure as gesture of the Grain SA Farmer Development Programme and the personnel and executive who support the farmers.

This year the farmers' progress and hard work were acknowledged at the Sandstone Sleeper Estate on the outskirts of Bloemfontein. With 17 new farmers joining the 250 Ton Club and 21 becoming members of the 500 Ton Club, it was clear that the valued advice Grain SA's team and mentors share with the developing farmers is making an impact on developing agriculture.

The main sponsors of this glorious occasion were represented by Dr Langelihle Simela (business development manager: Absa AgriBusiness), Mr Ferdie Marx (area alliance manager, John Deere Financial sub-Saharan Africa), Ms Linda van der Merwe (head: Customer Marketing, Syngenta SA) and Ms Dudu Mashile (sales manager: Emerging Markets, Monsanto).

## 2017 winners who achieved their goals

The 2017 Grain SA/Absa/John Deere Financial Subsistence Farmer of the Year, Ms Mavis Hlatshwayo (55) joined Grain SA in 2005 and is mentored by Mr Jerry Mthombothi (development co-ordinator). She dreams of owning more land to create job opportunities for the unemployed in her community. Hlatshwayo is always willing to share the knowledge she gains at the study group meetings, workshops and courses arranged and organised by Grain SA, with less experienced farmers in the area.

Mr Thembalihle Tobo, the winner of the Grain SA/Syngenta Smallholder Farmer of the Year, hails from Ndunge near Bizana in the Eastern Cape. He started farming in 1996, became a member of Grain SA in 2006 and is currently the chairperson of the Ndunge Study Group. According to Mr Luke Collier (development co-ordinator) who has been mentoring Tobo, this dedicated farmer is a role-model to many in his community.

Agriculture is in his blood, says Mr Paul Malindi, the Grain SA/Monsanto Potential Commercial Farmer of the Year. He obtained a 441 ha farm through PLAS in Edenville in the northern Free State in 2012 and joined Grain SA's Farmer Development Programme in the same year. Malindi is one of the founding members of the Edenville Study Group. Mr Johan Kriel (development co-ordinator) says Malindi implemented all the advice he has received over the years and it paid off this year.

The 2017 finalists in the Grain SA/Absa/John Deere Financial New Era Commercial Farmer of the Year were: Messrs Edwin Mahlatsi (Bothaville, Free State), Vuyani Lolwane (Gelukspan, North West Province) and Remember Mthethwa (Dannhauser, KwaZulu-Natal). The winner was announced at the Grain SA Awards Ceremony on 13 October and received a John Deere tractor sponsored by John Deere Financial in partnership with Absa.

## A word of gratitude

Ms Jane McPherson (programme manager: Farmer Development, Grain SA) thanked the friends of the programme – those individuals who support the programme to ensure its continued existence. These include the Maize Trust, Winter Cereal Trust, OPOT, Monsanto, Afgri, Pioneer, Pannar and Sasol Base Chemicals. Grain SA's CEO, Mr Jannie de Villiers, expressed his gratitude to every developing grain farmer who is willing to be mentored and taught, thereby ensuring a growing harvest of grain farmers each year.

In 1976, after becoming the first gymnast to be awarded a perfect score of 10, the 14-year old Romanian Olympic gold medallist, Nadia Comaneci, was asked what the secret to her success was. She answered, 'Hard work made it easy – that's my secret.' Congratulations to each nominee, finalist and winner who knows the difference hard work makes in their own farming operation.

1


















**1: The winner of the 2017 Grain SA/Absa/John Deere Financial Subsistence Farmer of the Year was Mavis Hlatshwayo. Here are Ferdie Marx, Dr Langelihle Simela, Jannie de Villiers and Mavis' son, Zansi. The other finalists were Simphiwe Gumbi and Ghsasa Dhlongolo.**

**2: Linda van der Merwe, Thembalihle Tobo (winner of the Grain SA/Syngenta Smallholder Farmer of the Year), Derek Mathews (vice-chairperson, Grain SA) and Ramodisa Monaisa (vice-chairperson, Grain SA and master of ceremonies). Meluxolo Mfoxo and Samson Shuwisa were the other two contenders in this category.**

**3: This year a new category was added, the Grain SA/Monsanto Potential Commercial Farmer of the Year. In front with the winner, Paul Malindi, is Jane McPherson. At the back are Dudu Mashile and Ramodisa Monaisa. The other finalists were Ruben Motlhabane and Tshediso Maqala.**

**4: For 2017, the finalists in the category, Grain SA/Absa/John Deere Financial New Era Commercial Farmer of the Year were Edwin Mahlatsi, Vuyani Lolwane and Remember Mthethwa. With them were Ferdie Marx (far left), Dr Langelihle Simela, and on the right Jaco Minnaar (chairperson, Grain SA) and Ramodisa Monaisa.**

**5: Michris Janse van Rensburg (owner: Backsaver Farming Equipment), second from left, donated a Backsaver hand planter and a manually propelled fertiliser applicator to Reginah Hlatshwayo (far left) and Thalitha Mhkwanazi (second from right) from the Hereford West Village near Ermelo in Mpumalanga. With them are Phumodzo Nachizea (extension officer from the Department of Agriculture in Mpumalanga) and Jerry Mthombothi. Although these two ladies did not enter the competition, Grain SA felt they should be awarded for their hard work.**

**6: Nophindile Tolo and Vuyiseka Mxesengana from the Eastern Cape were proud to show off their Xhosa traditional wear.** ■

# Room van graanprodusente word vereer

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* medewerker

"Dit wat ons vanaand hier ervaar, wys die vordering wat oor jare en dekades in die landbousektor gemaak is. Die vlak van voedselsekerheid wat ons in hierdie land geniet, is prysenswaardig en iets waarop ons geweldig trots moet wees."

Met hierdie woorde het mnr Antonie Delport (besturende direkteur, Syngenta Suid-Afrika) sy toespraak by die Graan SA-toekenningsgeleentheid ingelei, waar hy die wenners en finaliste in die vyf verskillende kategorieë met hul prestasies geluk gewens het.

Syngenta was die hoofborg van die aand en borg van die Graanprodusent van die Jaar- en Kleinskaalboer van die Jaar-toekennings.

"Elke dag is daar 200 000 meer monde op die planeet om te voed. Daar kan daarom nie bekostig word om slegs 'n druppel in die spreekwoordelike voedselproduksie-emmer te gooi nie. Daarbenewens woon meeste van die 200 000 mense in stede óf hul sal in die toekoms na stede verhuis, waar hulle nie hul eie kos kan produseer nie. Ons het derhalwe geen ander opsie as om nog slimmer te boer nie – soos die Graanprodusent van die Jaarfinaliste wat tegnologie gebruik om uitdagings te oorkom en op die kleinste detail fokus, maar steeds 'n geïntegreerde, holistiese benadering tot groei het," het Delport verduidelik.

Verder het hy gesê dat almal daarna moet streef om die maksimum genetiese potensiaal van hul plante te ontsluit, om sodoende genoeg kwaliteit gewasse met die beperkte aantal hulpbronne beskikbaar, te produseer.

Aan die hand van 'n Albert Einstein-aanhaling ("As jy dit nie eenvoudig kan verduidelik nie, dan verstaan jy dit nie goed genoeg nie") het Delport verduidelik dat almal eenvoud moet nastreef om sodoende spoed en impak te verhoog. "Indien ons dit nie gaan doen nie, sal ons nie kompeterend bly nie," het hy gesê.

Konsolidasie regdeur die waardeketting het 'n algemene gesig geword – veral aan die gewasbeskermings- en saadkant. "Indien jy in die waardeketting wil deelneem, maak seker jy voeg waarde toe. Anders sal jy nie oorleef nie."

Delport het beklemtoon dat landbou vandag leiers – veral jong leiers – meer as ooit tevore nodig het. "As jy 'n jong leier is, het jy die energie. Jy bring nuwe idees en 'n vars perspektief na die tafel en is meesal bereid om 'n paar risiko's te neem om die status quo te breek. Jy het volop potensiaal – moet dit nooit vergeet nie."

Volgens Delport het ware leiers die vermoë om empatie met ander te hê. "Indien ons die ander party se gedagtes en ervarings deel en hul verwysingsraamwerk verstaan, sal ons in 'n baie beter plek wees om die gemeenskaplike belang te identifiseer."

Hy het Graan SA bedank vir die jarelange vennootskap met Syngenta en gesê hul sien uit na die voortsetting van die borgskap.

Mnr Derek Mathews (visevoorsitter, Graan SA) het in sy verwelkomingstoespraak die Minister van Wetenskap en Tegnologie, Naledi Pandor, bedank vir die positiewe werksverhouding wat Graan SA met haar departement kan hê en dat die organisasie uitsien om voort te bou op hierdie verhouding.

Mathews het al die 2017-wenners en finaliste se stories opgesom met 'n aanhaling van James Douglas Junior: "Our deep respect for the land and its harvest is the legacy of generations of farmers who put food on our tables, preserved our landscape and inspired us with a powerful work ethic."

## Funksie gee erkenning, inspireer en skets Suid-Afrikaanse landboubeeld

Mnr Jaco Minnaar (voorsitter, Graan SA) het kortliks verduidelik waarom hierdie Graan SA-toekenningsfunksie, wat vanjaar vir die 18de keer aangebied is, so belangrik vir die landbousektor is.

"Eerstens gee Graan SA en die borge erkenning aan die mededingers in die kompetisie, wat leiers in hul omgewings is. Dit is belangrik om aan die finaliste en wenners erkenning te gee vir die harde werk wat hulle in hul boerderye insit.

"Tweedens is die kompetisie 'n inspirasie vir die jonger mense, wat die finaliste en wenners as mentors en leiers in hul gemeenskappe sien.

"Laastens is dit 'n vertoonvenster vir landbou in Suid-Afrika, waar ons wys wat die landbousektor bereik – ten spyte van al die uitdagings en negatiewe faktore wat produsente daagliks in die gesig moet staar," het hy verduidelik.

## Vrystaat kraai koning met 2017-toekennings

- **Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar:** AC van Wyk (Vrystaat) – Bladsy 14
- **Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar:** Edwin Mahlatsi (Vrystaat) – Bladsy 16
- **SPLINTERNUWE KATEGORIE! Graan SA/Monsanto Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar:** Paul Malindi (Vrystaat) – Bladsy 17
- **Graan SA/Absa/John Deere Financial Bestaansboer van die Jaar:** Mavis Hlatshwayo (Mpumalanga) – Bladsy 17
- **Graan SA/Syngenta Kleinskaalboer van die Jaar:** Thembalihle Tobo (Oos-Kaap) – Bladsy 18
- **Inspirasietoekenning:** Janes Barnard (Vrystaat) – Bladsy 18























▲ 1: Die elegante en sjarmante televisiepersoonlikheid, Ursula Chikane, wat bekend is as aanbieder van die leefstyl TV-program, *Top Billing*, was die seremoniemeester van die aand.

◥ 2: Janes Barnard, produsent van Hoopstad en ook 2011 Graanprodusent van die Jaar, het vanjaar die Graan SA Inspirasietoekenning ontvang.

◥ 3: Die *Supreme 3*-groep wat bestaan uit Loyiso Bala, Danny K en Lloyd Cele het die gehoor met klassieke liedjies vanuit die Motown-era, wat hulle hul eie unieke kinkel gegee het, vermaak. Dit is voorwaar 'n energieke sanggroep!

◥ 4: Vuyane Lolwane, derde van links, is een van die 2017 Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar-finaliste. Saam met hom is Cobus Wells (hoof, Absa AgriBesigheid Afrika), Antois van der Westhuizen (besturende direkteur, John Deere Financial Sub-Sahara Afrika), Ramodisa Monaisa en Derek Mathews, albei visevoorsitters van Graan SA. Vuyane se vrou, Refilwe, het saam met hom die spesiale geleentheid bygewoon.

◥ 5: Remember Mthethwa, derde van links, neem sy 2017 Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar-finalissertifikaat in ontvangs. Saam met hom is Cobus Wells, Antois van der Westhuizen, Ramodisa Monaisa en Derek Mathews.

◥ 6: 'n Baie gelukkige Edwin Mahlatsi, 2017 Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar-wenner, ontvang sy simboliese John Deere trekker-wentrofee van Antois van der Westhuizen. Sy vrou, Othenia, en dogter, Doreen, deel sy oomblik in die kollig.

▲ 7: Oorstelp van vreugde! Mavis Hlatshwayo, 2017 Graan SA/Absa/John Deere Financial Bestaansboer van die Jaar, omhels vir Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder, Graan SA) voor sy haar sertifikaat in ontvangs neem. Saam met haar is haar seun, Zansi.

◥ 8: Al die 2017 Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar-finaliste ontvang hul sertifikate. Van links: Jaco Minnaar, Jan Boshoff en sy vrou, Retha, van Delmas, Willem Visagie en sy vrou, Aletta en hul seun, Hein en sy vrou, Hilde, van Porterville en AC van Wyk en sy vrou, Lizelle, van Bultfontein en Antonie Delport.

▲ 9: Die 2017-wenners saam met die borge, Graan SA Bestuur en Naledi Pandor (Minister van Wetenskap en Tegnologie).

◥ 10: Paul Malindi, 2017 Graan SA/Monsanto Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar, tweede van links, saam met Jannie de Villiers, Kobus Steenekamp (besturende direkteur, Monsanto SA) en Jaco Minnaar. Foto's: Helenus Kruger ■

syngenta®

# Toekomsgedrewe mielieprodusent houer van Graanprodusent-titel

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* medewerker

"AC van Wyk leef met 'n absolute toekomsvisie. Hy weet presies waar hy wil uitkom en ook hoe hy daar gaan uitkom. Hy is in absolute beheer van sy eie toekoms."

Só het die beoordelingspaneel mnr AC van Wyk, die 2017 Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar, se bestuurstyl opgesom.

Die sukses van Van Wyk se besigheid lê in die kombinasie van entrepreneurskap en bestuur. "Jy moet 'n langtermyndoelwit hê, en op die kort termyn moet jy jou hulpbronne en prioriteite só organiseer dat jy al nader aan jou langtermyndoelwit beweeg," het hy op 'n DVD-produksie, wat gedurende die toekenningsgeleentheid vertoon is, gesê.

Hy boer op grond in die Bultfontein-omgewing wat reeds sedert 1841 aan die familie behoort. Alhoewel hy 'n veevertakking het, bly mielies sy eerste liefde. "Die grond waarop ons boer, is hoofsaaklik sanderige grond met 'n laag van 2 m wat goeie vogbewaring verseker. Ons beplan ons benadering tot die nuwe seisoen hoofsaaklik volgens die aantal vog waarmee ons moet werk."

Van Wyk het sy privaat vlieglisensie (PPL) in 2014 verwerf en sodoende kan hy sy wydverspreide lande met 'n arendsblik besigtig en maklik potensiële uitdagings identifiseer.

## Trots en dankbaar

Hy het sy vrou, Lizelle, bedank vir die manier waarop sy hul huishouding bestuur asook haar waardevolle insette in die boerdery. Sy doen die boekhouding van dié besigheid.

"Dit is ook vir my 'n besondere voorreg om my ma en pa vanaand hier te hê. Die afgelope 18 jaar was daar min produsente wie se ouers teenwoordig kon wees wanneer hul dié toekenning ontvang het," het hy, kort nadat hy as die wenner aangewys is, gesê. Hy het sy ouers ook bedank vir die goeie opvoeding en waardes wat hy van hulle ontvang het. "Dankie vir die insigte wat ek van julle ontvang het ten opsigte van diens, produktiwiteit en besigheid."

Hy het ook die res van sy span van ACH Boerdery bedank. "Julle is 'n besondere span mense en die verbintenis, samewerking, produktiwiteit en positiewe energie wat tussen julle vloei, is iets besonders om te beleef."

Verder het hy sy medefinaliste asook al die wenners en finaliste in die ander vier kategorieë (bestaansboer, kleinskaalboer, potensiële kommersiële boer en nuwe era potensiële boer) gelukgewens. Vir laasgenoemde het hy die volgende boodskap gehad: "Deur jul stories in die media te lees en na die DVD-produksies van jul boerderye vanaand te kyk, het ek opgemerk dat elkeen van julle 'n groot stap vorentoe neem. Dit is lekker om al die entoesiasme en moeite wat julle in jul boerderybesighede insit, te sien. Hou aan om die saad te saai en mag julle die sukses daarvan oes."

Laastens het hy vir Graan SA bedank vir die positiewe beeld van landbou en produsente, wat só eg en só nodig is, wat hulle uitbou. "Dankie vir jul groot bydrae in die wye gebied waarop jul beweeg – van die voortreflike NAMPO Oesdag, jul landbou-ontwikkelingsprogram, wat ek dink ongelooflike resultate lewer, jul toekomsgeoriënteerdheid, skep van markte en onderhandelinge met die buiteland."

Gepas by die aard van die funksie en die saaiprodusente teenwoordig dié aand, het hy met 'n treffende vers uit 'n gedig van Jan FE Cilliers, wat in sy kantoor teen die muur pryk, afgesluit: "Saaier, saai! Dis Gods gebod, al verdroë vrug en blare, al verslaan hael die are. Saai die sade van gedagte, laat die oes aan nageslagte." ■





◄ 1: AC van Wyk en sy vrou, Lizelle.
▲ 2: Wat 'n eer en voorreg: Me Naledi Pandor (Minister van Wetenskap en Tegnologie) wens vir AC en Lizelle geluk met hul toekenning. Saam met hulle op die verhoog is Jaco Minnaar (voorsitter van Graan SA).
Foto's: Helenus Kruger




« **Gewasspesifieke** blaarvoedings gee jou **gewasse** daardie ekstra

# OEMFF® »

A16651/SAG

Spesifieke verhoudings van makro-, sekondêre en gecheleerde mikro-elemente in die OEMFF®-produkreeks kan lei tot:

- *beter wortelontwikkeling*
- *doeltreffender waterverbruik*
- *beter fotosintese*
- *verbeterde stresbestuur en*
- *verhoogde opbrengs en kwaliteit.*

Kynoch se gewasspesifieke **OEMFF®**-blaarvoedingsreeks vir **mielies, sojabone, sonneblom** en **koring** sorg vir spesifieke voedingstowwe wanneer dit die nodigste is.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | **www.kynoch.co.za**

Kynoch

**Mielie OEMFF®** K8702, **Sonneblom OEMFF®** K8701, **Soja OEMFF®** K8700, **Koring OEMFF® Vroeg** K8917, **Koring OEMFF® Vlagblaar** K8918.
Alle produkte is geregistreer ingevolge Wet 36 van 1947.

**Farmisco (Edms) Bpk.** h/a Kynoch Fertilizer
Reg. Nr. 2009/0092541/07

JOHN DEERE FINANCIAL
ABSA

Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar (250+-ton)

# Edwin wil help om hongersnood te voorkom

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* medewerker

Mnr Edwin Mahlatsi, 2017 Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar word deur die beoordelingspaneel, wat sy plaas vroeër vanjaar besoek het, opgesom as 'n baie kundige, toegewyde en deeglike man wat 'n passie vir landbou het.

Tydens 'n sosiale media-onderhoud na afloop van die oorhandigingsfunksie, het Mahlatsi gesê sy grootste droom is om mens en dier wat swaar kry en nie kos het nie, met kos te help.

Hy het grootgeword op die plaas, Swartlaagte, naby Bothaville in die Vrystaat en het ook later as voorman daar gewerk. In 2012 het sy werkgewer hom gehelp om 'n huurooreenkoms te kry deur die Proaktiewe Grondverkrygingstrategie (PLAS)-program. Sy werkgewer het verder vir hom toerusting beskikbaar gestel – met die verstandhouding dat Mahlatsi dit oor 'n aantal jare terug sou betaal. Sy werkgewer is ongelukkig in 2014 oorlede en die toerusting moes terug in die boedel gaan.

Met geen werk, toerusting of kapitaal nie, het hy besluit om die Graan SA-span te nader om hom met 'n plan, om die 210 ha vrugbare grond ten beste te benut, te help. "Graan SA was uiters behulpsaam deur aan my opleiding te gee. Hulle het my ook ondersteun om befondsing van die regering te verkry en om by te bly met die nuutste tegnologie in landbou, sodat ek beter as in die verlede kon presteer," het hy tydens 'n DVD-vertoning dié aand gesê.

Mahlatsi se mentor, mnr Christiaan Bouwer, het hom deur die moeilike 2015/2016-seisoen ondersteun – en ten spyte van die droogte kon hy steeds 250 ton mielies oes. Vanjaar spog hy met 'n uitstekende mielie-oes van 5,5 t/ha.

"Ek ken vir Christiaan sedert hy 'n klein seuntjie was; ek ken sy pa ook betreklik goed. Ons kom al 'n lang pad saam. Hy help my baie en doen alles met 'n vriendelike hart," het Mahlatsi op die DVD gesê.

Hy het ook 'n veevertakking (beeste en skape) wat 20% van sy besigheid beslaan, maar sy hooffokus bly die mielieboerdery. Met sy eie toerusting wat goed onderhou word, is hy in staat om tydig grondvoorbereiding, bespuiting en aanplantings te doen. Wanneer dit strooptyd is, maak hy gebruik van 'n kontrakteur.

Mnr Johan Kriel (ontwikkelingskoördineerder, Graan SA), wat die tolk was tydens Mahlatsi se bedankingstoespraak, vertel dat Christiaan hom meegedeel het dat die werk wat hy met Edwin gedoen het, sy lewe gered het. Dit het hom besig gehou en sy vertroue in God versterk. "Edwin en sy gesin is fenomenale mense; ek raak nogal emosioneel as ek oor hom praat," het Kriel uit sy eie ervaring bygevoeg. ■





▲ **1: Deel van Edwin Mahlatsi se wenprys is 'n splinternuwe John Deere trekker, wat hy by sy bestaande toerusting op die plaas kan voeg. Tydens die oorhandigingsfunksie het hy 'n simboliese John Deere trekkertrofee ontvang. Sy vrou, Othenia, deel in sy blydskap.**

◄ **2: Ramodisa Monaisa (visevoorsitter, Graan SA), Edwin en Othenia Mahlatsi, Christiaan Bouwer en sy vrou, Joan, Edwin en Othenia se dogter, Doreen en Derek Mathews (visevoorsitter, Graan SA). Doreen boer saam met haar pa.** Foto's: Helenus Kruger

Potential Commercial Farmer of the Year (100 ha, but producing less than 250 tons)

# Eager-to-learn Paul on the way to commercial farming

MONSANTO

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* contributor

The Grain SA/Monsanto Potential Commercial Farmer of the Year category is a new category in this year's competition, where farmers who have access to more than 100 ha of arable land, but despite currently not being able to use all the available land, are in a position to become 250 Ton New Era Commercial farmers.

Mr Paul Malindi (48) from the farm Dankbaar, near Edenville in the Free State, was the first farmer to take this brand-new category's winning title home.

Malindi planted 180 ha of maize and 140 ha sunflower this season on his 440 ha farm that he obtained through the Proactive Land Acquisition Strategy (PLAS) programme. He grew up on a farm in Heilbron, but moving into the modern-day farming world, opened his eyes to the world of farming.

Through Grain SA's training courses he learned more about advanced maize production and marketing, preparing him for the road to becoming a commercial farmer. 'Grain SA has trained us to keep up with new methods and technology; to do away with the old ways in order to move forward and succeed,' Malindi said during a DVD presentation that was screened during the awards ceremony.

Using the knowledge he obtained from training courses, his study group (that he was founding member of) and farmers days, he applies a hands-on approach on his farm. This practical leader also farms with livestock (cattle, meat merinos and goats). To make sure the increasing livestock have enough grazing, he now leases additional land for pasture.

'I want to plant more crops, such as soybeans and also increase my livestock, so that my farming business can grow,' he said. ■



**Paul Malindi and his wife, Joyce. Joyce makes sure the books and records of the business are up to date.** Photo: Helenus Kruger

Subsistence Farmer of the Year category (0 ha - 10 ha)

# Making the choice to bring change

ABSA JOHN DEERE FINANCIAL

**LOUISE KUNZ,** *SA Graan/Grain* contributor

Nelson Mandela said, 'A winner is a dreamer who never gives up.' After losing her mother, Ms Mavis Hlatshwayo (55), from Mpuluzi, Mpumalanga, was raised by her grandparents, who were farmers. This is where her dream to become a farmer was ignited.

With Grain SA's guidance, this mother and her team have introduced new farming methods and are now harvesting around 8 t/ha. In an interview, the 2017 Grain SA/Absa/John Deere Financial Subsistence Farmer of the Year, said, 'Grain SA has helped a lot as they have taught me how to farm.' Grain SA may have been the teacher, but Hlatshwayo was a willing student who is now reaping the rewards of the positive choice she made.

Currently the Hlatshwayos are planting 2 ha of maize, but she is planning to expand her venture and bring in dry beans as a rotation crop. She also dreams of owning more land and creating job opportunities for the unemployed in the community. 'I perceive these hectares I have planted as a very small portion of what I really want to do, as I wish to increase the number of hectares I am currently farming on.'

While working hard in her own farming enterprise, this remarkable woman still finds time to fulfil her duties as an upstanding representative of the community. She is a dedicated member of the Sizanani Society, an organisation for female members only. They support each other and give donations to community members who are living below the bread line. During a media visit she told them that since the Grain SA programme has started in their village, no-one in their village has gone to bed hungry. ■



**Mavis Hlatshwayo and her son, Zansi, who farms with his mother.** Photo: Helenus Kruger

syngenta®

Smallholder Farmer of the Year category (10 ha, but producing less than 250 tons)

# The future of farming is in his hands

**LOUISE KUNZ,** *SA Graan/Grain* contributor

The winner of the Grain SA/Syngenta Smallholder Farmer of the Year award, Mr Thembalihle Tobo, has gained a number of skills through his varied career which includes being a soldier in the military and a business man. He is also currently busy with his BA Degree in Criminology. Although variety makes his life more interesting, his passion for farming will keep him where his roots are – on the 25 ha of communal land, Ndunge, near Mbizana in the Eastern Cape.

After losing his wife in 2016, he focussed on his farming operation and training his young son, Aphiwe, about the ins and outs of maize production. Thanks to a healthy rainy season, his 15 ha of maize brought in a harvest of more than 5 t/ha. The white maize is sold directly to a miller in Mbizana, while the yellow maize is sold in Kokstad – apart from the 20% which is kept for his cattle and sheep. With the assistance of his sister, Nomhle, his soymilk value-adding operation is steadily growing. Tobo is a firm believer in the health benefits of soybeans.

This chairperson of the Ndunge Study Group became an active member of Grain SA in 2006. He organises meetings and conducts farmers days in his area as he is keen to share his knowledge with developing farmers. He is focussed on soil health for long-term growth and believes that with agricultural activities in the area, the prevailing poverty could be improved considerably. 'If Ndunge and Bizana farmers work together, they could become the feeders of the nation,' he mentioned in an interview.

As he is passionate about the future of farming, he works side-by-side with the Grain SA team, overseeing and maintaining trials for a range of maize and soybean seed varieties being done in the area. ■




**Thembalihle Tobo receiving his winning certificate at the Day of Celebration on 5 October this year. He could not attend the Awards Ceremony on 13 October, due to cultural commitments.**

# Barnard vat voor en help produsente in nood

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* medewerker

Nie net is mnr Janes Barnard van Vlakplaas Boerdery in die Hoopstad-omgewing as Graanprodusent van die Jaar 2011 aangewys nie, maar hy is ook 'n leier en inspirasie vir ons land se produsente en die gemeenskap in moeilike tye. Hiervoor het hy vanjaar die Graan SA Inspirasietoekenning ontvang.

Met die droogte vroeër vanjaar het Barnard besluit om die produsente in die Noord-Kaap (Boesmanland en Namakwaland) te help deur mielies vir hul diere te bekom. Barnard het sy medeprodusente en boereverenigings gevra om saam met hom hande te vat en dié produsente, wat onder die erge droogte gebuk gaan, te help met mielies en voer. Graan SA het voorts landboumaatskappye gevra om rekeninge oop te maak waarin produsente skenkings kon maak.




**Janes Barnard en sy vrou, Tania.**
Foto: Helenus Kruger

"Toe ek my oë uitvee, toe sit ek met 1 000 ton plus-mielies en binne 'n kwessie van 'n week het ek R1 miljoen se skenkings in die vorm van vervoer ontvang om die mielies na dié gebied te vervoer," het hy in sy bedankingstoespraak gesê.

Hy sê hy was maar net die instrument wat God gebruik het om dié produsente te help. "Dit is God wat almal se harte oopgemaak het om skenkings aan dié produsente te maak."

Barnard het 'n ander persepsie van die gesegde: "Gee met een hand en jy sal met twee hande terug ontvang". "Jy het nie nodig om eers te gee om terug te ontvang nie. Elkeen wat vanaand hier sit is reeds met 'dubbelhande' geseën. Twee jaar terug was ons in dieselfde situasie, waar as gevolg van die droogte ons nie 'n mieliepit kon plant nie. Vanjaar is ons geseënd met die grootste oes in die geskiedenis van hierdie land en ek voel dit is nou ons beurt om terug te gee. Dit wat ons het, is net genade van Bo."

Hy het 'n beroep op elkeen die aand teenwoordig gedoen om terug te gaan na hul distrikte en boereverenigings en te vra vir nóg mielies en skenkings. "As elkeen van ons net 'n klein bietjie gee, kan ons die produsente deur hierdie krisis help. Daar is steeds 'n groot behoefte aan mielies en voer in dié gebied," het hy gesê. ■

# Graanbedryf vier saam fees

RUTH SCHULTZ, *SA Graan/Grain* medewerker



1: Koos van der Ryst (voorsitter, Rooivleis Produsente Organisasie) en Hanna.



2: Jozua du Plessis (2016 Graanprodusent van die Jaar) en sy vrou, Sonja.



3: Frans Mokoena (2016 Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar) en Patrick Kubyana (John Deere).








4: Linda van der Merwe (Syngenta) en Stefan.

5: Joyce Malindi en Paul (2017 Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar) saam met Nomasonto en Paulos Mosia van die Vrystaat, wat hulle na die funksie vergesel het.

6: Jan Boshoff (2017 Graanprodusent van die Jaar finalis), vierde van links, en sy vrou, Retha, saam met hul dogter, Ester Hertzog, tweede van links, en haar man, Barry. Langs Jan staan sy seun, Chris, en Melanie Duminy.



7: Willie Marais (Graan SA-hoofbestuurslid) en Corlia.



8: Ramodisa Monaisa (vise-voorsitter, Graan SA) saam met Ramoso Pholo (Graan SA-hoofbestuurslid) en Ramoso se vrou, Betty.

# Graanbedryf vier saam fees










▲ 9: Hampie Lourens en Mandy, albei van SA Bulk Terminals (SABT).
◥ 10: Dirk van Eeden (InteliGro) en Essie saam met Kevin Robertson (Bester Voer en Graan) en Marlese.
◥ 11: Schalk Pienaar (voorsitter: Agbiz) en Dailena saam met Neels Ferreira en Louise de Villiers.










▲ 12: Annemarie en Johan de Lange (Kaap Agri) saam met Karen en Ryk Pretorius (Graan SA-hoofbestuurslid).
◥ 13: Dr Erik Adriaanse (Sasol Nitro) en Jeanne geniet 'n welkomdrankie voor die aanvang van die funksie saam met dr Pieter Haumann (HUB, Misstofvereniging van Suid-Afrika) en Amari.
◥ 14: Leon du Plessis (administrateur, Mielietrust) en Louise saam met Allan Bishop (voorsitter, Koringforum) en Frieda.







































▲ **15: Jaco Beyers (John Deere) en Monja saam met Cobus Wells (hoof, Absa AgriBesigheid Afrika) en Mari.**

◥ **16: Gerhard Keun (HUB, Olie en Proteïensade Ontwikkelingstrust en Oliesade Advieskomitee) en Joan.**

◥ **17: Naledi Pandor (Minister van Wetenskap en Tegnologie) en Sharis Pandor, saam met Dan Kriek (nuwe Agri SA president) en Jannie de Villiers.**

▲ **18: Israel Mothlabane (Graan SA-hoofbestuurslid) en Jerry Mthombothi (ontwikkelingskoördineerder) en Siphiwe.**

◥ **19: Jozeph du Plessis (Graan SA-hoofbestuurslid) en Susna kuier saam met Japie Grobler (oudvoorsitter, NAMPO) en Malie om die tafel.**

◥ **20: Molefe Boikhutso (Lenaneo Agri), Bongeka Mdleleni, Kelefetswe Seleka (albei van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) en Dimakatso Nyambose (Graan SA).**

▲ **21: Derek Mathews (visevoorsitter, Graan SA) en Karin.**

◥ **22: Omri van Zyl (uitvoerende direkteur, Agri SA), Tony Esmeraldo (DuPont Pioneer) en sy vrou, Nadine.**

◥ **23: Dr Langelihle Simela (Absa) en Preline Swart (Graan SA-hoofbestuurslid).**

▲ **24: Richard Krige (Graan SA-hoofbestuurslid), regs, aan tafel saam met Kobus Steenekamp (besturende direkteur, Monsanto) en Pamela.**

◥ **25: Wiana Louw (algemene bestuurder, Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium) en Wynand.**

◥ **26: John Purchase (HUB, Agbiz) en Este.**

# Graanbedryf vier saam fees













- 27: Albert Swart (uitvoerende bestuurder: Landbou-afdeling, Transnet) en Charmaine.
- 28: Francois Swanepoel (uitvoerende hoof, VKB Landbou) en Marlene.
- 29: Flip Botha (Pannar) en Ronél.
- 30: Francois Smit (SA Kalk en Gips) en Hendrik Hëyl (besturende direkteur, SA Kalk en Gips).
- 31: Nomtha Muofhe en Mmboneni Muofhe (Departement van Wetenskap en Tegnologie).
- 32: Tom Mabesa (HUB, CropLife SA) en Prudence.




Baie geluk aan toppresteerders!

MONSANTO WENS GRAAG DIE VOLGENDE PERSONE GELUK MET HUL UITSONDERLIKE PRESTASIES:

2017 Graanprodusent van die Jaar
AC van Wyk (Bultfontein)

Bestaansboer van die Jaar
Mavis Nomvula Hlatshwayo (Hereford)

Kleinskaalboer van die Jaar
Thembalihle Hopewell Tobo (Bizana)

Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar
Paul Mvelekweni Malindi (Edenville)

Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar
Edwin Thulo Mahlatsi (Bothaville)

Julle is almal voorwaar waardige wenners en Monsanto hoop om nog lank te deel in jul landbouprestasies!



MONSANTO

Tel: 011 790-8200 | customercare.sa@monsanto.com

Monsanto is 'n geregistreerde handelsnaam van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

uppe marketing A17094/SAG
















- 33: Schalk Burger (Nasionale Landboubemarkingsraad) en Marilize.
- 34: Bright Breytenbach (BASF) en Elsabé.
- 35: Mooketsa Ramasodi (waarnemende direkteur-generaal, Departement Landbou, Bosbou en Visserye) en Ndaba Ntsele (voorsitter, Pamodzi).
- 36: Jaco Minnaar (voorsitter, Graan SA) en Nicolene.
- 37: Jonathan Mudzunga (Registrateur: Wet 36 van 1947) en Andries Theron (voormalige visevoorsitter, Graan SA) saam met Boikanyo Mokgatle (uitvoerende direkteur, Nasionale Meulenaarskamer) en sy vrou, Duduzile. ■




**KynoPlus®** – behandel met **AGROTAIN®** – is geformuleer om vervlugtigingsverliese kenmerkend van ureum, te beperk, asook om potensiële logingsverliese te verminder. Hierdie "**N-hanced-N®**"-doeltreffende stikstofkunsmis stel jou dus in staat om stikstof toe te dien sonder dat dit 'n bykomende risiko vir die omgewing inhou. Met die gebruik van **KynoPlus®** verbeter jy die doeltreffendheid van stikstof, wat verhoogde gewasgehalte, opbrengs en wins tot gevolg kan hê.

**KynoPlus®** is ook beskikbaar in 'n volledige reeks **NPKS**-mengsels.

**Die krag van blou sit die groen terug in jou gewasse.**

**Kynoch**

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | info@kynoch.co.za
**www.kynoch.co.za**

## wenke vir

# effektiewe beheer en weerstandsbestuur:

- Monitor met feromoonlokvalle om vroeë motvlugte, vroeë infestasies en grootte van moontlike infestasies vas te stel
- Verken elke 2-3 dae alle aanplantings
- Beplan toediening van produkte, en neem ander plae in ag
- Spuit streng voorkomend
- Wissel chemiese groepe met verskillende manier van werking af
- Gebruik diamied insekdoders (chlorantraniliprool en flubendiamied) baie versigtig; die groep leen hom tot vinnige ontwikkeling van weerstand
- Volg altyd die etiket se aanwysings, en moenie toedieningsintervalle verkort of die dosis verhoog nie
- Om goeie beheer te verseker, teiken jong klein larwes voordat hulle dieper as die doulyn in die mieliekelk in beweeg

## beheer van kommandowurms op mielies:

Ampligo®

**1 AMPLIGO (chlorantraniliprool en lambda-sihalotrien)**

- Vinnige uitklopaksie: stop voeding onmiddellik met geen verdere gewasskade
- Lang nawerking verseker effektiewe beheer met minder toedienings
- Beheer alle lewenstadia – eiers, larwes en motte

Proclaim®

**2 PROCLAIM (Emamektien bensoaat)**

- Werking grootliks deur inname van aktiewe bestanddeel
- Deurdring blaarweefsel met translaminêre beweging om reservoir te vorm
- Voeding staak kort na inname

Sorba®

**3 SORBA (Lufenuron)**

- Insekgroei-inhiberende meganisme van werking meng in met vervellingsproses
- Hoogs effektief teen blaarvretende larwes en het eierdodende eienskappe
- Effektief teen plae wat weerstandbiedend is teen organofosfate, karbamate en piretroïede

SmartFarm Inspired

syngenta®

LEES DIE ETIKET VAN ELKE PRODUK VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.
AMPLIGO® bevat chloorantraniliprool en lambda-sihalotrien (Reg. Nr. L8685, Wet Nr 36 1947) SKADELIK.
PROCLAIM® bevat emamektien bensoaat (Reg. No. L7581, Wet No. 36 1947) SKADELIK.
SORBA® bevat lufenuron (bensamied) (Reg. No. L5343, Wet No. 36 1947) SKADELIK.
Syngenta Suid Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541 4000. www.syngenta.co.za
Alle gelyste produkte is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Group Maatskappy.

@SyngentaSA

TM



16623 IDEA ENGINEE®S

# Syngenta Grain Academy

## Leierskap in Landbou

## REGISTREER VANDAG!

**AANSOEKE IS OOP VIR PRODUSENTE VAN ALLE GEWASSE!**
**MOENIE HIERDIE LEWENSVERANDERENDE GELEENTHEID MISLOOP NIE!**

**Die Grain Academy rus jong produsente toe om 'n aktiewe, innoverende en inklusiewe rol te speel in die bepaling van Suid-Afrika se landbou toekoms.**

## DIE PROGRAM FOKUS

Die program fokus op:

- **Persoonlike leierskap, of hoe om jouself te lei**
- **Hoe om een ander persoon te lei, of een-op-eenleierskap**
- **Hoe om 'n span of 'n groep te lei**
- **Hoe om 'n volgeling te wees in 'n span wat onder iemand anders se leiding staan**

**Vir meer inligting en om te registreer vir hierdie uitsonderlike geleentheid, besoek die Grain Academy webblad: www.grainacademy.co.za**
**Inskrywings sluit op 15 Januarie 2018.**

Die Syngenta Grain Academy word aangebied in samewerking met Graan SA en die Besigheidskool van die Universiteit van die Vrystaat. Hierdie program is geakkrediteer op NKO Vlak 7 en word in 2018 in die Wes-Kaap aangebied.

GrainAcademy    www.grainacademy.co.za

SmartFarm Inspired

GrainAcademy
Challenge | Conversation | Change | Courage

syngenta®

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfweghuis, 1685
Tel. (011) 541 4000 Faks (011) 541 4072
www.syngenta.co.za

@SyngentaSA

# 'n Man wat tred hou met die tyd

***SA GRAAN/GRAIN* REDAKSIE**

Mnr Jozua du Plessis, die Graan SA/Syngenta 2016 Graanprodusent van die Jaar, het onlangs teruggekeer van 'n sewe dae besoek aan Switserland. Hierdie reis, wat 'n besoek aan Syngenta se hoofkantoor in Basel en navorsingstasie in Stein ingesluit het, was deel van Du Plessis se Syngenta geborgde prys.

Du Plessis boer al sedert 1981 – toe hy op huurgrond by Delmas begin het – en is 'n lojale Syngenta kliënt van vele jare, maar die ervaring in Stein het vir hom nuwe insig gebring.

Op 'n begeleide toer deur die fasiliteit het hy en sy vrou, Sonja, gesien hoe honderde wetenskaplikes plaagdoders formuleer en vermeerder, 24 uur per dag, sewe dae per week. Swamme, insekte en onkruid van oor die hele wêreld word in Stein geteel om in proewe gebruik te word. Die proewe word in klimaatbeheerde laboratoriums onder normale toestande en situasies wat klimaatsuiterstes naboots, uitgevoer.

"Ons was geweldig beïndruk," sê Du Plessis. "Hoewel ek al jare lank Syngenta produkte gebruik, het ek nie besef hoe gekompliseerd dit is om 'n nuwe produk te ontwikkel nie – dit kan tot tien jaar neem voor die produsent dit op sy plaas kan gebruik. As 'n mens sien hoeveel werk daarin gaan om 'n produk op die mark te bring, verstaan jy waarom dit nie goedkoop is nie. Die vertroue wat ek nog altyd in Syngenta se produkte gehad het, het heelwat toegeneem nadat ek gesien het hoeveel navorsing daar gedoen word en die toewyding waarmee dit gedoen word."

Die waarde wat hy uit die besoek geput het, is tekenend van sy filosofie dat 'n mens nooit te oud is om iets nuuts te leer nie en dat daar geen vervelige oomblik in boerdery is nie. "Elke seisoen is anders en nuwe hulpmiddels in die vorm van tegnologie kom gereeld op die mark," sê hy. "Die uitdaging is om by te hou en dit gee my genoeg rede om in die oggend op te staan."

Sy groot en gediversifiseerde boerdery vereis beslis 'n moderne aanslag. Hy boer intensief op 3 000 ha. 'n Derde van die saailande is onder spilpuntbesproeiing en daar word mielies, koring, sojabone en aartappels geplant. Op die droë lande plant hy mielies, sojabone en droëbone.

40 werknemers is permanent in diens en soveel soos 300 mense doen seisoenwerk op die plaas. Hulle twee oudste seuns – Jozua en Chandré – is betrokke is by die boerdery, terwyl Ruan, die jongste, sy eie besigheid het.

"Ek glo daaraan dat ons ou produsente die leisels aan die jonger geslag moet oorgee," sê Du Plessis. "Deel jou jare se ondervinding en kennis met hulle sodat die boerdery kan voortgaan en laat hulle toe om jou te verbaas en die boerdery te vernuwe met hul vars denkwyses."

Só 'n vernuwende aanslag vind aanklank by Syngenta se SmartFarm-strategie. Du Plessis sien homself alreeds as 'n "slim produsent", aangesien daar op sy grond slim te werk gegaan word om opbrengste te verhoog en produktiwiteit te verbeter ten einde beter winste oor die lang termyn te realiseer. "Dit is ook so dat elke ding wat jy 'n bietjie beter kan doen, aan die einde van die dag 'n groot verskil sal maak," sê hy.

Die titel van "Graanprodusent van die Jaar" dra hy met trots en nederigheid. Hy het dit alreeds as 'n eer beskou om deur die graanprodusente in sy streek genomineer te word. Om te wen was "die kersie op die koek."

Sonder om te weet wat die ander finaliste se boerderye behels, skryf Du Plessis sy eerste plek toe aan die feit dat diversifikasie en goeie bestuur die boerdery deur droogtes en in tye van lae pryse winsgewend gehou het. "Maar soos ek die aand van die funksie gesê het: Met al die siftingsprosesse en moeilike tye wat ons al beleef het, is elke produsent in die land wat nog staande bly, reeds 'n wenner."

Ver van pessimisties, glo hy dat die uitdagings wat hierdie onstabiele tye meebring, ook goeie geleenthede inhou. "My boodskap aan jong produsente is dat hulle op die regte tyd op die regte plek is. Die gemiddelde ouderdom van produsente wêreldwyd is baie hoog. Ons het jong produsente nodig om aan te gaan. Solank as wat mense moet eet, moet daar voedsel verbou word." ■

1


2


▲ 1: Graanprodusent Jozua du Plessis en sy vrou, Sonja, saam met vriende van hulle, Hanneke en Thinus van Dyk, op hul besoek aan Syngenta se navorsingsentrum in Stein, Switserland.

◀ 2: Jozua du Plessis (sr) saam met sy oudste seun, Jozua, middelste seun Chandré en die plaasbestuurder, André Meyer.

# *Fokus op buitelewe en reis*

## bl 27 tot bl 35

***SA Graan/Grain*** **gee erkenning aan die volgende adverteerders en instansies vir hul deelname aan die fokus op buitelewe en reis:**

- Hi-Tec Sports
- N1 4x4
- Noordwes-Universiteit
- Safari 4x4
- Stefan Boshoff en Dirk Strydom, avontuurfietsryers ■





# THE PROFIT CENTER




Farming is never easy. It's even tougher when the market's more bust than boom. Skip the line at the elevator and plan for profit with a complete grain system from GSI.

**VISIT GSIAFRICA.CO.ZA**

**STORAGE**
**+ CONDITIONING**
**+ MATERIAL HANDLING**
**+ STRUCTURES**

TURN YOUR OPERATION INTO PROFIT CENTER

GSI®

124 Ridge Road, Laser Park,
Honeydew, Ext 15, Gauteng
P O Box 4012, Honeydew, 2040,
South Africa
Phone: +27 (011) 794 4455
Fax: +27 (011) 794 4515
Email: sales@gsiafrica.co.za
Website: www.gsiafrica.co.za

# Wa'sie koepel?

**PROF ATTIE GERBER,** dosent: Dokumentêre video, Noordwes-Universiteit

"Wa'sie *dome*?" vra 'n man in 'n moulose, gebleikte pers frokkie. Hy hang by die venster van sy klein Chinese motortjie uit.

Ek laat sak my kamera en kyk na die granietheuwel skuins voor ons. Voor ek kan antwoord, skree een van die meisies op die agterste sitplek: "Wat's 'n *dome*, *Dad*?"

Die kinders is om en by tien jaar oud en hulle is net soos die pa aangetrek. Net die kleure van die frokkies verskil, die een is blou en die ander een pienk.

"Dis 'n *dome*." Die pa draai om, maak 'n boog met sy hande.

"Soos die *dome* in Jo'burg waar ons daai *bike show* gaan kyk het," sê die seun.

Die trotse pa kyk na die heuwel en toe na my. Ek skud my kop. Nee. Ek oorweeg 'n kort opvoedkundige lessie, maar volstaan met "Die koepel is orals, van hier tot die heuwels doer." Ek wys na die koppies noord van ons.

"Ok, maar wa'sie gat?" Die teleurstelling is duidelik op sy gesig.

"Daar is ook nie 'n gat nie," antwoord ek. "Na miljoene jare se wind en weer is daar ook nie meer 'n krater nie."

"Nou hoekom maak hulle dan so 'n *fuss* van die plek?" wil die man weet. Hy trek weg en skop klippe op soos die karretjie oor die sinkplaatpad bokspring.

## Die leek se koepel

Daar is verskeie koepels. Eerstens is daar die leek se koepel. Dit is die granietheuwel net buite Vredefort op pad Parys toe. In die ou dae het daar blykbaar buite Vredefort 'n bordjie gestaan: *Vredefort se Koepel*. Kyk uit vir die spreekwoordelike groot wit olifant heelbo, 'n mislukte inligtingsentrum van die Vrystaatse regering wat miljoene gekos het en nou onveilig verklaar is. Eina!

## Die sigbare koepel

Die tweede koepel verwys na die gebied wat al hoe meer toeriste trek. Dit is die koppies, klowe en valleie waardeur die Vaalrivier kronkel. Aan weerskante lê die Noordwes Provinsie en die Vrystaat.

'n Mens kan dit ook die sigbare koepel noem – daardie heuwels as 'n mens tussen Parys en Vredefort op die R59 ry, of tussen Parys en Potchefstroom op die R53. In die hartjie van hierdie koepel lê Venterskroon en naamborde soos Leeuwfontein, Tygerfontein, Schoemansdrif en Kopjeskraal sal knaend opduik.

In hierdie koepel is daar verskeie oorde wat wissel van baie basies (veld- en hengelkampe) tot uiters luuks. Sommige trek besoekers met die belofte van groot visse – veral vlieghengelaars. Ander wentel om witwatervaarte en bergklim, terwyl die stigting van private wildreservate aan die toeneem is. In hierdie koepel is iets vir almal.

Die sigbare koepel is minder as 50 000 ha groot (vergelyk dit met die 2 miljoen ha van die Krugerwildtuin) en dit kom min of meer ooreen met die gebied wat deur Unesco in 2005 tot 'n wêrelderfenisgebied verklaar is.

## Die wetenskaplike koepel

Die derde koepel is die wetenskaplike een. Hom sien jy nie eens uit 'n vliegtuig nie en om 'n satellietfoto vanaf bykans 40 000 km bo die aarde reg te vertolk, is gespesialiseerde kennis nodig. Hierdie koepel dek die hele invloedsfeer of voetspoor van die meteoriet, met ander woorde 'n straal van net onder 200 km om Vredefort.

Die wetenskaplike koepel strek dus verby Johannesburg in die noorde en Kroonstad in die suide. Die deursnee van die gebied is min of meer 380 km.

Al hoe meer besoekers stel belang in die geologiese uniekheid van die area en die rede waarom dit tot wêrelderfenisgebied verklaar is. Die meeste van hulle het slegs 'n basiese kennis van geologie. Daar is nietemin hulp beskikbaar.






1: Een van die mooiste uitsigte in die koepel. Bo vanaf Steenkampsberg kan die opgedrukte en omgekeerde rotslae duidelik gesien word.
2: Venterskroon. Die mynkommissaris se kantoor is in 1889 voltooi.













3: 'n Uitgediende granietmyn by Kopjeskraal met die pseudotagiliet.
4: 'n Ou goudmyntonnel naby Venterskroon met konglomeraat in die rotswande.
5: Skokkegels in 'n rotswand naby Schoemansdrift.
6: Die Vaalrivier trek jaarliks duisende eko-sportlui na die koepel.
7: Stroomversnellings in die Vaalrivier lok baie vlieghengelaars.
8: *Bonatea polypodantha* – een van die sogenaamde *Hairy Fairies* – 'n baie skaars orgidee wat baie gelokaliseer in die koepel voorkom.

## Geologiese speurwerk

Myns insiens word die koepel die meeste geniet as jy na tipiese meteorietbewyse soek. My boek V*redefort Dome – A stone from heaven* is juis met hierdie doel in drie tale geskryf – Engels, Afrikaans en Frans. Ek het ook 'n inligtingsvideo in vyf tale gemaak wat by die inligtingsentrum op Venterskroon gesien kan word.

In die sentrale deel van die koepel in die koppe bo Thwane Boskamp is 'n pragtige uitsig oor rotslae, wat deur die impak van die meteoriet opgedruk en selfs omgekeer is. Hier ervaar jy een van die mooiste panoramas in die koepel.

Die mooiste geologiese muurpapier sien 'n mens by 'n uitgediende granietmyn naby Kopjeskraal nie ver van Stonehenge in Afrika nie. Die swart dele word pseudotagiliet genoem. Die skok van die meteoriet het die rotse verpoeier, waarna dit met die gesmelte rots gemeng het. Dit het in die krake gevloei en in 'n swart vorm gestol.

Met 'n besoek aan uitgediende goudmyntonnels (byvoorbeeld Thabela Thabeng) sien 'n mens baie mooi voorbeelde van konglomeraat (ronde klippe wat die teenwoordigheid van goud verklap). Die impak van die meteoriet het die verskillende geologiese lae omgekeer en graniet en goud van onder af boontoe gebring.

Oral in die koepel op staptogte sien 'n mens skokkegels. Dit is klippe wat so hard deur die meteoriet getref is dat dit in kegels versplinter het.

## Beplan jou besoek

Dit is lekker om deur die koepel te ry, al is die grondpaaie soms sleg, maar die beste manier om die meeste in die kortste tyd te ervaar, is om 'n toergids te gebruik. Inligtingsentra op Parys, Venterskroon en Potchefstroom sal hul besonderhede verskaf. Die meeste toergidse ken die geologie van die koepel baie goed.

Ek en my studente se video's oor die koepel is op *YouTube* beskikbaar. Tik *atgerber1* op *YouTube* in en kyk onder meer na video's oor die geologie, geskiedenis, biodiversiteit en ekotoerisme oor hierdie wonderlike plek. Met sulke voorafkennis gaan 'n besoek aan die koepel soveel meer werd – en genotvol! – wees. ■


FERTASA
Fertilizer Association of Southern Africa

**Fertasa stempel** van goedkeuring – gesertifiseerde geloofwaardigheid

**Fertasa – beskerm die volhoubare gebruik van kunsmis.**

**Fertasa** en sy lede is verbind tot die bevordering van volhoubare grondvrugbaarheid en verbeterde plantvoeding.

A14602

Code of Conduct
FERTILIZER ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA
Compliant Certified

**Fertasa**-lede is verbind tot:
- 'n Gedragskode.
- Standaarde deur 'n onafhanklike nakomingsbestuursliggaam geouditeer.
- Gehalte produkte.
- Toepaslike wetenskaplik-gebaseerde aanbevelings.
- Voortgesette onderrig en verbetering.
- Die nakoming van wetlike vereistes.

**The Fertilizer Association of Southern Africa NPC**
Reg. Nr. 1971/000012/08 • VAT Reg. Nr. 4830104164
Tel: +27 (0)12 349 1450, Faks: +27 (0)12 349 1463
E-pos: general@fertasa.co.za
Webtuiste: www.fertasa.co.za



# 4x4's...Moets en moenies

**NELUS BANTJES,** Safari 4x4

Wanneer jy 'n 4x4-voertuig koop, of selfs net 'n 2x4-bakkie of nutsvoertuig (SUV) waarmee jy nie net beoog om te pendel nie, maar ook so bietjie in ons land te gaan rondry of oor die grense heen te gaan verken, is daar 'n paar dinge wat jy in gedagte moet hou.

Die verskeidenheid van voertuie en toebehore vir dié doel is so groot dat dit 'n mens eintlik verwar en meer besluiteloos laat as voordat jy daaraan begin dink het. Daarom is daar 'n paar aspekte wat vooraf oorweeg moet word om die besluit te vergemaklik sou jy 'n nutsvoertuig wou aanskaf – en dan ook wanneer jy dit wil toerus.

Die eerste aspek is natuurlik wát jy wil of kan bekostig, want dit plaas jou in 'n bepaalde mark. Die volgende vraag is: Wil jy 'n bakkie of 'n SUV (stasiewa)-konsep hê?

## Bakkie

- Ry gewoonlik bietjie harder;
- is beperk tot hoogstens vyf passasiers;
- is verseker 'n goeie dubbeldoelvoertuig;
- jy moet al jou bagasie agterop pak en daarom sal jy moet voorsiening maak om dit toe en veilig te hou;
- die moontlikheid van addisionele toebehore is legio; en
- op 'n enkelkajuit of ekstra kajuit kan jy BTW terugeis indien jy die voertuig in 'n besigheid van watter aard ook al aankoop.

## SUV

- Ry gewoonlik heelwat lekkerder en is meer soos 'n motor;
- die meeste kan vyf tot sewe passasiers akkommodeer;
- al jou bagasie kan binne-in die voertuig gebêre word en die kanse van 'n irriterende geratel van goedere is groot; en
- jou pakspasie is ook uiters beperk en jy kan geen ekstra brandstof binne so 'n voertuig vervoer nie.

Indien jy die besluit oor watter tipe voertuig jy verkies geneem het, is daar dan natuurlik die keuse van petrol of diesel.

Hier is my opinie: Dieselvoertuie is verseker ligter op brandstof, maar het beslis hoër onderhoudskoste. Indien jy 'n voertuig met 'n motorplan koop en jy gaan dit weer verkoop wanneer die motorplan verby is, is dit geen probleem nie.

Hedendaagse petrolvoertuie is besonder betroubaar en indien jy 'n voertuig tweedehands koop of buite sy motorplan wil ry, is 'n petrolmodel 'n goeie besluit, want die diensonderhoud is laer en waarskynlik is die enjin se lewe ook langer.



Bereken wat die voertuig jou per kilometer aan brandstof en onderhoud gaan kos, asook die aankoopprys. In heelwat gevalle is die petrolmodelle oor die lang termyn (1 500 000 km plus) goedkoper.

## Toebehore

Toebehore word bepaal deur wat presies jy met jou voertuig wil aanpak. Ek het dit goed gedink om die algemene basiese toerusting te lys en dan daaroor uit te brei – natuurlik in geen spesifieke volgorde nie.

### *Yskas*

'n Yskas is 'n gemaklike stuk toerusting en jy kan te alle tye – veral as jy hoër op in Afrika gaan ry en dit warm is – iets kouds nuttig en natuurlik jou kosvoorraad stoor. My motto is dat indien jy nie 'n behoorlike, welbekende tyddeurstaande kompressoryskas kan bekostig nie, moet nie 'n goedkoop handelsmerk-yskas koop nie; leen eerder die buurman s'n of werk met 'n koelboks.

### *Dubbelbatterystelsel*

Só 'n stelsel beteken 'n ekstra battery wat gelaai word wanneer jou voertuig se enjin loop. Wanneer die enjin af is, is die battery heeltemal onafhanklik van die voertuig se hoofbattery, daarom kan jy alle bykomende toebehore wat krag verbruik aan die battery koppel sonder dat dit jou hoofbattery beïnvloed. Met enige yskas is dit hoogs aan te beveel.

### *Omsetter* (inverter)

Dit is 'n toestel wat 12 V omskakel na 220 V. Hierdie toestelle – afhangende van die grootte wat jy benodig – is nogal swaar op 'n battery. Indien jy kameras of 'n skootrekenaar het wat jy moet laai wat nie 12 V kan akkommodeer nie, is dit baie nuttig. 'n Groot aantal mense wil groot omsetters insit om haardroërs te gebruik. Ja, jy kan, maar die groter toestelle is baie duur en jy kan dit nie sonder 'n dubbelbattery gebruik nie. Daar is wel 12 V-haardroërs op die mark, maar hulle is ongelukkig nie so effektief soos dié van 220 V nie.

### *Dakrak*

'n Dakrak is slegs nodig indien jy stoorruimte benodig. Bagasie, tent, gasbottels, ekstra brandstof, ekstra water asook 'n ekstra spaarwiel, kan gemaklik op 'n dakrak gestoor word. 'n Dakrak het egter 'n impak op jou brandstofverbruik. Dit kan ook 'n sekere mate van windgeraas veroorsaak. Heelwat mense monteer 'n dakrak om 'n daktent te huisves. Indien dit ál is wat jy wil inpas, is 'n ligte draraam betreklik goedkoper vir dié doel.

### *Daktente*

Wat is die hoofdoel van 'n daktent? Dit is 'n tent wat bo-op die dak van 'n voertuig gemonteer word en wat bitter vinnig en maklik oop- en toegemaak kan word om met min moeite te oornag en die volgende dag weer verder te ry. Aangesien hierdie tipe tente vas aan die voertuig is, kan dit nogal 'n frustrasie wees as jy langer as 'n dag wil staan en jy met die voertuig wil ry, want dit sal dan beteken dat jy die tent moet toemaak.

Daar is natuurlik deesdae elektriese daktente wat met die druk van 'n knoppie oop- en toemaak – wat hierdie aksie uiters vinnig en maklik maak.

### *Ekstra brandstoftenk*

Nie alle voertuie kan 'n ekstra ingeboude brandstoftenk akkommodeer nie. Indien wel, is dit volgens my 'n uiters gemaklike en uitstekende ekstra gerief – en wel om die volgende redes: Dit is baie gemaklik, dit word uiters suksesvol gedoen en as jy in Afrika wil rondry, kan jy nie genoeg brandstof dra nie. Nie alle voertuie het spasie vir só 'n tenk nie, maar indien dit wel het, maak seker dat jy by 'n betroubare instansie, wat vleklose staal drukgetoetste tenks verkoop, aanklop.

### *Watertenk*

Water is seker die grooste oorsaak van 'n ongestelde maag – wat natuurlik des te meer ongemaklik is as jy op reis is. Dit gaan nie bloot oor water wat nie op standaard is nie, maar oor water waaraan jou maag nie gewoond is nie. Daarom is dit vir my noodsaaklik om die water wat ek daagliks drink, saam te ry. Indien die water binne-in die voertuig is, bly dit lekker koel. Jy kan natuurlik ook gebottelde water koop as jou roete naby winkels verbyloop. Plastiese watertenks van 25 liter tot 60 liter en verskeie vorms is beskikbaar en kan met gemak gemonteer word.

### *Kappie* (canopy)

My persoonlike opinie is dat dit iets is waarsonder jy nie kan klaarkom nie – indien jy wil toer of kamp en jy 'n bakkie ry. Daar is verskillende tipes kappies op die mark, naamlik die tradisionele veselglas-, vlekvryestaal- en aluminiumkappies.

Die hedendaagse voertuie het so mooi geword dat dit belangrik is om 'n mooi bypassende kappie te monteer en daarom het die vlekvryestaal- en aluminiumkappies so populêr geword. Hierdie kappies is ook meer veelsydig en kan gemaklik dakrakke of daktente akkommodeer. Maak egter seker dat dit deure aan weerskante het, wat dit betreklik gemakliker maak.

### *Bosbreker* (bullbar)

Nou hier kom die vraag wat jy jouself moet afvra: "Waarom?" Jou antwoord kan tweeledig wees, naamlik kosmeties of prakties. Indien kosmeties, kies jy die mooiste bosbreker wat by jou smaak en sak pas, kyk of dit lugsakvriendelik is en laat dit installeer.

Indien prakties, sal die redes wees om jou voertuig te beskerm, om 'n wen-as (*winch*) te monteer, of jy wil graag die aanvalshoek van die voertuig verbeter of kolligte (*spotlights*) monteer. Dan moet jy die bosbreker wat in jou behoeftes voldoen, oorweeg.


Maak altyd seker dat die bosbreker lugsakgetoets en gesertifiseer is. Indien nie en jy wil só 'n tipe bosbreker laat monteer, moet jy bewus wees daarvan. Daar is dan ook die kleiner vorm van bosbreker, wat sommer 'n *nudge bar* genoem word. 'n Groot aantal voertuie kom daarmee uit.

In my oë het dit baie min voordele – behalwe om kolligte te monteer of kosmeties van aard te wees. Gewoonlik is hierdie *nudge bar* 'n nadeel in die 4x4-omgewing, want dit verklein die voertuig se aanvalshoek.

### *Wen-as* (winch)

Ek huldig die persepsie dat 'n wen-as iets is wat jy baie min gebruik, maar indien jy dit die dag nodig het, daar niks is wat sy plek kan inneem nie. 'n Wen-as sal ek oorweeg as ek alleen in tegniese of gevaarlike terrein gaan rondry en myself sal moet herwin of indien jy 'n boot of iets dergeliks uit die water sou wou trek of selfs diere wil optrek – op welke manier ook al.

Ek vind dit gereeld dat mense wen-aste monteer en dit vir jare nie gebruik nie en dan wanneer hulle dit nodig het, werk dit nie. Daarom, as jy 'n wen-as het, moet jy ten minste elke ses maande die kabel/tou uittrek en weer laat oprol om seker te maak alles werk, asook om die motor te laat warm word om alle moontlike vog wat daarin mag wees, te laat verdamp. Jy kry deesdae wen-aste wat waterdig is.



# Moets en moenies

### *Kolligte* (spotlights)
Met die paaie wat deesdae so swak is en wilde diere wat aan die orde van die dag is, dink ek kolligte is 'n móét. Ongelukkig is dit, met die hedendaagse plastiekbuffers, 'n uitdaging om kolligte te pas. Jy moet verkieslik een of ander vorm van raam voorop jou voertuig hê waarop dit monteer kan word.

### *Strookligte* (bar lights)
Nou ja, hier is nou vir jou 'n ding, want volgens die letter van die wet is hierdie ligte verbode. Die wet sê duidelik dat geen lig die middellyn van jou voertuig mag kruis nie. Baie van hierdie ligte word deur groot gerespekteerde maatskappye wettig die land ingebring as hulp (*auxiliary*)-ligte, wat beteken dit is nie ligte wat saam met die voertuig se hoofligte gebruik word nie, maar op hul eie funksioneer vir ander aanwendings. Daarom, indien jy die risiko wil neem om sulke ligte te monteer, moet dit 'n aparte skakelaar hê en heeltemal onafhanklik van die hoofligte funksioneer. Ongelukkig mag dit ook 'n probleem wees en van verkeersbeampte tot verkeersbeampte verskil. Die interpretasie van die wet wat hierop van toepassing is, is op die oomblik 'n groot punt van bespreking.

### *Suspensies*
Wat suspensies betref, ervaar ek dat daar heelwat misverstande en miskonsepsies is.

Vere, hetsy kronkelvere, bladvere of torsiestange, dra die gewig van die voertuig en bepaal die hoogte van die voertuig. Met ander woorde, indien jy jou voertuig se ryhoogte wil aanpas of wil kompenseer vir addisionele permanente vrag, moet jy aan die vere werk.

Skokbrekers is daar om die vere te beheer en het, met ander woorde, te doen met padhouvermoë en rygerief. Goeie 4x4-skokbrekers is 'n aanwins vir enige nutsvoertuig en verleen definitief ondersteuning met padhouvermoë en ritgehalte – veral as jy daai lang grondpaaie wil aanpak.

Jy kan skokbrekers alleenlik vervang, maar indien jy jou ryhoogte verander deur die vere te verander, moet jy ook die skokbrekers vervang met 'n soort wat by die vere pas.

'n Groot aantal mense wil ander vere, veral agter, insit om die dravermoë van die voertuig te verhoog. Dit sal 'n bydrae lewer as jy permanente gewig moet dra, maar indien jy slegs in enkele gevalle swaar vragte dra, sal die sterker vere agter veroorsaak dat jou voertuig besonder hard en ongemaklik ry wanneer daar nie vrag in is nie. Daarom sal ek dan aanbeveel dat lugsakke geïnstalleer word.

Lugsakke is sakke wat óf binne die agterste kronkelveer óf tussen die bladveer en die onderstel van die voertuig pas – afhangende van watter tipe suspensie jou voertuig het. Hierdie sakke kan dan op- of afgeblaas word om te help om die vrag te dra.

### *Bande*
Daar is basies drie tipes bande, naamlik teerpad-georiënteerde bande, veelterreinbande (*all terrain*) en modderterreinbande. Daar is 'n magdom kampvuurstories oor bande – watter handelsmerke en tipes die beste is.

Die teerpadband is bedoel vir 80% teer en so 20% grondpad, terwyl die veelterreinbande so 50/50%-kombinasie is en die modderterreinbande geskik is vir 80% grond- en modderoppervlakte en 20% teer. Hierdie is nie die alfa en omega nie; dit is slegs 'n riglyn. Die belangrikste is dat jy self moet besluit watter tipe band jy benodig. 'n Groot aantal mense verkies die modderterreinband, omdat dit baie mooi en *cool* lyk, maar besef nie dat die geraasvlak van die bande op teerpad uiters irriterend kan wees nie.

### *Banddrukmeters*
Hedendaagse bande is van uitstekende gehalte. 'n Mens hoor nie meer oor die algemeen van 'n band wat gebars het nie. Die voertuie se suspensies is so goed dat jy nie agterkom 'n band word pap voordat jy dit stukkend gery het nie.

Die hedendaagse koste van bande maak dit 'n duur item om te vervang. Voorts is die verdere uitdaging dat jy met die voertuie wat permanente vierwieldryf het (ook genoem *all wheel drive*) nie net een band kan vervang nie, maar al vier, aangesien die loopvlakke nie meer as 'n sekere persentasie van mekaar mag verskil nie.

Op die mark is daar banddrukmeters wat binne elke band geïnstalleer word wat ten alle tye die banddruk en die temperatuur van elke band lees en dan die bestuurder waarsku indien 'n band oorverhit of pap word. Die koste van hierdie tipe apparaat is gewoonlik die prys van een band.

### Slotsom
Noodsaaklike produkte op voertuie is belangrik om ál die tyd en geld wat in 'n toer geïnvesteer word, te regverdig en 'n aangename reiservaring te verseker. Al die ekstras is persoonlike keuses en opinies daaroor verskil van persoon tot persoon.

Vir meer inligting, kontak Nelus Bantjes by 051 430 3831 of *sales@safari4x4.co.za*. ■






HI-TEC.CO.ZA

HI-TEC®

INSPIRED BY LIFE

# Deur Angola op 'n avontuurfiets

**STEFAN BOSHOFF** en **DIRK STRYDOM,** twee avontuurfietsryers in hul vryetyd

Heelwat mense het die persepsie dat avontuurfietse baie swaar is en dat dit 'n mens nie 'n régte avontuur daarmee kan aanpak nie – 'n avontuur wat nie die gemaklike teerpaaie insluit nie. 'n Groot aantal produsente het die persepsie dat dié fietse nie op die plaas gebruik kan word nie, want dit is te moeilik om te hanteer én te groot.

'n Paar avontuurryers het besluit om die teendeel te bewys en het gedurende die eerste twee weke van Julie 'n ekspedisie na Angola aangepak. Ons twee asook Behan Boshoff en John Harris het in Bloemfontein ontmoet en die vier motorfietse ('n BMW 1200 GS Adventure en drie BMW 1200 GS's – almal waterverkoel) op 'n Safari 4x4-sleepwa gelaai en die lang pad Namibië toe aangepak.

17 ure later het ons groepie op Otjiwarongo aangekom, waar die fietse afgelaai en die laaste voorbereidings en aanvullings afgehandel is. Vroeg die volgende oggend was die span op pad: Rigting noord.

By Kamanjab het die teerpad een te veel geword en Opuwo, die hoofstad van Kaokoland, was die volgende petrolstop langs 'n pragtige Namibiese stofpad. Die roete van hier na Ruacana het die span vroeg blootgestel aan "regte" sand – hier het die "ekspedisie" begin.

Ruacana het laatmiddag verskyn en ons het by Eha Lodge kamp opgeslaan. Ons het Angola se grenspos net na oopmaaktyd bereik en die proses was betreklik maklik. 'n Vinnige besoek aan die Ruacana-valle en daarna was dit tyd vir Angola, Portugees en ry-aan-die-verkeerde-kant-van-die-pad. Van Chitado af was dit smal grondspore, waar die *locals* met hul 125 cc Chinese motorfietse ry. Wat 'n ongelooflike lekker en besondere mooi wêreld: Kronkelspore, bergpasse, rivierkruisings, sand, versteende modderspore – alles wat 'n avontuurmotorfietsryer kan begeer!

Ons eerste kamp in 'n rivierbed in die wildernis was 'n hoogtepunt: Kos, water, slaapgoed, ekstra water, petrol – alles aan boord. En ons stelsels het effektief gewerk; sonder enige probleme. Net vir diegene wat dink daar is met 'n kode tien gelaaide motorfiets gery; dit is nie die geval nie: Een standaard rugsak, een sak agterop die fiets en 'n gereedskapsakkie, 5 liter water en 5 liter petrol – dit is al.

Twee dae later het ons Chibia binnegestoom. Daar is 'n bank en ons kon kwanzas kry en brandstof. Ons het die ou roete deur die Dorslandtrekkers se plase gevat en by Lubango uitgekom. Die nalatenskap van Suid-Afrikaanse produsente is steeds hier sigbaar.

Tundavala vir *sundowners* het ons dag afgesluit. Tundavala is 'n krans van meer as 800 m en is voorheen in Angola as 'n plek van teregstelling gebruik vir diegene wat nie polities korrek was nie. Die son het gesak en ons het tent opgeslaan – sommer daar langs die afgronde. Die wind waai, maar ons slaap, want ons het genoeg motorfiets gery. Dan slaap 'n mens maklik...

Sonop was ons op pad: 'n Laaste loer oor die afgrond en ons was vort na die Christusbeeld in Lubango. Ons het die beeld met sy koeëlgate en die stad stilswyend besigtig. Die Dorslandmonument het ook 'n besoek regverdig. Ons het die motorfietse volgemaak en wes gedraai. Die see was nou in die visier.

Die Lebapas was nog 'n hoogtepunt: 'n Klomp draaie en 'n 1 km-daling in hoogte binne 10 km. *Knobblies*-motorfietse kan lekker op teerpaaie draai...Die teerpad het ons by Namibe uitgespoeg – 'n dorp met 'n hawe en 'n see. Ons het afgedraai strand toe. Toe was dit net sand: Los en baie sand.

Die bande is 1 bar gepomp en ons het in ons valhelms begin sing. Die lewe was 'n lied: Langs die strand af, oor 'n paar duine en te vinnig het ons Flamingo Lodge se borde en huisies gesien. Ons was in die paradys.

By Flamingo het ons tyd verwyl deur stranduitstappies, na die Flamingo Canyons te ry (dit is ongelooflik mooi daar), nóg op die strand te ry, nóg na die see te sit en kyk, vir Rico Sakko (die eienaar) te help om sy gesinkte boot te herwin en seker te maak die motorfietse is reg vir die volgende tog.

Ons het planne begin maak om deur die doodsakker te ry en Rico het aangebied om saam te gaan. Dit het ons brandstofprobleem opgelos en die motorfietse ligter gemaak. Hy het ons bagasie op sy Landcruiser gelaai en sy seun het met 'n vinnige 1 000 cc *side-by-side buggy* gery. Ons het deur die "veld"/woestyn en canyons tot by Tombua gery en al ons motorfietse en jerrykanne volgemaak.

Nou was dit weer strand en sand. Én soutpanne. Én ons het weer gesing. Tot die motorfietse almal in 'n sagte kol sand gesink het. Dit gebeur net: Die sand word soos water, dan vlieg jy.





1: Stefan Boshoff, Behan Boshoff, John Harris en Dirk Strydom (agter) geniet die uitsig oor die Lebapas in Angola.
2: Kamp in rivierlope was 'n gereelde hoogtepunt op die toer.






▲ 3: Tundavala – dit is senutergend om op die rand van die afgrond te sit!
◥ 4: Die motorfietse word by Flamingo Lodge nagegaan voor die Doodsakker aangedurf word.

Die son het gesak en ons moes nog tot by die kamp in die duine ry. Die dag was woes, maar ons het die wonderlikste ervarings gehad.

Die maan was vol. Dit was springgety. Doodsakkerdag. Die gevreesde stukkie kuslyn is een van daai plekke waar jy jou plan agtermekaar moet hê en jou motorfiets moet ry. Een foutjie en jy verloor jou fiets deur die see wat dit met sy branders neem. Ons plan was goed, die see was ons genadig en die sand het darem nie te veel aan die motorfietse gegryp nie. En die Doodsakker was agter ons. Daar was nog net die ordentlike stuk strand tot by Foz do Cunene oor. Ons was verbaas oor die motorfietse se brandstofverbruik: 110 km op 'n GS en hulle was droog. Die sand is swaar op toerusting.

Ons het egter vir Rico by ons en hy het petrol. By Foz het ons die see uit die motorfietse gespuit en ons alles wat petrol kan vat volgegooi. Ons het oos gedraai: Die rivier het die pad aangedui. En die woestyn was woes en leeg. 'n Pap wiel of twee later was ons by Espenhierra – die einde van die Iona Nasionale Park.

Ons het 'n rivierloop gesoek en kamp opgeslaan: Nog 'n rustige nag in die middel van nêrens. Die volgende dag was harde ry. Die terrein is ongenaakbaar. Dit lyk of al die klippe van die planeet daar vervaardig word. Maar ons het gevorder. Pap wiele het ons besig gehou: Agt dié dag. Die petrol het weer min geraak en ons moes plan maak.

Oncocua het ons gered. Die polisieman kon Afrikaans praat. Én hy het geweet waar om petrol te kry. Ons het 'n jerrykan vol gekoop en dit met 'n wynbottel in die motorfietse ingegooi: Liter vir liter. Die Himbas ('n inheemse ras in Kaokoland) het vir ons water gebring.

Ruacana en die grensposte het na 'n rukkie verskyn. Ons was terug in Namibië. Die plan was om 'n vriend van ons, Gert, en sy twee seuns by Kunene River Lodge te kry. Ons het hulle langs die pad gekry – besig om nog 'n pap wiel reg te maak. Ons span was nou drie man, twee motorfietse en 'n Prado sterker.

Ons het weer die pad gevat Epupa-valle toe – al langs die rivier af. Van Zylspas was die volgende bestemming. Ons het rustig van daar af gery en uitgekyk vir die Himbas en hulle bokke, die berge en die klippe. Die roete was hier en daar bietjie grof, maar ons het dit geniet. Op die einde van die pas het ons so 'n bietjie gerus en toe laat vat na Rooidrom toe.

Puros was hierna ons mikpunt. Die pad loop deur harde wêreld en ons het nie so flink gevorder soos ons wou nie. Die rivierbed het sag gelyk en ons het daar en dan gekamp. Ons het Puros uiteindelik gekry en in die canyon afgery. Die water het sterk geloop, ons het klomp wild gesien en die ry was uit die boonste rakke. Ons het sommer in die canyon, langs die water gekamp.

Die volgende oggend het ons die slegste pad in Namibië gery: Sinkplate wat stopsels vernietig – van Puros tot by Sesfontein. Petrol was beskikbaar en ons het net volgemaak en weer gery. Die pad was beter en ons het lekker gery. Verby Palmwag het ons nog 'n paar pap wiele reggemaak en deurgery na Kamanjab toe. Dit was donker, maar ons wou by Otjiwarongo slaap. Net voor middernag het ons by Otjiwarongo aangekom: Nog 'n ervaring vir die geheuebanke.

Al wat oorgebly het, was huis toe ry. Ons het die sleepwa en die bakkie gepak en weggespring. Wat 'n voorreg om die motorfietse, energie en gesondheid te hê om so iets te kan aanpak. Ons het 'n ongelooflike ekspedisie voltooi. Alles was onverbeterlik. Gaan ons weer? Verseker! Wie ry saam?

Vir diegene wat video's van die avontuur wil sien, gaan kyk by *YouTube*: *Expedition 2017: Part 1 Angola* en *Expedition 2017: Part 2 Namibia.* ■



▲ 5: Die sand is baie los in die Doodsakker en ruimte vir foute maak, is baie min.

# Die stil opbrengsdief wat soms 'n ander baadjie dra

**PIETMAN BOTHA,** *SA Graan/Grain* medewerker

Grondkompaksie is 'n aspek wat algemeen deur produsente oor die hoof gesien word en sodoende, sonder dat hulle dit besef, heelwat opbrengs prysgee. "Dit is nie by my 'n probleem nie; die gebruik van profielgate is mos net vir ander mense...," hoor 'n mens gereeld.

Grondkompaksie is in die meeste gevalle 'n mensgemaakte manier om die gronddiepte te beperk. Gronddiepte is een van die hoekstene van produksie en grond wat te vlak is, versuip of verdroog eerste.

**Foto 1** is 'n klassieke voorbeeld van 'n ploegblad of ondeurdringbare laag. Die plantwortels kon nie die vog aan die onderkant van die laag bereik nie en is besig om te verdroog.

Die korrekte metode om grondkompaksie op te hef, is net so belangrik as om te besef dat grondkompaksie aanwesig is. Toets die impak van die implemente deur die grond oop te grawe waar die implement gewerk het en maak seker dat die grondverdigting deeglik en reg opgebreek is (**Foto 2**). Bewerking van die lande teen die regte vogstatus is krities om die gewenste opbrekingseffek te verkry.

Grondkompaksie is een van die aspekte waarop 'n produsent regdeur die seisoen moet fokus. Dit help absoluut niks jy breek die grond op en trap dan weer die grond met trekkers vas nie. 'n Algemene persepsie is dat dit net trekkers is wat die grond vastrap en dít is waar die fout gemaak word.

## Implemente se effek

Die impak van implemente word maklik buite rekening gelaat en veral met die hedendaagse neiging om groter en swaarder implemente te sleep, lewer dit 'n reuse-bydrae tot grondkompaksie. Die groot, swaer tapkarre is ook sondaars van grondkompaksie. Wees verder bedag op die gebruik van swaar planterkunsmis- en saadkarre.

Spoorverkeer was en is 'n stelsel wat spesifiek ontwikkel is om grondkompaksie aan te spreek. Die trekkers het almal in dieselfde spoor geloop. Sodoende is die grondkompaksie beperk en dit het bygedra dat die brandstofverbruik per hektaar verminder het.

Die groot geeste wat hierdie stelsel ontwikkel en uitgedra het, was manne soos mnre Carel Koch, Martiens du Plessis en talle ander – en dit het mielieverbouing op 'n nuwe vlak geplaas. Vandag moet herbesin word oor hoe die groot, nuwe implemente spoorverkeervriendelik gebruik kan word en wat gedoen kan word om grondkompaksie te verminder.

## Oorweeg dít

Daar is verskeie metodes om te oorweeg. Een hiervan is om die gewig van die implemente so laag as moontlik te hou. Deur op die wenakker die stroper leeg te maak of die planter vol te maak, sal verseker tyd verg, maar die kompaksie wat die stroper of planter veroorsaak, gaan drasties verminder word.

Deur die ritte oor die land tot die minimum te beperk en om ernstig aan die wielgrootte, wielwydtes, soorte bande en banddruk aandag te gee, lewer verseker 'n bydrae tot verminderde kompaksie. Met die aankoop van implemente moet produsente beslis heelwat aandag aan hierdie aspekte gee. Hoe groter en hoe wyer die wiele, hoe groter die grondkontak en hoe minder die kompaksie.

In die afgelope jare is daar ook die nuwe geneigdheid om trekkers en implemente op rusperbande te laat loop. Hierdie moontlikheid sal verseker die impak van trekkers en implemente op die grond verminder. Daar is egter 'n ander implement wat ook beduidende skade aan die gewasse kan berokken.

## Planters

Die planter word meestal oor die hoof gesien en tog kan die planter met al sy skottels heelwat smering veroorsaak – wat die plante se wortels erg kan benadeel. Grondvog is krities: Pasop om in té nat grond te plant.

Indien dit verkeerd gestel is, kan die planter en veral die dieptebeheerwiele tot 'n groot mate tot onverwagte kompaksie en wortelbeperkings aanleiding gee. Indien die planterkarretjie se druk te min is, word die pitte te vlak geplant en as die druk te hoog is, verhoog dit die druk op die dieptebeheerwiele dramaties – wat weer tot kompaksie teenaan die saad aanleiding kan gee. Hierdie twee aspekte is direk verantwoordelik vir oesverliese.

## Amerikaanse navorsing


Navorsing wat in Amerika gedoen is, het bevind dat produsente hierdie aspek heeltemal onderskat. Proewe wat daar gedoen is, het ook interessante resultate getoon. In **Tabel 1** word die resultate van 'n proef wat by Beck's Central Illinois Independent Practical Farm Research in 2010 gedoen is, weergegee.

**TABEL 1: OPBRENGSRESULTATE MET 'N VARIASIE IN DIE GEWIG WAT OP DIE PLANTERKARRETJIE EN SODOENDE DRUK OP DIE GROND VERKRY IS.**

| HOEVEELHEID GEWIG OF DRUK | OPBRENGS (BOESELS PER AKKER) | OPBRENGS (T/HA) | PERSENTASIE VERSKIL VAN PNEUMATIESE VERANDERLIKE DRUKBEHEER |
|---|---|---|---|
| 0 lbs | 207,9 | 13,05 | 5,11% |
| 125 lbs | 210,4 | 13,21 | 3,97% |
| 250 lbs | 210,5 | 13,21 | 3,93% |
| 375 lbs | 206,0 | 12,93 | 5,98% |
| Pneumatiese veranderlike drukbeheer | 219,1 | 13,75 | |








▲ **1: 'n Ploegblad of grondverdigting is 'n bekende opbrengsdief.**
◄ **2: Die werking van 'n implement kan duidelik gesien word as 'n profielgat gegrawe word waar die implement klaar gewerk het.**
► **3: 'n Skematiese voorstelling om te bepaal hoe die toetrapwieletjies gestel moet word.**

In hierdie proef is die gewig of die druk van die planterkarretjie op 'n bewerkte land gevarieer en die resultate in die opbrengste geoes, gemeet.

'n Behandeling is ook ingesluit, naamlik die pneumatiese veranderlike drukbeheer (*air force variable rate*) waar die planter toegerus is met 'n meganisme wat die plantdiepte en druk op die planterkarretjie altyd konstant hou.

Uit hierdie resultate is dit duidelik dat die druk op die karretjie reg gestel moet wees. As die druk van die planterkarretjie op die grond te min of te veel is, het dit tot opbrengsverliese aanleiding gegee. Maak seker dat die vere wat die druk op die karretjie beheer, reg gestel is volgens die grondtoestand en doen moeite om dit gereeld by 'n verandering in grondtoestande aan te pas.

## Druk van planterkarretjies

Verskeie maatskappye bied tegnologie rakende die regulering van die druk van die planterkarretjie op die grond. Cerealis Precision op Lichtenburg is 'n voorloper wat hierdie tegnologie betref. In samewerking met Monsanto is hulle tans besig met proewe om hidrouliese drukbeheer (*delta force*) se effek by Bothaville op die proef te stel. »

INSET -oorsig



**CORNÉ LOUW,** senior ekonoom, Graan SA



# Die lank en die kort van die dieselrabat

Graan SA/Sasol fotokompetisie

Die dieselrabat is ontwerp om plaaslike industrieë te beskerm teen internasionale mededinging (waar primêre produsente ondersteuning geniet), sowel as om verligting te bring vir verbruikers wat nie noodwendig die pad gebruik nie.

Afhangende van die bedryf, bied die rabat volledige of gedeeltelike verligting van die Brandstofheffing en die Padongeluksfondsheffing. Landbou ontvang 40% verligting van die Brandstofheffing en 100% van die Padongeluksfondsheffing. Die dieselrabat is tans R2,83/liter. Hiervan kwalifiseer 'n produsent vir 80% van sy regmatige gebruik (dit wil sê 80% van kwalifiserende liters).

## Hoe word gekwalifiseer vir die dieselrabat?

Om vir die dieselrabat in aanmerking te kom, moet 'n produsent vir BTW en vir die dieselrabat onder die Doeane en Aksynswet geregistreer wees.

Om die rabat te kan terugeis, moet 'n produsent kan bewys en bereken wat die bedrag van regmatige verbruik is in terme van Skedule 6 van die Doeane en Aksynswet. Dié skedule dui aan watter aktiwiteite vir die rabat kwalifiseer, asook hoe dieselgebruik geboekstaaf moet word. Die rabat word gesien as 'n "voorlopige toegewing" totdat die produsent redelik kan bewys dat die diesel regmatig gebruik is.

## Logboeke

Behalwe vir die feit dat produsente bewys van dieselaankope moet lewer, moet daar ook getoon kan word hoe die diesel verbruik is.

Daar word tans vir 'n amptelike logboek vanaf die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) gewag. SAID het aanbevelings aan Tesourie gemaak vir 'n landbouspesifieke logboek. SAID wag vir terugvoer van die Tesourie in hierdie verband.

Logboekrekords wat onduidelik is of te min detail bevat, kan aanleiding gee tot vertragings in die verwerking van en die moontlike afkeur van eise. Só byvoorbeeld sal die versuim om die doel waarvoor diesel gebruik word te vermeld, aanleiding gee tot vertragings. Produsente word aangemoedig om duidelike en gedetailleerde rekords by te hou – insluitend stawende dokumente.

Die volgende riglyne word vir hierdie doel aanbeveel:

- Eis die rabat op grond van reeds verbruikte diesel en nie op aankope nie.

Hou volledig boek van diesel wat op die plaas gebruik word (vanaf hoofverspreidingspunte):

- Datum waarop diesel ingegooi is;
- hoeveelheid diesel ingegooi;
- beskrywing van voertuig; en
- doel waarvoor die diesel aangewend is.

Vir meer inligting oor die bestuur van die dieselrabat en die aktiwiteite wat kwalifiseer, verwys na die Doeane en Aksynswet (Skedule 6 deel 3) of skandeer die QR-kode.

Voorbeelde van logboeke kan op SAID se webblad besigtig word. Skandeer dié twee QR-kodes.

Onthou: Ervaring met oudits het gewys dat SAID ook mag vra dat 'n produsent aandui waar op die plaas die aktiwiteit plaasvind. Moet ook nie "algemeen" gebruik as 'n aktiwiteit nie, spesifiseer eerder volgens Skedule 6 se kwalifiserende aktiwiteite.

Let daarop dat die finale logboek nog vanaf SAID afgewag word; daarom kan bogenoemde inligting verander.

### Nuwe dieselrabatstelsel word voorgestel

Nasionale Tesourie het vroeër vanjaar 'n besprekingsdokument gepubliseer waarin hulle kommentaar aangevra het vir die hersiening van die dieselrabatstelsel. Graan SA en Agri SA het hierop kommentaar gelewer.

Tesourie en SAID se mikpunt is om die nuwe stelsel in 2018 te implementeer. Van die belangrikste wysigings wat voorgestel word, is:

- Aktiwiteite wat kwalifiseer sal beperk word tot suiwer primêre produksie. Dit word voorgestel dat alle vervoeraktiwiteite van die plaas af en enige verwerkingsaktiwiteite hoegenaamd, uitgesluit sal word.
- Verder word voorgestel dat kwalifiserende primêre produksie-aktiwiteite aan 'n fisiese punt waar sulke bedrywighede sal plaasvind, gekoppel moet word.
- Persone wat kwalifiserende primêre produksie-aktiwiteite uitvoer, kan terugbetalings vir diesel wat daarin gebruik word, eis – op voorwaarde dat 'n behoorlike logboek, wat gekoppel word aan die fisiese terrein waar sodanige kwalifiserende primêre produksie plaasvind, bygehou word.
- Eise sal slegs ten opsigte van diesel gebruik in die kwalifiserende primêre produksie-aktiwiteite toegelaat word en die huidige 80:20-persentasietoekenning wat tans vir kwalifiserende terugbetalings vir landbou geld, sal dan wegval. Dit wil sê produsente sal dan in die nuwe bedeling 100% van hul kwalifiserende gebruik kan eis.
- 'n Losstaande dieselterugbetalingsadministrasie, apart van die BTW-stelsel, word voorgestel. Die beperkings rondom beoogde begunstigdes wat nie op dieselterugbetalings kan aanspraak maak nie omdat hulle nie vir BTW geregistreer is nie, sal dan wegval.

### Ter afsluiting

Die dieselrabat is een van die enigste voordele wat produsente van regeringskant ontvang en die stelsel moet daarom ten alle tye bo verdenking gehou word. Indien lede probleme met hul rabat ervaar of vrae het oor die werking daarvan, kan hulle met Graan SA in verbinding tree. ■

# Die stil opbrengsdief

Hidrouliese drukbeheer word gebruik om die planterkarretjie-eenhede se druk op die grond te beheer sodat 'n egalige plantdiepte verkry word sonder om te veel kompaksie langs die plantervoor te laat.

Hierdie meganisme gebruik 'n weegpen om die druk wat die planterkarretjie op die grond uitoefen te meet en dan self die druk aan te pas. Die stelsel neem 200 keer/sekonde 'n lesing wat 'n hidrouliese silinder in die parallelarms van die planterkarretjie laat beweeg.

Die hidrouliese silinder sal ongeveer vyf keer per sekonde reageer om druk by die karretjie te voeg of te verminder. Sodoende word die korrekte plantdiepte gehandhaaf sonder om regtig verdigting deur die drukwiele te kry. Hidrouliese drukbeheer se doel is om 'n betreklik meer eenvormige opkoms te verseker deur 'n egalige plantdiepte te handhaaf sonder om die grond te kompakteer.

'n Planter se toetrapwiele kan produsente 'n wavrag vol geld kos. Indien die toetrapwiele van 'n planter verkeerd gestel is, kan dit ook tot opbrengsverliese aanleiding gee. Verkeerd-gestelde toetrapwieletjies kan die grond onder die pit kompakteer – wat veroorsaak dat die plantjie se wortels sukkel om deur te verdigting te kom, maar die eintlike probleem is dat die saad nie deeglik met die grond kontak maak nie en sodoende is die opkoms van die plante betreklik oneweredig. Hierdie oneweredige opkoms van die plante gee aanleiding tot oesverliese.

### Toetrapwieletjies

Planters se verstellings verskil van mekaar, maar in wese kom dit daarop neer dat as 'n denkbeeldige lyn getrek word, wat met die hoek van die toetrapwieletjies volg, die twee lyne mekaar presies op die plantdiepte moet kruis. In **Foto 3** (op bladsy 37) moet lyne AB en CD mekaar presies op die pit kruis.

Hoe dieper geplant word, hoe wyer moet die wieletjies uit mekaar wees. Maak seker dat die wieletjies presies ewe ver van die middelpunt is en dat die pit presies in die middel van die wieletjies geplaas word. Dit is belangrik dat produsente weer die planter se handleiding raadpleeg om presies te weet hoe die wieletjies gestel moet word.

Vir meer inligting kan Pietman Botha by 082 759 2991 gekontak word. ■


Graan SA/Sasol fotokompetisie

GRAANMARK
-oorsig
– 11 Oktober 2017



**LUAN VAN DER WALT,** landbou-ekonoom, Graan SA

# Seisoensoorsig en oorwegings vir die komende seisoen

Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee se finale skatting van somergrane vir die seisoen, was dit 'n uitsonderlike jaar in terme van produksie. Die meeste van die somergrane se opbrengste en produksie het die verwagtinge in die mark grootliks oortref en die allemintige 16,74 miljoen ton mielie-oes was nie net bogemiddeld nie, maar het ook die algehele Suid-Afrikaanse rekord met meer as 2 miljoen ton oortref.

Sojabone het ook 'n uiters suksesvolle produksiejaar beleef en die 1,316 miljoen ton oes, asook die gemiddelde opbrengs van nagenoeg 2,3 t/ha, staan ook in die geskiedenisboeke opgeteken as die beste ooit in die geskiedenis van die land se sojaboonproduksie. Hierdie uitsonderlike produksiejaar het die land met 'n surplus mielies van amper 5 miljoen ton gelaat en daarom was dit noodsaaklik om soveel moontlik van hierdie mielies uit te voer ten einde die balans in die land te herstel.

Die surplus mielies het weer eens die pryse tot en met uitvoerpariteitsvlakke laat daal, wat die winsgewendheid van produsente onder geweldige druk geplaas het – ten spyte van die goeie oeste wat gerealiseer het. Die seisoen tot datum se uitvoere het egter nie teen die verlangde tempo plaasgevind nie – met die plaaslike pryse wat gesukkel het om deur die vlakke waar die plaaslike mielies regtig kompeterend in die internasionale markte is, te breek en die verwagting is dat die uitvoere vir die seisoen nie die teikenvlakke sal haal nie.

Dit sal die land egter met 'n eindvoorraad van meer as 4 miljoen ton mielies aan die einde van die bemarkingsjaar laat en die waarskynlikheid is groot dat die mielieprys volgende seisoen weer eens nader aan die uitvoerpariteitsvlakke behoort te verhandel. Met 'n eindvoorraad van 4 miljoen ton beteken dit dat slegs 'n 8 miljoen ton produksie in die komende seisoen genoeg sal wees om in die plaaslike vraag te voldoen – wat die normale uitvoere na die Afrika-lande insluit.

Onder normale produksietoestande en gemiddelde opbrengste kan só 'n oes met ongeveer tussen 1,8 miljoen hektaar tot 1,9 miljoen hektaar realiseer. Die nuwe produksieseisoen laat egter geweldige onsekerhede by produsente rakende die alternatiewe wat vir hulle beskikbaar is in terme van produksie vir die nuwe seisoen. Dit is uit gesprekke met verskeie produsente duidelik dat hulle in die komende seisoen alternatiewe sal moet oorweeg. 'n Groot aantal oorweeg dit om die seisoen aanplanting van alternatiewe gewasse (veral sojabone) uit te brei.

## Hoe lyk die vraag na sojabone?

Die huidige seisoen se rekordsojaboonproduksie het die plaaslike sojaboonpryse onder druk geplaas en die markpryse het vir 'n kort tydperk naby aan die uitvoerpariteitspryse verhandel – en dit het vrae by van die rolspelers laat ontstaan rakende die werklike verbruik van sojabone in Suid-Afrika.

Wanneer die vraag na sojabone ontleed word, is dit ook belangrik om die produkte wat deur die verwerking van sojabone verkry word, in ag te neem. Die twee hoofprodukte wat verkry word, is sojaboonoliekoek, wat as 'n belangrike rou materiaal in die veevoerbedryf dien, asook sojaboonolie wat grootliks in die voedselbedrywe as kookolie opgeneem word.

**Grafiek 1** toon die jaarlikse hoeveelheid sojaboonoliekoek wat plaaslik geproduseer word, asook die invoere van oliekoek oor die afgelope 13 jaar. Dit is 'n goeie aanduiding van die gemiddelde vraag na sojaboonoliekoek in die plaaslike mark en word in die totaalkolom vir oliekoek getoon.

Die sojabone per jaar-lyn dui op die gemiddelde hoeveelheid sojabone wat plaaslik per jaar gepers kan word, om in die plaaslike verbruik van oliekoek te voorsien sodat daar geen invoere hoef plaas te vind nie. Die gemiddelde verbruik van sojaboonoliekoek oor die afgelope drie jaar beloop ongeveer 1,3 miljoen ton en word ook in Grafiek 1 getoon. Die gemiddelde plaaslike produksie daarvan was ongeveer 720 000 ton, terwyl die invoere ongeveer 580 000 ton beloop het. Dit beteken dat daar plaaslik ongeveer 1,6 miljoen ton se rou sojabone per jaar gepers kan word om die plaaslike sojaboonoliekoekmark te vul sonder dat invoere hoef plaas te vind.


**Grafiek 2** toon die maandelikse verwerking van sojabone wat vir die huidige seisoen vir olie en oliekoek gepers word, teenoor die gemiddelde maandelikse tempo van die afgelope drie jaar. Die gemiddelde maandelikse verwerking vir die seisoen tot dusver is effens laer as die drie jaar gemiddelde verwerking en met die groot produksie wat hierdie seisoen in die plaaslike mark gesien is en die huidige tempo van verwerking, kan daar moontlik aan die einde van die bemarkingseisoen groter oordragvoorraad wees as wat aanvanklik verwag is.

Die plaaslike persmarge was in die vorige seisoen vir 'n paar maande agtereenvolgend negatief en die perstempo was ook laer as normaal gedurende hierdie tydperk. Die persmarge het egter weer heelwat verbeter, wat die hoeveelheid wat gepers word ondersteun. Met die huidige persmarge kan daar verwag word dat die perstempo vir die res van die seisoen relatief aanvaarbaar behoort te wees – wat die vraag na sojabone sal ondersteun.


Die gemiddelde maandelikse verwerkingstempo wat benodig word om die sojaboonoliekoekvlakke van ongeveer 1,3 miljoen ton per jaar te bereik, beloop ongeveer 134 000 ton per maand en word deur die maande-

**TABEL 1: PRYSVERWANTSKAPPE TUSSEN SOJABONE EN MIELIES, ASOOK SONNEBLOMSAAD EN MIELIES.**

| GEWAS | GEMIDDELDE SAFEX-GELYKBREEKPRYS | SOJABONE/ MIELIEGELYKBREEK-PRYSVERWANTSKAP | SONNEBLOM/ MIELIEGELYK-BREEKPRYS-VERWANTSKAP | SOJABONE MEI 2018/ MIELIE JULIE 2018 PRYSVERWANTSKAP | SONNEBLOM MEI 2018/ MIELIE JULIE 2018 PRYSVERWANTSKAP |
|---|---|---|---|---|---|
| Mielies | R2 700 | | | | |
| Sojabone | R4 880 | 1,81 | 1,81 | WM = 2,36<br>YM = 2,27 | WM = 2,30<br>YM = 2,21 |
| Sonneblom | R4 900 | | | | |




**Grafiek 1: Jaarlikse sojaboonoliekoek plaaslik verwerk, ingevoer en totale sojaboonolie-koek verbruik.**
Bron: SAGIS, SAID en eie berekeninge




**Grafiek 2: Maandelikse hoeveelheid sojabone gepers vir olie en oliekoek vir die 2017/2018-seisoen teenoor die drie jaar gemiddelde tempo.**
Bron: SAGIS

likse gemiddelde lyn in Grafiek 2 getoon. Die huidige gemiddelde verwerkingstempo per maand is ongeveer 75 000 ton.

## Bestuur risiko en beperk verliese

Winsgewendheid is in die komende seisoen een van die grootste uitdagings wat produsente in die gesig staar. Die winsgewendheid van produsente is onder druk ten spyte van die rekordopbrengste wat die afgelope seisoen gerealiseer het. Die verwagting is ook dat die mieliepryse in die komende seisoen heel waarskynlik nader aan uitvoerpariteitsvlakke sal verhandel – wat die vooruitsigte vir die seisoen ook redelik beperk hou. Produsente moet in hierdie seisoen effektiewe finansiële bestuur toepas en risiko's sover moontlik beperk.

Wanneer produsente verskillende alternatiewe oorweeg, is dit belangrik dat hulle in gedagte moet hou wat die risiko's verbonde aan die spesifieke gewas wat geproduseer word, ook is. In die gevalle wanneer die mieliepryse laag neig, neig produsente om meer gewasse soos sojabone en sonneblomme aan te plant.

**Tabel 1** toon die prysverwantskappe tussen mielies en die bogenoemde twee oliesade. Dit is duidelik uit Tabel 1 dat die oliesaadpryse ten minste ongeveer 1,81 keer hoër as die mielieprys moet wees om gelyk te breek. Die huidige prysverwantskap tussen die sojaboon- (vir lewering in Mei 2018) en die mielieprys (lewering Julie 2018) is ongeveer 2,36 en 2,27 teenoor wit- en geelmielies onderskeidelik.

Die verwantskap tussen die sonneblomprys en mielieprys vir lewering in Mei 2018 en Julie 2018 is 2,30 en 2,21 vir wit- en geelmielies onderskeidelik. Die huidige prysverwantskappe soos dit tans verhandel, maak dit uiters aanloklik vir produsente om hierdie oliesade in die komende seisoen vir aanplanting te oorweeg. Produsente moet egter kennis dra van die risiko's wat daar in hierdie markte bestaan en dit in ag neem wanneer hulle besluite neem. Die bemarking en verskansing van hierdie gewasse sal ook in die komende seisoen belangrik wees.

## Let op die volgende

Produsente moet op die volgende faktore let wanneer hulle vir die komende seisoen besluite neem:

- Die uitvoertempo van mielies vind nie vinnig genoeg plaas om die surplus uit die land uit te kry nie – dit sal lei tot 'n groot oordragvoorraad.
- Die mieliepryse vir 2018 sal heel waarskynlik weer teen uitvoerpariteitsvlakke verhandel – maak die berekeninge daarvolgens.
- Vermy risiko's sover moontlik en beperk verliese – goeie finansiële bestuur gaan in die komende seisoen belangrik wees.
- Bemarking en verskansing gaan 'n groot rol in die komende seisoen speel – maak gebruik van geleenthede om pryse in die mark vas te maak wanneer die mark dit bied.
- Kyk na alternatiewe vir die seisoen – diversifiseer, maar oorweeg ook die risiko's wat die aanplantings van die alternatiewe gewasse inhou.
- Vra raad – win soveel as moontlik inligting vanaf verskeie bronne in voordat die finale besluite geneem word. ■

## Vrywaring

Sover moontlik is alles gedoen om die akkuraatheid van hierdie inligting te verseker. Graan SA aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese wat gely word as gevolg van die gebruik van hierdie inligting nie.

# PRYSRISIKOBESTUUR *in 'n neutedop*

– Deel 5



**LUAN VAN DER WALT,** landbou-ekonoom, Graan SA

# Die gebruik van Safex-opsiekontrakte

In die voorafgaande gedeeltes van die reeks is daar gefokus op verskeie aspekte wat betrekking het op bemarking en verskansing van grane. Hierdie aspekte het gefokus op die markstrukture, risiko's om te oorweeg, die verskillende alternatiewe waarna gekyk kan word, sowel as die gebruik van Safex-termynkontrakte.

In Deel 5 van die reeks word die gebruik van Safex-opsiekontrakte meer diepgaande bespreek.

## Wat is 'n opsiekontrak?

'n Opsiekontrak is net soos 'n termynkontrak 'n afgeleide instrument wat op Safex verhandel. Die waarde van die kontrak word ook afgelei van die onderliggende produk. Opsiekontrakte kan ook deur verskillende rolspelers in die bedryf gebruik word vir verskansing of spekulatiewe doeleindes in die mark – afhangende van die individu wat dit aanwend se behoeftes.

Daar bestaan twee tipes opsies waarvan die rolspelers in die mark gebruik kan maak. Hierdie opsies is koop- en verkoopopsies. Die algemene name wat gebruik word om na koop- en verkoopopsies te verwys, is 'n *call*- en *put*-opsie onderskeidelik. Daar sal vervolgens na *call* en *put* in die res van die artikel verwys word.

Opsiekontrakte kan in die mark gekoop en/of verkoop word – afhangende van wat die individu se behoeftes is en wat met die opsie bereik wil word. Die opsiekontrak bied aan die koper van die opsie die reg om 'n kontrak in 'n bepaalde tydperk te koop of te verkoop, maar dit verplig egter nie die individu om dit te doen nie.

Die verkoper van die opsiekontrak is aan die ander kant verplig om die spesifieke kontrak in die bepaalde tyd te koop of verkoop indien die opsie teen hom uitgeoefen word. Die koper van die opsiekontrak het egter beperkte risiko en sy risiko is beperk tot die opsiepremie wat vir die koop van die opsie betaalbaar is.

Die verkoper van die opsie se risiko is onbeperk. Die persoon wat die opsie verkoop kan egter net die premie wat hy ontvang as wins wen, maar die risiko verbonde aan die verkoop van 'n opsie is onbeperk.

## Terminologieë geassosieer met die opsiekontrakte

Daar is verskeie terminologieë wat met die opsiekontrakte geassosieer kan word. Dit is belangrik dat diegene wat van opsies gebruik maak die betekenis van die terminologieë verstaan om verwarring te verhoed. Die spesifieke terminologieë wat met die opsiekontrakte verband hou, word vervolgens bespreek.

### *Termynprys*

Termynprys verwys na die prys waarteen die spesifieke termynkontrak waarin die opsie gekoop of verkoop gaan word, verhandel. Die spesifieke termynkontrak dien in die geval van opsies as die onderliggende produk en daarom is die waarde van die termynkontrak noodsaaklik.

### *Trefprys* (strike price)


Dit verwys na die prys waarteen die opsieverhandeling plaasvind, met ander woorde die prys waarteen die opsie gekoop of verkoop word.

### *Premie*

Die premie word deur die individu wat die opsies koop, betaal en die individu wat die opsie verkoop, ontvang die premie.

### *Opsieskrywer*

Die individu wat die opsie verkoop, staan bekend as die opsieskrywer.




**Grafiek 1: Grafiese voorstelling van die effek van die netto Safex-prys met die gebruik van 'n *put*-opsie by verskillende markbewegings.**

### *Intrinsieke waarde*

Intrinsieke waarde verwys na hoe winsgewend die opsie sal wees indien die opsie onmiddellik uitgeoefen sou word en word bereken deur die verskil tussen die opsietrefprys en die onderliggende termynprys te bereken. Daar bestaan egter nie negatiewe intrinsieke waarde nie en 'n opsie het slegs intrinsieke waarde wanneer die opsie "in die geld" is.

### *In die geld*

As die opsie in die geld is, het die opsie intrinsieke waarde en sal die opsie uitgeoefen word.

### *By die geld*

Die opsie se trefprys is gelykstaande aan die onderliggende termynprys.

### *Uit die geld*

Die opsie het geen intrinsieke waarde nie en die opsie sal nie uitgeoefen word nie.

**Tabel 1** toon wanneer die opsies in die geld, by die geld en uit die geld is.

## Hoe werk 'n opsiekontrak?

'n *Put*-opsiekontrak sal hoofsaaklik deur 'n rolspeler in die mark wat homself teen 'n prysdaling wil beskerm gebruik word, byvoorbeeld 'n produsent.

Deur 'n *put*-opsie te koop, sal die produsent vir homself 'n minimumprys waarteen hy sy produkte in die toekoms kan verkoop vasstel, maar hy word nie verplig om dit teen hierdie pryse te verkoop nie. Indien die prys vanaf die datum wanneer die produsent die *put*-opsie gekoop het tot en met die opsievervaldatum daal, sal die produsent se *put*-opsie in die geld wees en die opsie sal uitgeoefen word.

Wanneer die opsie uitgeoefen word, sal die produsent 'n verkooptermynposisie in die mark ontvang en daarom werk die beginsel vandaar presies dieselfde as die verskansing deur gebruik te maak van termynkontrakte soos in Deel 4 van die reeks verduidelik is.

Indien die pryse vanaf die datum wanneer die *put*-opsie gekoop is tot en met die opsievervaldatum toeneem, is die produsent nie verplig om die produk te verkoop teen die prys waarteen hy die opsie gekoop het nie. Die produsent kan egter steeds die beter prys vir sy produk ontvang en hy sal slegs die premie wat hy betaal het, se waarde verloor.

## 'n Praktiese voorbeeld vir die gebruik van 'n *put*-opsie

Veronderstel 'n produsent wou homself gedurende Desember 2016 verskans teen 'n moontlike prysdaling in Julie 2017, maar daar is teen hierdie tyd steeds heelwat onsekerhede in die mark in verband met die moontlike produksie vir die seisoen. Die produsent sit dan egter met die moontlikheid van prysrisiko, terwyl produksierisiko hom ook steeds in die gesig staar. (Sien Deel 2 van hierdie reeks wat hierdie risiko's bespreek.) Die produsent kan dan gebruik maak van 'n *put*-opsie om homself teen 'n prysdaling te verskans.

Die *put*-opsie sal vir die produsent 'n minimumprys waarteen hy sy mielies kan verkoop vasstel, maar dit bied hom ook die geleentheid om die mielies vir 'n hoër prys te verkoop sou die seisoen 'n ander wending neem.

Omdat die *put*-opsie die produsent nie verplig om teen leweringstydperk te verkoop nie, sal die *put*-opsie ook die produsent se produksierisiko beperk.

**Tabel 2** toon die effek van die gebruik van 'n *put*-opsie wanneer die prys daal of styg teenoor geen verskansing op 'n produsent se balansstaat. In die voorbeeld word 'n hipotetiese plaas geskep en die aanname word gemaak dat die produsent 1 000 ha witmielies teen 'n gemiddelde opbrengs van 4 t/ha plant.

Die direkte koste vir produksie van die mielies beloop R7 300/ha. Die pryse wat in die voorbeeld gebruik word, is die gemiddelde Safex-prys gedurende Desember 2016 vir lewering in Julie 2017.

Hierdie prys is daarom R2 713/ton en die *put*-opsie sal dus teen 'n trefprys van R2 720/ton gekoop word (opsietrefpryse verhandel slegs in inkremente van R20/ton) met die opsiepremie wat ongeveer R250/ton vir lewering in Julie 2017 beloop het.

**TABEL 1: VERWANTSKAP VAN OPSIETREFPRYSE TEENOOR DIE ONDERLIGGENDE TERMYNKONTRAKPRYS.**

| | VERKOOPOPSIE (*PUT*-OPSIE) | KOOPOPSIE (*CALL*-OPSIE) |
|---|---|---|
| In die geld | Trefprys > Termynprys | Trefprys < Termynprys |
| By die geld | Trefprys = Termynprys | Trefprys = Termynprys |
| Uit die geld | Trefprys < Termynprys | Trefprys > Termynprys |

**TABEL 2: EFFEK VAN DIE GEBRUIK VAN 'N *PUT*-OPSIE ONDER VERSKILLENDE MARKBEWEGINGS OP DIE BALANSSTAAT VAN 'N HIPOTETIESE PLAAS.**

| | TERMYNPRYS DAAL | TERMYNPRYS STYG | GEEN VERSKANSING |
|---|---|---|---|
| Julie 2017-termynprys | R2 713 | R2 713 | - |
| Opsietrefprys | R2 720 | R2 720 | - |
| Opsiepremie | R250 | R250 | - |
| Plaashekprys | R2 220 | R3 200 | R1 440 |
| Julie 2017-spotprys | R1 690 | *R3 700 | R1 690 |
| Insetkoste (R/ton) | R1 825 | R1 825 | R1 825 |
| Bruto marge (R/ton) | R395 | R1 375 | -R385 |
| Bruto marge (R/ha) | R1 580 | R5 500 | -R1 540 |
| Kontantuitvloei vir die plaas | R7 300 000 | R7 300 000 | R7 300 000 |
| Kontantinvloei vir die plaas | R8 880 000 | R12 800 000 | R5 760 000 |
| Netto kontantvloei | R1 580 000 | R5 500 000 | -R1 540 000 |

*Die R3 700/ton is slegs om die effek van die *put*-opsie te toon sou die prys toeneem tot en met die verkoopdatum




**Contans®** Reg. No. L10157 (Act No. 36 of 1947). **Contans®** contains Coniothyrium minitans.
**Contans®** is a registered trademark of Bayer AG, Germany. Use strictly according to instructions on label.

**Facebook:** Bayer Crop Science Division Southern Africa **Twitter:** @bayer4cropssa

**For more information visit our website at www.cropscience.bayer.co.za/www.bayer.co.za or download our App.**

**Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07**
27 Wrench Road, Isando, 1601. PO Box 143, Isando, 1600. **Tel:** +27 11 921 5002

BAYER

Science For A Better Life

02/2017

# Prysrisikobestuur in 'n neutedop

Die Julie 2017-witmielieprys het gedaal en het met opsievervaldag teen R1 690/ton verhandel. Dit sal die prys wees om die effek van die prysdaling te toon, asook die prys vir die geen-verskansingstrategie.

Om die effek van die gebruik van 'n *put*-opsie wanneer die prys toeneem te toon, is 'n prys van R3 700/ton gebruik – dit is slegs vir illustrasiedoeleindes. Die basisaftrekking in die voorbeeld is R250/ton en sluit liggingsdifferensiaal en bemarkingsfooie in.

**Grafiek 1** op bladsy 42 stel die netto Safex-prys met die gebruik van 'n *put*-opsie wanneer die prys daal en toeneem, grafies voor.

Uit Tabel 2 is dit duidelik dat die *put*-opsie die minimumprys waarteen jy die verskanste mielies sal verkoop, vasstel. Indien die prys onder hierdie vlak daal, sal dit nie 'n impak op die prys hê vir die gedeelte van die mielies wat met die gebruik van die *put*-opsie verskans is nie.

Indien die prys tot en met strooptyd sou toeneem, is die produsent egter nie verplig om die mielies teen die verskanste prys te verkoop nie. Die produsent kan steeds 'n beter prys ontvang en sal slegs die koste van die premie "verloor".

Uit Grafiek 1 is dit duidelik dat indien die termynpryse vanaf Desember wanneer die produsent die *put*-opsie gekoop het tot en met Julie wanneer die opsie verval sou daal, die netto Safex-prys teen die minimumvlak van R2 470/ton onveranderd sal wees.

Indien die prys vanaf Desember tot en met Julie sou toeneem, is dit duidelik dat die produsent beter af sal wees en sal deel in die opwaartse prysbeweging – met net die koste van die premie wat hy sal "verloor".

## Ten slotte

Alhoewel die gebruik van opsiekontrakte in heelwat gevalle vir diegene wat nie daarmee vertroud is nie, ingewikkeld mag voorkom, is dit eintlik bitter eenvoudig en hou dit goeie voordele in – waaronder die grootskaalse uitskakeling van produksierisiko wat uiters belangrik is.

Die gebruik van opsiekontrakte is in die meeste gevalle duurder as van die ander verskansingsalternatiewe en daarom is produsente nie altyd geneë om daarvan gebruik te maak nie. Dit is egter uiters noodsaaklik om die voordele wat die gebruik van opsiekontrakte inhou, op te weeg teen die hoër koste daaraan verbonde.

Met die gebruik van Safex-kontrakte vir verskansingsdoeleindes is dié kontrakte wat vir die gebruiker daarvan minder risiko inhou en meer geleenthede bied, duurder as dié kontrakte waarin die risiko en geleenthede wat dit bied, minder is.

Dit is egter belangrik dat produsente eerstens vasstel wat die risiko is waarteen hulle hulself wil beskerm wanneer hulle die verskillende alternatiewe oorweeg en dan daarvolgens die besluite neem. Produsente moet ook in gedagte hou dat daar 'n groot aantal verskillende strategieë is wat gevolg kan word deur van verskillende opsies in kombinasie met mekaar gebruik te maak.

Hierdie strategieë kan uiters ingewikkeld wees en kan die produsent duur te staan kom indien die produsent nie deeglik vertroud is met die strategie nie en verkeerde besluite daarrondom neem. Hou dus by die eenvoudige strategie wat die minste risiko inhou – dit bly die hoofdoel van verskansing.

Mielies is in die artikel gebruik om die beginsel te verduidelik, maar die opsiekontrakte kan egter op enige van die graankontrakte wat op Safex verhandel, gebruik word. ■

Roundup PowerMAX® HERBICIDE



Maak staat op suksesvolle onkruidbeheer ...

Met die regte kombinasie en gebruik van Roundup Ready®-produkte.

Suksesvolle onkruidbeheer in **Roundup Ready**®-soja verg bloot die perfekte kombinasie van die regte produkte, soos Monsanto se **Roundup PowerMAX**® produkte.

**Roundup PowerMAX**®:
- Is effektief as enkelproduk of in kombinasie met ander geregistreerde produkte; en
- Waarborg gewasveiligheid.

Roundup PowerMAX® plaas jou in beheer.

**011 790-8200 | www.monsanto.co.za**
Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnommer of e-posadres te kontak: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

**Roundup PowerMAX**® bevat glifosaat 540 g/ℓ. Versigtig. Reg. No. L7769 (Wet No. 36 van 1947). Gebruik onkruiddoders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik. **Monsanto, Roundup Ready**® en **Roundup PowerMAX**® is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

uppe marketing A17009\SAG

# Wes-Kaapse 2016-navorsing toon puik resultate

**DR JOHANN STRAUSS,** Direktoraat Plantwetenskappe, Navorsing en Tegnologie-ontwikkelingsdienste, Wes-Kaapse Departement van Landbou

Die bewaringslandbounavorsingspakket van die Wes-Kaapse Departement van Landbou bestaan uit proewe op vier lokaliteite in die provinsie. Op die huidige oomblik is een van die proewe in die Swartland en drie in die Suid-Kaap. Twee van die proewe word op navorsingsplase van die departement gedoen (Langgewens en Tygerhoek) en twee word by produsente gedoen (Napky en Riversdal).

Die resultate wat gedurende die 2016-seisoen behaal is, word hieronder bespreek en elke proef word apart hanteer, aangesien die stelsels en gewasse wat verbou word, verskil.

## Langgewens (Swartland)

Langgewens huisves twee langtermynproewe. Die oorspronklike proef het in 1996 'n aanvang geneem. Die nuwe proef het in 2016 sy eerste produksiejaar beleef. Alhoewel die totale reënval vir die seisoen 411 mm is, is slegs 355 mm vanaf begin April tot einde September aangeteken. Dit is minder as die langtermyngemiddeld vir die area.

Die 355 mm is egter 'n bietjie misleidend. Twee buie vroeg in April het 55 mm opgelewer en daar is geen reën vir die res van April en Mei ontvang nie. Die eerste reën het eers op 10 Junie geval. In der waarheid was dit 'n bedekte seën, aangesien die bewaringsproewe vanaf 2016 met 'n skyfplanter geplant is en die geskenkte planter deur Piket eers in die laaste week van Mei op die plaas aangekom het.

Albei bewaringsproewe is dus eers in die laaste week van Mei geplant. 'n Koel en klam September verlede jaar het vir produsente 'n groot bydrae tot uitstekende opbrengste gelewer.

### *Ou proef*

Die ou proef bestaan uit agt vier jaar-wisselboustelsels, waarvan vier suiwer kontantgewas- en vier eenjarige weiding-/kontantgewasstelsels is. Koring en kanola is die hoofkontantgewasse en tot en met 2015 is lupiene as derde kontantgewas verbou.

Sedert 2016 is daar besluit om die lupiene met 'n peuldekgewas te vervang. Die rede hiervoor was dat lupiene oor die vorige 20 jaar van die proef slegs 'n gemiddelde opbrengs van 1 t/ha gelewer het en dikwels 'n negatiewe uitwerking op die bruto marge van die stelsels waarin dit verbou is, tot gevolg gehad het. Die waarde van 'n peulgewas wat stikstof kan bind is egter belangrik en daarom is daar besluit op 'n minimum inset-peuldekgewasmengsel van erte, wieke, voergraan, klawers (twee soorte) en serradella.

Die gemiddelde koringopbrengs in die proef was 3 444 kg/ha. Dit is 1 300 kg/ha meer as in die 2015-seisoen (met slegs 170 mm reën). Slegs twee van die kampe het B2-graad opgelewer, terwyl die res B1 gelewer het. Monokultuurkoringverbouing is die kontrole in hierdie proef en het slegs 2 854 kg/ha gelewer.

In **Tabel 1** word die gemiddelde koringopbrengs ná verskillende gewasse getoon. Kanola-opbrengs was gemiddeld 1 595 kg/ha in die ou langtermynproef.

### *Nuwe proef*

Die nuwe langtermynproef wat in 2016 afgeskop het, bestaan uit drie stelsels wat varieer in die diversiteit van gewasse wat aangeplant word. Twee dekgewasmengsels vorm ook deel van die verskillende stelsels. Koring, gars, hawer, kanola, wieke, fababone en lynsaad word ook in die nuwe proef aangeplant.

Die proef gaan poog om oor die volgende tien jaar lae-insetkosteproduksie te ondersoek. Aangesien dit die eerste jaar was wat die proef aangeplant is, verskaf **Tabel 2** (graangewasse) en **Tabel 3** (ander gewasse) slegs 'n opsomming van die gemiddelde opbrengste van die verskillende gewasse binne die proef.

## Tygerhoek (Overberg)

Die 2016-seisoen was die 15de jaar van die langtermynproef op Tygerhoek, geleë langs Riviersonderend. In die proef word daar gekyk na kortrotasiewisselboustelsels. Die hoofstelsels sluit die volgende kombinasies in: Twee jaar peulgewasweiding, gevolg deur een jaar kontantgewas, twee jaar peulgewasweiding gevolg deur twee jaar kontantgewasse, een jaar peulgewasweiding gevolg deur een jaar kontantgewas en twee suiwer kontantgewasstelsels.

Die 2016-winterseisoenreënval was soortgelyk aan die langtermyngemiddelde (**Tabel 4**), maar oeste was hoër as in die vorige twee seisoene – veral in die grane. **Tabel 5** toon die effektiewe opbrengs in kg/mm reën, vir die gewasse wat oor die afgelope drie seisoene verbou is. Die gemiddelde opbrengste van al die gewasse wat gedurende 2016 gestroop is, word in **Tabel 6** aangedui.

## Napky (Swellendam)

Die Napkyproef op die plaas Middeldrif (mnr Joos Badenhorst) toets die kontantgewasfase na die lusernfase in lang rotasiestelsels. Die area waar die proef geleë is, is tradisioneel 'n baie droë area met 'n langtermynwinterreënval van om en by 170 mm.

Laat somerreën en die behoud van hierdie vog in die grond speel daarom 'n groot rol in die realisering van 'n goeie oes. In die 2016-seisoen was daar goeie laatsomer vog in Februarie, Maart en April. Die proef is aan die einde van April geplant en alhoewel Mei en Augustus baie droog was, het 'n koel en vogtige September 'n bydrae gelewer om 'n rekordkoring- en garsoes te verseker.

Kanola het egter nie so goed gedoen nie, maar dit was as gevolg van onkruiddoderskade. Die gemiddelde opbrengste van die drie gewasse word in **Tabel 7** getoon.

## Riversdal (Oos-Rûens)

Die proef op die Riversdalvlaktes – op die plaas Uitkyk van mnr Jan-Hendrik Joubert – fokus op volgehoue kontantgewasstelsels vir die area. Die boeredag wat ontwikkel het sedert die proewe se aanvang in 2002, het gegroei en is in 2016 deur meer as 400 mense bygewoon. Uitstekende laatsomerreën het ook hier 'n beduidende bydrae gemaak tot uitstekende oesresultate (**Tabel 8**). Die seisoenale winterproduksiereënval was effens onder gemiddeld.

**TABEL 1: KORINGOPBRENGS NA VERSKILLENDE VOORAFGAANDE GEWASSE.**

| GEWASVOLGORDE | KORINGOPBRENGS (KG/HA) |
|---|---|
| Monokultuurkoring | 2 854 |
| Kanola → koring | 3 444 |
| Koring → koring (tweede jaar koring) | 3 535 |
| Koring → koring → koring (derde jaar koring) | 2 861 |
| Lupien → koring | 3 545 |
| Medics → koring | 3 958 |

**TABEL 2: GEMIDDELDE, MAKSIMUM EN MINIMUM OPBRENGSTE VAN GRAANGEWASSE IN DIE NUWE PROEF.**

| GEWAS | GEMIDDELDE OPBRENGS (KG/HA) | MAKSIMUM OPBRENGS (KG/HA) | MINIMUM OPBRENGS (KG/HA) |
|---|---|---|---|
| Koring | 3 961 | 4 894 | 2 427 |
| Gars | 4 408 | 4 947 | 3 404 |
| Hawer | 1 988 | 2 154 | 1 915 |
| Kanola | 2 099 | 2 872 | 1 144 |

**TABEL 3: GEMIDDELDE OPBRENGS VAN ALTERNATIEWE GEWASSE BINNE DIE NUWE PROEF.**

| GEWAS | GEMIDDELDE OPBRENGS (KG/HA) |
|---|---|
| Lynsaad | 1 294 |
| Fababone | 1 312 |
| Wieke (saadproduksie) | 426 |

**TABEL 4: REËNVALSYFERS OOR DIE AFGELOPE DRIE JAAR OP TYGERHOEK. DIE TOTAAL SLUIT SOMERREËN IN. DIE SYFER VIR APRIL TOT SEPTEMBER VERTEENWOORDIG DIE WINTERPRODUKSIESEISOEN.**

| | 2016 | 2015 | 2014 | LANGTERMYN GEMIDDELDE |
|---|---|---|---|---|
| Totaal | 352 | 378 | 694 | 393 |
| April - September | 269 | 309 | 303 | 267 |

**TABEL 5: PRODUKSIE-EFFEKTIWITEIT VAN VERSKILLENDE GEWASSE WAT VERBOU WORD OP TYGERHOEK OOR DIE AFGELOPE DRIE SEISOENE.**

| | KG/MM | | |
|---|---|---|---|
| | 2016 | 2015 | 2014 |
| Koring | 14,5 | 11,8 | 13,9 |
| Gars | 18,0 | 11,1 | 12,1 |
| Kanola | 6,8 | 5,0 | 5,0 |
| Hawer | 13,9 | 11,9 | 8,1 |
| Korog | 16,7 | 13,7 | - |

Dit word uitgedruk as kg produksie per millimeter reën ontvang vanaf April tot einde September

**TABEL 6: OPBRENGSTE VAN GEWASSE VERBOU OP TYGERHOEK.**

| GEWAS | GEMIDDELDE OPBRENGS (KG/HA) |
|---|---|
| Koring | 3 908 |
| Gars | 4 868 |
| Hawer | 3 731 |
| Korog | 4 478 |
| Kanola | 1 825 |

Maksimum en minimum opbrengste word aangetoon vir koring, gars en kanola








▲ 1: Die langtermynproewe op Langgewens.
▲ 2: Koring na medics.
▲ 3: Kanola na medics.

**TABEL 7: GEMIDDELDE OPBRENGS ASOOK DIE MAKSIMUM EN MINIMUM WAARDES VAN GEWASSE VERBOU IN DIE NAPKYPROEF.**

| GEWAS | GEMIDDELDE OPBRENGS (KG/HA) | MAKSIMUM OPBRENGS (KG/HA) | MINIMUM OPBRENGS (KG/HA) |
|---|---|---|---|
| Koring | 3 152 | 3 667 | 2 493 |
| Gars | 3 695 | 4 107 | 3 252 |
| Kanola | 1 136 | 1 352 | 996 |

**TABEL 8: GEMIDDELDE OPBRENGS, ASOOK DIE MAKSIMUM EN MINIMUM WAARDES VAN GEWASSE VERBOU IN DIE RIVERSDALPROEF.**

| GEWAS | GEMIDDELDE OPBRENGS (KG/HA) | MAKSIMUM OPBRENGS (KG/HA) | MINIMUM OPBRENGS KG/HA) |
|---|---|---|---|
| Koring | 4 387 | 5 108 | 3 284 |
| Gars | 4 144 | 4 618 | 3 735 |
| Kanola | 2275 | 2833 | 1324 |
| Lupiene | 2 268 | 2 677 | 1 941 |




# Intelex®

'n **Kixor**® oplossing

## Theo en Johan Janse van Rensburg

**Intelex**® boere

*Kaalfontein in Magaliesburg & Geluk in Brits-omgewing*

"Ons beveel **Intelex**® ten sterkste aan vir enige mede-boer in Suid-Afrika vir vooropkoms onkruidbeheer. As dit op *morning glory* werk, sal dit ander breëblare ook beheer. Dis 'n wen-wen produk en ons sal dit weer gebruik."

Theo en Johan gebruik **Intelex**® op hul mielielande as 'n vooropkoms onkruiddoder om op 'n vroeë stadium kompetisie met die mielies uit te skakel sodat die beste opbrengs afgehaal kan word. **Intelex**® help om moeilik beheerbare onkruide vroeg hok te slaan, veral *morning glory* en olieboom wat met oestyd 'n groot probleem is. **Intelex**® het ook goeie nawerkingsresultate gelewer met geen oordragingsprobleme in opvolggewasse insluitend sojaboon en sonneblomme. Vir Theo en Johan gee **Intelex**® goeie resultate en maak dit die stroopproses makliker, en sal hulle dit sterk aanbeveel vir mede-boere.

## Intelex® – Die vooropkoms onkruiddoder vir mielies.

**Intelex**®, 'n **Kixor**®-oplossing, is effektief in die vooropkoms beheer van breëblaar-onkruide en grasse. Omdat **Intelex**® 'n nuwe klas van chemie vir mielieprodusente vir die beheer van sekere hardnekkige en weerstandige onkruide voorsien, het dit volhoubare boerdery tot gevolg. Dit verseker ook gemoedsrus aan produsente dat die gewas sy volle opbrengspotensiaal sal bereik, met geen oordragingsprobleme vir opvolggewasse nie.

**Intelex**® van **BASF** het doeltreffende nawerking op onkruide en verseker jou gemoedsrus.

BASF

We create chemistry

**Intelex**® Reg. Nr. L9895 Wet Nr. 36 van 1947. Aktiewe bestanddele: **Kixor**® 68 g/ℓ. Dimethenamid-P 600 g/ℓ. Versigtig. **Kixor**® - Saflufenacil. • **Intelex**® en **Kixor**® is geregistreerde handelsmerke van BASF.
BASF Suid Afrika (Edms) Bpk • 852 Sestiende Straat, Midrand, 1685 • Posbus 2801, Halfway House, 1685 • Tel: +27 11 203 2400 • Faks: +27 11 203 2461
Webblad: www.agro.basf.co.za • Mobielewebblad: m.agro.basf.co.za

# Wes-Kaapse 2016-navorsing

In **Tabel 9** word die koringopbrengs binne verskillende stelsels en gewasvolgordes oor die tydperk 2013 tot en met 2016 getoon. Let veral op die verskil in koringopbrengs waar koring na koring in dié volgorde voorkom.

## Samevatting

Die 2016-seisoen het oor die algemeen uitstekende resultate opgelewer. Na die droë 2015 was die groot verskil in die opbrengs in die Swartland verstommend en dui dit op die veerkragtigheid van die bewaringslandboustelsels.

Die huidige seisoen in die Wes-Kaap lyk nie so rooskleurig nie. Baie min reën is in die proefareas in die Suid-Kaap ontvang. Die reën in die Swartland was effe beter, maar is steeds 12% minder as op dieselfde tydstip tydens die droë 2015. Vir meer inligting, kontak dr Johann Strauss by *johannst@elsenburg.com*. ■

**TABEL 9: KORINGOPBRENGSTE IN VERSKILLENDE STELSELS EN GEWASVOLGORDES OOR 'N VIER JAAR-PERIODE.**

| STELSEL | GEWASVOLGORDE | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | GEMIDDELD (KG/HA) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | kcglk | 3 493 | 3 095 | 3 944 | 5 039 | 3 893 |
| 1 | cglkk | 3 412 | 2 944 | 2 905 | 3 729 | 3 248 |
| 2 | ck | 3 314 | 3 046 | 3 824 | 4 647 | 3 708 |
| 3 | lkck | 2 958 | 2 212 | 3 693 | - | 2 954 |
| 3 | cklk | 3 879 | 2 706 | 4 258 | 4 928 | 3 943 |
| 4 | gck | 3 565 | 2 660 | 3 748 | 3 954 | 3 482 |
| 5 | kd1k | 3 680 | 2 703 | 3 310 | 4 618 | 3 578 |
| 5 | d1kk | 3 866 | 1 908 | 2 846 | 3 408 | 3 007 |
| 6 | d2ck | 3 520 | 2 637 | 3 853 | 4 778 | 3 697 |

k = koring, g = gars, c = kanola, l = lupiene, d1 = dekgewas (swarthawer) en d2 = dekgewas (peulmengsel)

Product information

# Grain storage solutions

**ROGER MCCALLUM,** sales manager, Power Plastics

Recognising the need for more affordable storage solutions, covers and liners, specialist manufacturer Power Plastics has developed a simple yet effective solution for the preservation of grain and other agricultural products.

The innovative wire mesh reservoir with a food-safe PVC inner liner and an optional PVC cover allows producers to maintain the market value of their crops and avoid losses due to rodents, insects as well as offering protection from the natural elements.

The galvanised mesh reservoir is 1,2 m high and available in diameters from 3 m to 7,5 m. The PVC liner is UV treated to ensure overall longevity of the storage reservoir.

Because Power Plastics strives to add value, it has been designed with versatility in mind and can also be used for rainwater harvesting. By adding a cover made from GeoBubble thermal material to curb evaporation and prevent algae, it becomes a valuable fresh water source in drought areas, storing 5 300 m³ at its largest diameter (7,5 m). ■



# Bemesting vanaf 'n rekordoes na 'n moontlik minder goeie seisoen

DR JOHAN VAN BILJON, opbrengsverbeteringstelsels, Kynoch Kunsmis

Die afgelope seisoen was 'n rekordjaar vir graanprodusente, maar voorspellings dui op die moontlikheid vir minder gunstige klimaatstoestande in die komende seisoen. Wat behoort die benadering dán te wees?

## Afgelope seisoen

Die Nasionale Oesskattingskomitee is van mening dat die afgelope seisoen 'n rekordoes van meer as 16 miljoen ton mielies gaan oplewer. Die styging is ongeveer 2,1 t/ha (52% verhoging) teenoor die vorige seisoen, wat beteken dat daar meer voedingstowwe per hektaar verwyder is.

Indien hierdie toename in kunsmis omgesit word, beteken dit dat daar in die afgelope seisoen ongeveer 370 000 ton meer kunsmis net deur mielies alleen uit die grond verwyder is.

In die geval van Mpumalanga was die ooreenstemmende opbrengsverhoging ongeveer 42%, wat ongeveer 43 000 ton meer kunsmis uit die grond verwyder het. Die implikasie hiervan is dat die ekstra verwydering van voedingstowwe deur die goeie oes nie uit die oog verloor moet word nie.

Dit is daarom krities dat die voedselprodusente hul moet vergewis van hoeveel voeding vir die komende seisoen in die grond beskikbaar is. "Besparing" op bemesting behoort die komende seisoen met groot omsigtigheid hanteer te word.

## Komende seisoen

Die voorspelling vir 'n moontlike El Niño-verskynsel het vanaf Mei heelwat verander. Volgens die Mei-voorspelling was die voorkoms van 'n El Niño-verskynsel by verre die hoogste gewees, gevolg deur die voorkoms van 'n neutrale verskynsel en 'n baie klein kans op 'n La Niña-verskynsel.

Die huidige voorspelling dui daarop dat die kans op 'n La Niña-verskynsel nog steeds klein is, maar dat die waarskynlikheid vir 'n neutrale-verskynsel drasties verhoog het en nou heelwat hoër is as 'n El Niño-verskynsel.

Dit is natuurlik goeie nuus deurdat daar moontlik 'n effens beter seisoen voorlê as wat aanvanklik verwag is.

## Doeltreffender benadering

By Kynoch verhoog ons die doeltreffendheid deur:

- Die gewas meer doeltreffend te maak;
- produkte meer doeltreffend te maak; en
- die aanwending van presisieboerdery-inligting meer doeltreffend en meer bekostigbaar te maak.

## Gewasse

Bemestingsvoorstelle word gewas-, groeistadium- en plekspesifiek gemaak. 'n Gewasspesifieke bemestingsvoorstel beteken dat elke spesifieke gewas verskillend bemes word, maar dat daar ook gewasspesifieke produkte soos die bekende Oemff®-blaarvoedingsreeks vir byvoorbeeld mielies, koring, sojabone, lusern en groente ontwikkel is.

Groeistadiumspesifieke bemestingsvoorstelle beteken dat die 17 noodsaaklike voedingstowwe volgens die gewas se behoefte vir elke groeistadium gegee word. Dit word gedoen omrede sekere voedingstowwe gedurende 'n spesifieke groeistadium meer belangrik as ander is.

Plekspesifieke bemestingsvoorstelle bring die grond en klimaat in berekening. Geen bemestingsvoorstel kan sonder ten minste 'n chemiese grondontleding gedoen word nie. 'n Chemiese grondontleding saam met 'n beplanningsopbrengs en 'n wetenskaplik-gefundeerde bemestingsriglyn is 'n voorvereiste vir 'n ekonomiese bemestingsvoorstel.

Binne die Kynoch aanbod is produkte wat spesifiek gemik is op die verbetering van die doeltreffendheid van gewasse. Die plant (gewas) kan as 'n fabriek gesien word waar die blaaroppervlakte 'n kritiese rol speel.

Die geheim van gewasverbouing lê daarin om die fabriek so vinnig as moontlik te bou en dit dan so lank as moontlik aan die gang te hou. Terselfdertyd moet die fabriek so vinnig as moontlik (hoë revolusies) produseer om die potensiële opbrengs – en gevolglik inkomste – uit die gewas te verhoog.

## Produkte

By Kynoch word daar ook daarop gekonsentreer om die doeltreffendheid van die kunsmisprodukte te verhoog. Een van die produkte is KynoPlus®, 'n stikstofkunsmis met 'n hoër effektiwiteit as van die ander produkte. KynoPlus kan voor-plant (breedwerpig uitgestrooi, diep geplaas of liggies ingewerk), met planttyd (in die plantermengsel) en na-plant as topbemesting (bo-op die grond uitgestrooi of ingewerk) gebruik word.

Spesialisprodukte soos KynoPop™, Oemff-blaarvoedingsreeks is ook beskikbaar. KynoPop is 'n produk wat in die behoeftes van die jong saailing voldoen en naby die saad met planttyd toegedien word om 'n sterk en gesonde saailing te vestig, wat beter weerstand teen strestoestande soos koue versuiptoestande, onkruiddoderskade en siektes kan bied.

Die Oemff-blaarvoedingsreeks is gewasspesifiek en daarop gemik om die fisiologie van die gewas te bestuur om sodoende byvoorbeeld die fotosintesetempo van die gewas te bevorder en om 'n bydrae met stresbestuur te lewer.

## Nuwe presisiebenadering

Presisieboerdery het in sekere gevalle 'n negatiewe konnotasie begin kry bloot oor die feit dat dit dikwels slegs in 'n boek met kaarte wat in die kas stof opgaar, geëindig het. Indien presisieboerdery nie tot 'n aksie op die plaas gelei het nie, is dit 'n mislukking en was dit geldmors.

Wat behoort te gebeur, is dat die data wat ingesamel is en tot inligting verwerk is, tot finansiële voordeel van die boerdery aangewend moet word. Tot nou toe het die sinvolle gebruik van presisie-inligting die voedselprodusent in 'n groot aantal gevalle ontwyk.

Kynoch het in samewerking met internasionale rolspelers verskillende tegnologieë sinvol gekombineer om die interpretering en gebruik van die inligting te vergemaklik. Hierdie nuwe benadering behels dít wat werklik 'n verskil op die plaas kan maak en is onder sekere voorwaardes gratis aan Kynoch kliënte beskikbaar.

## Opsommend

Opsommend kan gesê word dat, gegewe die goeie opbrengste van die vorige seisoen en die voorspellings vir die komende seisoen, bemesting se doeltreffendheid verhoog moet word. Kynoch beskik oor die regte benadering, produkte, tegnologie en dienste om dit 'n werklikheid te maak. Die leuse is nie verniet, verhoogde doeltreffendheid deur innovasie, nie. ■




# KynoPrecise™

## Neem ingeligte besluite.

**Kynoch** is aan die voorpunt van innovasie en die nuutste wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling om jou te ondersteun in jou soeke na maksimum winsgewendheid. Met **KynoPrecise™** kry jy toegang tot plekspesifieke inligting sodat jy die regte keuses vir jou plaas kan maak.

Die **KynoPrecise™** -programmatuur sluit die volgende in:

**KynoRover™**
- Op jou slimfoon of tablet vir uitstekende mobiliteit vir gebruik in die veld.
- Alles wat jy nodig het, bv. navigasie, monsterneming, verkenning, verslae, ens.

**KynoEye™**
- 'n Webblaaier waar jy al die beskikbare inligting op een plek kan kry, bv. grondkaarte, satellietbeelde, opbrengskaarte, ens.

**KynoAnalytics™**
- Die allernuutste in die integrasie en opeenstapeling van data om die verband wat daar tussen die verskillende faktore op jou plaas bestaan, betekenisvol te ontleed.

**KynoPrecise™** gee jou plekspesifieke insig en die nuutste inligting sodat jy ingeligte besluite kan neem.

* Bepalings en voorwaardes geld. Kontak u naaste Kynoch-agent of Kynoch-landboukundige.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | **www.kynoch.co.za**

Kynoch

KynoPrecise™

**Farmisco (Edms) Bpk.** h/a Kynoch Kunsmis
Reg No. 2009/0092541/07

uppe marketing A16971/SAG

# The real facts
## behind preharvest sprouting and aluminium toxicity

**DR ANNELIE BARNARD, DR SCOTT SYDENHAM** and **HESTA HATTING,** ARC-Small Grain, Bethlehem

Acid soils are widespread in the major wheat producing regions of South Africa. More than two thirds of the arable soils of the eastern part of South Africa – especially the Eastern Free State and KwaZulu-Natal – are affected by soil acidity. The major limiting factor to agronomic productivity in these soils is aluminium (Al) toxicity.

Preharvest sprouting is the premature germination of wheat kernels in the ear, while still attached to the mother plant. This occurs sporadically as a result of rain and prolonged moist conditions in the critical few weeks around harvest time. This leads to biological changes in the grain that lower grain yield, hectolitre mass and flour quality, resulting in huge economic implications for both producers and end-users. There is a wide range of variation in the preharvest sprouting tolerance in South African wheat cultivars, ranging from good to poor.

In a previous study it was shown that the pH of the soil had no effect on the preharvest sprouting resistance of wheat cultivars grown in those soils in the susceptible or resistance groupings (red and green groups in **Graph 1**).

However, lower pH values, in other words increased soil acidity, led to higher levels of preharvest sprouting resistance susceptibility of the moderately resistance cultivars (yellow group). We also know that the moderately resistant group of cultivars is in general more prone to environmental stresses than the susceptible or resistant group.

A cultivar in this group may have a good preharvest sprouting resistance in certain years under certain conditions, while the same cultivar can show susceptibility to preharvest sprouting resistance under different conditions.

Throughout the years, various cultivar registration publications reported that lines or cultivars with good resistance to preharvest sprouting resistance have poor tolerance to aluminium in the soil and vice versa. It has also been shown that lines or cultivars with moderate aluminium tolerance usually have moderate resistance to moderate susceptibility to preharvest sprouting resistance.





















**1: A wheat field suffering from aluminium toxicity.**


**2: A wheat ear showing extreme preharvest sprouting.**

**3a to 3c: Screening for preharvest sprouting resistance and aluminium in the laboratory and through marker assisted selection.**

**4: A gel photo of a 3% high resolution agarose gel of the *ALMT1* marker. The four different alleles of the *ALMT1* gene is visible in the various lanes of the gel.**




**Graph 1: Illustration to indicate susceptibility and resistance to preharvest sprouting resistance (lower values indicate resistance to preharvest sprouting resistance).**




**Graph 2: Screening for preharvest sprouting resistance and aluminium in the laboratory and through marker assisted selection.**

We therefore tried to determine if there was indeed an association between the preharvest sprouting resistance susceptibility of wheat cultivars and their tolerance to aluminium toxicity or if this was mere coincidence.

## How did we conduct the research?

A total of 41 wheat cultivars were screened for their preharvest sprouting resistance tolerance/susceptibility over a period of ten years. This screening was done in a rain simulator where the ripe wheat ears were subjected to a simulated rain treatment and scored according to the sprouting of the kernels that took place in the ears. The various cultivars were grouped into resistant, moderate or susceptible groups.

The same cultivars were screened in the laboratory for aluminium tolerance, based on the haematoxylin staining method. According to this method cultivars could be classed as tolerant (where the tip of the root was not stained, indicating successful regrowth after staining) versus susceptible (where the root tip was stained, which means that no regrowth of the root took place after staining).

In addition to the laboratory screening of aluminium tolerance, molecular markers were used to determine the presence of different forms of the aluminium tolerance gene *ALMT1*. These different forms confer varying levels of aluminium tolerance in each cultivar.

## What did we find?

The preharvest sprouting resistance of the cultivars in the study varied from good (in 35% of the cultivars) to susceptible (in 21% of the cultivars) (**Graph 2**). The laboratory screening of aluminium tolerance indicated that 34% of the cultivars were tolerant and 54% of the cultivars were susceptible.

In the molecular laboratory four types of the *ALMT1* gene were identified. Type I and Type II confer aluminium susceptibility, while Type V is an indication of aluminium tolerance. Type IV shows moderate tolerance to aluminium.

A very good correlation ($R^2$ = 0,81) was observed between the laboratory screening of aluminium and the marker validation. This means that the *ALMT1* marker data (**Photo 4**) showed similar results to the research that was conducted with the visual screening of aluminium tolerance.

In **Table 1** the preharvest sprouting resistance data and the aluminium results for the wheat cultivars used in this study are shown. The cultivar Matlabas had a mixed *ALMT1* genotypic profile, showing both Type II and Type IV alleles. The Type IV allele is dominant, so this means that the cultivar has a moderate tolerance to aluminium. This was also confirmed by the phenotypic screening.

The results further indicated that there is a significant negative correlation ($R^2$ = -0,68) between the preharvest sprouting resistance characteristics of the cultivars and their aluminium tolerance or susceptibility. This means that in 94% of cultivars tested, cultivars with 'n good preharvest sprouting resistance tolerance (preharvest sprouting resistance score lower than 3), had poor aluminium tolerance. Similarly, in 75% of the cultivars tested, cultivars with poor preharvest sprouting resistance tolerance (preharvest sprouting resistance score higher than 5), showed good aluminium tolerance.

The reason for this is still speculative. One of the explanations is the fact that the major genes responsible for preharvest sprouting resistance tolerance and aluminium tolerance are positioned on the same chromosome. This creates a competition for 'genetic space' which complicates the normal crossing process in breeding. The fact that these two important traits occur on the same wheat chromosome, and also at similar positions, suggests that most of the time a natural crossover event will knock each other out.

To make progress in traditional breeding programmes, thousands of lines will need to be phenotypically screened in order to try and find a line that contains both traits. Without the dedicated selection for preharvest sprouting resistance and aluminium tolerance with molecular markers, this will be very difficult, if not impossible.

## Why is this important in the breeding process?

There is a significant negative correlation between preharvest sprouting resistance and aluminium sensitivity in South African wheat cultivars, which was confirmed by molecular data.

# Preharvest sprouting and aluminium toxicity

**TABLE 1: PREHARVEST SPROUTING RESISTANCE AND ALUMINIUM DATA FOR THE 41 CULTIVARS INCLUDED IN THIS STUDY.**

| PREHARVEST SPROUTING RESISTANCE – TOLERANT CULTIVARS | | | PREHARVEST SPROUTING RESISTANCE – MODERATE CULTIVARS | | | PREHARVEST SPROUTING RESISTANCE – SUSCEPTIBLE CULTIVARS | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| CULTIVAR | PHS SCORE | *ALMT1* | CULTIVAR | PHS SCORE | *ALMT1* | CULTIVAR | PHS SCORE | *ALMT1* |
| Betta | 1,5 | Type I | Molopo | 3,2 | Type II | PAN 3349 | 5,1 | Type V |
| Elands | 2,0 | Type I | Gariep | 3,5 | Type I | SST 983 | 5,2 | Type V |
| Komati | 2,0 | Type I | SST 356 | 3,5 | Type IV | Molen | 5,4 | Type I |
| Scheepers 69 | 2,0 | Type I | Letaba | 3,5 | Type I | PAN 3195 | 5,4 | Type V |
| Betta-DN | 2,1 | Type I | PAN 3379 | 3,6 | Type V | Carina | 5,9 | Type V |
| Karee | 2,1 | Type I | SST 124 | 3,7 | Type I | Tugela-DN | 6,4 | Type V |
| PAN 3364 | 2,3 | Type II | PAN 3118 | 3,8 | Type V | Flamink | 6,8 | Type I |
| PAN 3368 | 2,4 | Type I | PAN 3191 | 3,8 | Type II | Tugela | 7,2 | Type V |
| SST 322 | 2,4 | Type II | SST 316 | 3,8 | Type IV | | | |
| PAN 3120 | 2,6 | Type V | SST 387 | 3,8 | Type V | | | |
| SST 347 | 2,7 | Type I | Koonap | 3,9 | Type V | | | |
| SST 398 | 2,7 | Type I | PAN 3111 | 4,4 | Type V | | | |
| PAN 3144 | 2,7 | Type V | PAN 3198 | 4,5 | Type V | | | |
| Senqu | 2,7 | Type II | PAN 3161 | 4,5 | Type V | | | |
| Matlabas | 2,7 | Type IV/II | Hugenoot | 4,9 | Type I | | | |
| SST 399 | 2,8 | Type I | | | | | | |
| SST 317 | 2,8 | Type I | | | | | | |
| SST 374 | 3,0 | Type I | | | | | | |

PHS: Preharvest sprouting resistance
It is noticeable how almost all the preharvest sprouting resistance tolerant cultivars show susceptibility to aluminium and vice versa

The *ALMT1* data marker appears more sensitive than the laboratory aluminium testing, as a clearer distinction between moderate tolerance genotypes could be made. Until now it was not possible, or very difficult, to develop cultivars with tolerance to both preharvest sprouting resistance and aluminium toxicity.

PAN 3120 and PAN 3144 are the only cultivars with good tolerance to both parameters. The data from this study, however, can be used in future to identify germplasm that contains both good preharvest sprouting resistance and aluminium tolerance.

## Why is this important to producers?

Producers should be familiar with the various characteristics of the cultivars that are commercially available. The results shown here again highlight the importance of correct and timeous liming procedures. To only rely on cultivars with tolerance to high levels of aluminium can lead to huge economic losses if crops are downgraded as a result of preharvest sprouting resistance.

Both the preharvest sprouting resistance and aluminium data are available in the annual *Production guidelines for small grains*. It is therefore important that producers take note of these correlations in order to make the correct cultivar choice for their specific situation. ■

ARC • LNR



SILO WAREHOUSE (PTY) LTD.

**Silos, grain bunkers, bucket elevators, augers, grain cleaners, chain-, pipe-, belt conveyors and grain dryers**

**Feed bins and hopper bottom silos, capacities 5 mt - 1,500 mt**

**www.silowarehouse.co.za**
**E-mail: info@silowarehouse.co.za**
**Tel: 012 332 1469 / 082 492 7496**








uppe marketing A17012

**Roundup**
**TURBO**
**HERBICIDE**

# Maak staat op suksesvolle onkruidbeheer ...

## Met die regte kombinasie en gebruik van Roundup® Turbo.

Met voortdurende innovasie en volgehoue betroubaarheid, bied Monsanto jou die wêreld se voorste onkruiddoders. Daarom is daar geen uitsondering wanneer dit kom by onkruidbeheer met **Roundup® Turbo** vir die skoonhou van lyndrade, die beheer van indringerplante en voorplantbespuitings nie.

**Roundup® Turbo plaas jou in beheer.**

**011 790-8200 | www.monsanto.co.za**
Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnommer of e-posadres te kontak: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

**Roundup® Turbo** bevat 450 g glifosaat/ℓ en is 'n groepkode G-onkruiddoder. Versigtig. Reg. No. L7166 (Wet No. 36 van 1947).
Gebruik onkruiddoders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik.
**Monsanto** en **Roundup Turbo®** is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

# NWK sê dankie en *beloon lojale klante*

NWK



Lojaliteit program — TYD VIR TERUGPLOEG

NWK

Loyalty programme — TIME TO PLOUGH BACK

**HOE SÊ NWK DANKIE** vir jarelange ondersteuning; deur dik en dun, deur rekordoeste of misoeste en deur wins- of verliesjare? Deur terug te ploeg in ons lojale klante.

Vind meer uit by *www.nwklojaliteit.co.za*, skakel NWK Finansiering of doen navraag by jou naaste handelswinkel of silo.







*Besoek www.nwk.co.za om via NWK Online te registreer*

*Infoworks 7552/B*

# Klante registreer fluks vir *lojaliteitsprogram*

**JOHAN BEZUIDENHOUT,** groepbestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie, NWK

Sedert die NWK-landboudienstegroep sowat 'n maand gelede 'n lojaliteitsprogram van stapel gestuur het, het klante flink hierop gereageer. Die registrasieproses vorder vinniger as wat verwag is en deelnemende klante het gevolglik reeds begin om lojaliteitspunte te verdien.

Die program se mikpunt is om lojale klante met aandele óf krediet vir verdere aankope te beloon en om klante aan te moedig om hul landbousake aan die groep toe te vertrou. Dit skep inderwaarheid 'n wen-wensituasie, want klante verdien 'n bykomende voordeel, terwyl NWK ekstra besigheid genereer en kan voortgaan om 'n wesenlike rolspeler in die landbougebiede van veral die Noordwes Provinsie te wees.

Volgens mnr Francois de Kock, bestuurder: NWK Finansiering, is produsente se reaksie op dié terugploegstrategie geweldig positief. Dit is die terugvoer wat tydens 'n reeks inligtingsvergaderings met produsente in Augustus, asook tydens die algemene jaarvergadering in September, ontvang is.

"Uit gesprekke met produsente wat direkte navraag by Finansiering doen, is dit duidelik dat landbouklante wat NWK vantevore by geleentheid ondersteun het, nou twee keer dink, want hulle weet hul kan lojaliteitspunte verdien," het hy gesê.

Ook die handelsdivisie kry goeie terugvoer van kommersiële en ontwikkelende produsente. "Heelwat nuwe moontlikhede vir primêre insetbesigheid het al na vore gekom weens die lojaliteitsprogram. Klante wat nie altyd hul primêre insette deur ons aangekoop het nie, kontak nou ons verteenwoordigers vir kwotasies," vertel mnr Jacques de Wet, bestuurder: Aankope- en Bemarking, NWK Handel.

## Geen registrasie, geen punte

Aangesien registrasie per entiteit 'n voorvereiste vir deelname aan die program is, is dit 'n hekkie wat alle klante – dus produsente, aandeelhouers, sake-entiteite, die algemene publiek of personeel – moet oorkom. Elke entiteit wat punte wil verdien, ongeag of dit 'n individu, beslote korporasie, vennootskap, maatskappy of trust is, moet afsonderlik geregistreer word.

Klante vra dikwels of die registrasieproses en die FICA-inligting werklik nodig is. "U as klant se inligting moet deur die FICA-proses geverifieer word omdat 'n potensiële voordeel van die program aandele in die groep is, waarop dividende verdien kan word. Dit is ook belangrik om 'n sekuriteitsmaatreël in plek te hê sodat 'n klant se wagwoord geverifieer kan word," aldus Francois.

'n Ligpunt vir klante wat nog nie geregistreer het nie, is dat dit net eenmalig gedoen hoef te word. Huidige klante van NWK het die voordeel dat bestaande inligting op die stelsel reeds op die registrasievelde vertoon. Dit is dus net nodig om die inligting se korrektheid na te gaan en ontbrekende inligting in te vul.

## Hulp met registrasie

Klante wat probleme ervaar met die aanlynregistrasie of wat nie toegang tot die internet het nie, kan hulle ore en oë oophou vir doelgerigte registrasiedae by bedryfspunte van November dié jaar tot April volgende jaar. Konsultante van NWK Finansiering sal dan op hul pos wees om klante by te staan om te registreer. Dieselfde diens sal ook tydens boeredae, ekspo's en inligtingsvergaderings beskikbaar wees. Intussen kan klante ook by hul naaste bedryfspuntbestuurder aanklop vir hulp met registrasie.

Die webtuiste *www.nwklojaliteit.co.za* bevat 'n volledige stel vrae en antwoorde oor die program. Sien die kassie onder vir 'n stap-vir-stapverduideliking van hoe om te registreer. Onthou, hoe meer sake, hoe meer punte. Kontak NWK Finansiering gedurende kantoorure by 018 633 1000 vir verdere navrae.

## Registreer en kry meer

Enige NWK-klant kan by die lojaliteitsprogram inskakel. Volg dié stappe:

- Kies die "registreer"-skakel op die NWK-webtuiste se tuisblad, op die spesiale webtuiste *www.nwklojaliteit.co.za* óf op die NWK Online-toepassing.
- Vul die verpligte velde (gemerk met rooi sterretjies) volledig in.
- Lees en aanvaar die terme en voorwaardes en kies die "dien in"-skakel onderaan die bladsy.
- As dit volledig ingevul is, sal 'n groen strepie verskyn met die boodskap: "U aansoek is suksesvol ingedien".
- Sodra die aansoek verwerk is, sal u per sms deur NWK Finansiering daarvan in kennis gestel word.
- Al u rekeninge by NWK sal dan aan die Lojaliteitsprogram gekoppel wees, sodat punte op alle handel- en graanleweringstransaksies verdien kan word. ■

# Hoekom kruipvoeding vir jong herkouerdiere?

**ANNELIE VAN DEVENTER,** veekundige, Feedtek

Produsente belê in die beste bekostigbare genetika en rig infrastruktuur soos lamhokke en -kampe op. Hulle volg bestuursprogramme vir inentings, dip en dosering noukeurig. Tegnologie met *controlled internal drug release* (CIDRS), dragtige merrieserum (DMS), kunsmatige inseminasie (KI) en laparoskopie is tot ons beskikking, maar ontsluit ons die jong dier se genetiese potensiaal optimaal?

'n Groot aantal produsente skram om verskeie redes weg van kruipvoeding. Oprigting van nuwe kruipvoerkrippe, ekstra rantsoene wat gemeng of aangekoop moet word, of bloot net die potensiële addisionele koste blyk die mees algemene redes te wees waarom kruipvoer nie gegee word nie.

Navorsing en ervaring het egter oor tyd gewys dat die voordele wat 'n kwaliteit geformuleerde kruipvoer vir die ontwikkeling van 'n jong dier inhou, die negatiewe persepsies oorskadu.

## Voordele wat kruipvoer bied

Die effek van Epi-genetika is een van die belangrikste voordele wat kruipvoer bied. Epi-genetika is die omgewingsfaktore en eksterne veranderinge wat DNA ondergaan sonder om die DNA-volgorde te verander.

Die verandering het 'n invloed op hoe die selle die gene interpreteer. Wanneer diere vir die eerste paar maande van hul lewens aan goeie voeding blootgestel word, beïnvloed dit hoe hulle DNA uitgedruk en deur hul geïnterpreteer word.

'n Voorbeeld hiervan is dat ooilammers wat in die eerste paar maande van hul lewens onder voedingstres was, 'n laer ovulasietempo sal hê en dit sal hul vrugbaarheid die res van hul lewens negatief beïnvloed.

Verder kan die aantal spierselle wat in hierdie goue periode vasgelê word, meer wees. Vir die res van sy, of haar, lewe het die dier dus meer spierselle wat kan vergroot.

'n Derde voorbeeld is dat reeds 70% tot 80% van die wolfollikels in die eerste maand van 'n wollam se lewe volwasse word – 'n voedseltekort in hierdie tyd sal die skaap se wolproduksie voortaan negatief beïnvloed. Om hierdie voordele te benut, moet die jong herkouer 'n kruiprantsoen met genoegsame hoë kwaliteit energie, ruvesel, verbyvloeiproteïene, vitamiene en minerale ontvang.

## Grootpensontwikkeling

Pasgebore herkouers word met 'n onvolwasse spysverteringstelsel gebore en een van die hooffunksies van kruipvoeding is om die grootpens te ondersteun om te ontwikkel.

Kruipvoer ontwikkel die grootpens op twee maniere. Die een is om die grootpens in grootte en volume te vergroot en tweedens om die grootpenswand en vingeragtige grootpenspapille te ontwikkel. Die grootte en volume word positief beïnvloed deur die ruvoer wat die lam/kalf saam met sy ma vreet – en/of inneem as daar ruvoer in die kruipvoer teenwoordig is.


Ek verkies 'n kruipvoer wat ruvoer bevat in die vorm van goeie gehalte gemaalde lusern, aangesien die spysvertering nog ontwikkel. Goeie kwaliteit lusern is beter verteerbaar as ander swakker ruvoere. Ook help dit om suurpens, wat kan ontwikkel as diere hulself oorvreet, te verhoed. Die doel van die grootpenspapille is om nutriënte vanuit die grootpens te absorbeer. Hoe beter hierdie vingeragtige villi ontwikkel is, hoe groter is die oppervlak van absorpsie vanuit die grootpens.

Die graangedeelte in die kruiprantsoen is hiervoor verantwoordelik. Graanvertering lei tot die vorming van vlugtige vetsure soos propioonsuur en bottersuur. Bottersuur word gesien as die energiesubstraat vir die grootpens-epiteelselle wat die grootpenspapille uitmaak.

Kalwers wat net melk ontvang, se grootpens sal daarom basies onderontwikkel wees (soos geïllustreer in **Foto 1**) en 'n jong kalf wat net melk en ruvoer ontvang het, sal wel 'n mate van grootpenspapilontwikkeling toon. Let egter op die goeie grootpenspapilontwikkeling en dik grootpenswand van 'n melkrasbeeskalf se grootpens in **Foto 2a** tot **Foto 2c** – hoofsaaklik weens die aanwesigheid van graan in die rantsoen.







**1: Kalwers wat net melk ontvang, se grootpens sal basies onderontwikkel wees.**
Foto: Dawie du Plessis

**2a: 'n Kalf se grootpens wat net melk ontvang het, met geringe papilontwikkeling.**

**2b: 'n Kalf se grootpens wat melk en hooi ontvang het, met min papilontwikkeling.**

**2c: 'n Kalf se grootpens wat melk, graan en ruvoer ontvang het. Beduidende papilontwikkeling.**
Foto's: Jud Heinrichs, Penn State University

**3: Deursnit van die grootpenswand wat die grootpenspapille illustreer.**
Foto: Jud Heinrichs, Penn State University




+




# SAAM BOER ONS VIR DIE TOEKOMS

**So veelsydig en aanpasbaar as wat jou boerdery vereis.**

Voergewasse waarop jy kan staatmaak. Ons veelsydige weidingspakket lewer voer met 'n hoë-drakrag en smaaklikheid en is geskik vir melk-, vleisbees- of skaapproduksie.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za

| Lusern | Intensiewe Grasse | Droëland Wintergewasse | Eenjarige Subtropiese Gewasse |
|---|---|---|---|
| Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooitipes | Eenjarige Raaigras<br>Meerjarige Raaigras | Hawer<br>Korog<br>Stoelrog<br>Japannese Radys | Voersorghums<br>Tef |

PANNAR®

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/WEIDING/A/18COMBO/A4



AgCelence®
Verwag meer

Groot stamme, groter wortels, grootste blare.
**Groter opbrengs met Bellis®**



**Bellis® - Die nuutste toevoeging tot die BASF *AgCelence®*-portefeulje verseker nie net effektiewe siektebeheer op sonneblomme nie, maar verskaf ook addisionele fisiologiese voordele vir optimale opbrengs. Ons noem dit die *AgCelence®*-effek:**

- **Verhoogde plantgroeidoeltreffendheid met beter fotosintesedoeltreffendheid, stikstofverbruik asook verhoogde biomassa-ontwikkeling**
- **Verhoogde toleransie teen stremming in situasies soos droogte deur etileenproduksie te inhibeer**

**Kry die *AgCelence®*-voordeel met Bellis®**

BASF
We create chemistry

**BASF** Suid-Afrika (Edms) Bpk ▪ Sestiendestraat 852, Midrand, 1685 ▪ Posbus 2801, Halfweghuis, 1685 ▪ Tel: +27 11 203 2400 ▪ Faks: +27 11 203 2461
Webwerf: www.agro.basf.co.za ▪ Mobiele webwerf: m.agro.basf.co.za ▪ Epos: AgCelence-za@basf.com
**Bellis®** Reg. Nr. L7817 Wet Nr. 36 van 1947. Aktiewe bestanddeel: **F500®** 128 g/kg. Boscalid 252 g/kg. Versigtig. **F500®** – Pyraclostrobin. Verwys asb. na die produketiket vir gebruiksaanwysings.
**Bellis®**, **F500®** en ***AgCelence®*** is geregistreerde handelsmerke van BASF.

# Hoekom kruipvoeding vir jong herkouerdiere?

**TABEL 1: INVLOED VAN OUDERDOM OP DIE VOEROMSETDOELTREFFENDHEID VAN LAMMERS.**

| OUDERDOM (DAE) | MASSA (KG) | VOEROMSET (KG VOER/KG MASSATOENAME) |
|---|---|---|
| 0 - 42 | 4,5 - 15 | 1,0:1 |
| 42 - 60 | 15 - 20 | 3,0:1 |
| 60 - 80 | 20 - 25 | 3,5:1 |
| 80 - 100 | 25 - 30 | 4,0:1 |
| 100 - 120 | 30 - 35 | 4,5:1 |
| 120 - 140 | 35 - 40 | 5,0:1 |
| 140 - 160 | 40 - 45 | 5,5:1 |

Die grootpens in Foto 2a tot Foto 2c en **Foto 3** (bladsy 58), sal aansienlik meer effektief wees as die ander illustrasies en meer nutriënte vanuit die voedsel wat gevreet word, absorbeer.

## Ekonomie van kruipvoer

Wanneer kosteberamings gedoen word en dit handel oor kruipvoer, kan jy jou nie net teen die rantsoenkoste blind staar nie. Jong diere het die vermoë om kruipvoer soveel beter te benut. In **Tabel 1** kan gesien word hoeveel kilogram voer lammers oor hul leeftyd moet vreet om in 1 kg massa toe te neem.

Let op hoe die effektiwiteit van voeromset by lammers beduidend laer word soos hulle ouer word. Ouer lammers moet daarom meer voer vreet om 1 kg gewig aan te sit – wat beteken 'n mens moet poog om hulle so vroeg as moontlik op gewig te kry. In die proses gaan jy minder kos benodig om die gewenste gewig aan te sit.

Met die gebruik van kruipvoer kan diere vroeër gespeen word en kan hulle vroeër bemark of self afgerond word. Dit skep ruimte om die teelkudde uit te brei. Ook kan vervangingskoeie/-ooie vroeër gepaar word en daarom vroeër 'n ekonomiese bydrae tot die kudde lewer.

Dit ondersteun ook eerstekalfkoeie en eerstelam-ooitjies om vinniger van laktasie te herstel en verminder die kans dat hulle 'n kalf- of lamseisoen oorslaan. Hierdie veranderinge veroorsaak dat die boerdery meer koste-effektief kan funksioneer, wat geleentheid skep om jou kudde vertikaal uit te brei.

Kruipvoer is nie so 'n gewilde praktyk by vleisbeeste nie. Die rede hiervoor is dat kalwers die vermoë besit om kompenserende groei later in hul lewe, soos in die voerkraal, te ondergaan. Tog is 'n opbrengs op belegging van 4:1 by vleisbeeskalwers wat kruipvoer ontvang het, al bewys. Hierdie kalwers het kruipvoer van die ouderdom van twee en 'n half maande tot en met speen ontvang.

Al is kruipvoer nie 'n algemene praktyk by vleisbeeskalwers nie, is kalwers wat wel kruipvoer ontvang het, se grootpens reeds aangepas vir kragvoer, wat grootpenssteurnisse soos byvoorbeeld suurpens beperk wanneer hierdie kalwers voerkraal toe gaan.

## Van kruipvoer na ander rantsoene

Wanneer lammers/kalwers gespeen word, is dit raadsaam om vir nog twee weke met die kruipvoer voort te gaan. Die speenproses is uiters stresvol vir lammers/kalwers en konsekwentheid met voer ondersteun hulle om die skok makliker te oorbrug in 'n warboel van veranderinge.

Dit is egter belangrik om die lammers se kruipvoer na die twee weke te staak. Vermy die versoeking om lammers af te rond op kruipvoer – nie net omdat dit duur is nie, maar ook omdat kruipvoer oor die algemeen min ammoniumsoute bevat – wat tot blaasstene in hamel- en ramlammers aanleiding kan gee.

Kruipvoere is spesialisvoere, wat saamgestel is vir betreklike jong diere wat nie *ad lib* daaraan vreet nie, weens die feit dat hulle nog soog.

Nadat diere gespeen is, moet met gepaste byvoeding volgens die dier se einddoel opgevolg word. Diere wat uitgeskot word, kan vet gemaak word met 'n voerkraalrantsoen. Stoetooie en -ramme kan 'n energielek of konsentraat op die veld ontvang om die verdere uitgroei van die diere te ondersteun.

Daar is tans in die handel verskillende vorme van kruipvoer beskikbaar: Korrels, mele en spesialis-lekblokke. Ook is daar konsentrate beskikbaar wat produsente in staat stel om hul eie kruipvoer te meng. Kontak jou veekundige vir gebalanseerde formulasies.

## Struikelblokke en oplossings

Die grootste uitdaging van kruipvoeding is dat die lammers daaraan moet begin vreet. Hier volg 'n paar wenke om inname te bevorder:

- Lammers hou nie van stowwerige voere nie. Een opsie is om die mengel te verpil – só sal vermorsing ook beperk word. 'n Ander manier is om melassemeel of stroop by rantsoene in te sluit, of alternatiewelik olie by te voeg.
- Reuk en smaak is uiters belangrik, want die lammers/kalwers moet in die hok ingelok word. Lusern werk uitstekend, aangesien dit uiters aanloklik vir herkouers is. Voer elke dag "vars" kruipvoer en vermy enige gemufte en galsterige voer. Daar word bereken dat 'n lam oor 'n periode van 86 dae ongeveer 300 g tot 350 g kruipvoer per dag vreet.
- Plaas kruiphokke al in die kamp voor die lamseisoen begin. Lammers se verwysingsraamwerk is baie klein – wat veroorsaak dat hulle groot skrik as daar skielik kruiphokke in die kamp geplaas word. Daar is bestuurspraktyke wat ook gevolg kan word om lammers/kalwers te leer vreet.

Toeganklikheid is sleutel tot inname. Jong diere moet toegang tot krippe hê en daar moet daarom seker gemaak word dat die afmetings van kruiphokke korrek is. Dan moet voer- en waterkrippe op so 'n hoogte wees dat tot die kleinste lam/kalf in die trop daaruit kan vreet en drink.

Kruipvoer is 'n spesialisproduk en kan nie deur ander rantsoene vervang word nie. Dit is die moeite werd om in die infrastruktuur van die korrekte kruiphok en -krippe en 'n hoë gehalte kruipvoer te belê om só te verseker jou kalwers en lammers se genetiese potensiaal optimaal ontsluit word. ■

# Grondgedraagde swamsiektes – die wortel van alle kwaad

**DR BELINDA JANSE VAN RENSBURG,** LNR-Graangewasse, Potchefstroom

Grondgedraagde swamme kan wortel-, kroon en stamvrot asook saailingverwelksiekte in plante veroorsaak. Aangesien die simptome ondergronds verberg word, is produsente nie bewus daarvan nie en skryf gewoonlik swak stand (**Foto 1**) en 'n verlies aan opbrengs toe aan bogrondse omstandighede.

Bogenoemde vrotte en saailingverwelksiekte word veroorsaak deur 'n verskeidenheid van swamme (swamspesiekompleks), wat die beheer van hierdie siektes kompliseer. Die swamspesies sal byvoorbeeld van een land tot 'n ander verskil en omgewingsfaktore sal ook 'n groot rol speel in die samestelling van die swamspesiekompleks.

Van die swamme in die kompleks is *Pythium, Exserohilum, Fusarium, Rhizoctonia, Aspergillus, Penicillium* en *Trichoderma* spp.

Die siektegraad kan wissel as gevolg van verskillende grondtipes, grondvog, grondtemperatuur, beskikbare nutriënte en algehele grond- en plantgesondheid. Verder verskil die bogenoemde swamme van mekaar in hulle voorkeur vir omgewingstoestande en gasheer.

Grondbewerkingspraktyke sal ook 'n invloed op die swamspesiekompleks hê.

## Simptome

Tipiese simptome wat waargeneem kan word met wortelvrot, is verkleuring en die wortels sal ook minder en korter wees in vergelyking met gesonde wortels (**Foto 2**). Dit veroorsaak dan swak plantestand en 'n afname in groeikrag, wat dus ook die opbrengs sal benadeel.

Die graad van wortelvrotte word ingedeel in groepe van een tot vier volgens die persentasie besmetting (een = > 0% - 25%, twee = 25% - 50%, drie = 50% - 57% en vier = 75% - 100% wortelvrot) wat op die wortels voorkom.

Elke numeriese groep staan as 'n siekte-eenheid bekend. Volgens literatuur kan daar vir elke toenemende siekte-eenheid 'n addisionele afname in opbrengs van 1,81 t/ha voorkom.

Grondgedraagde swamme kan ook saailingverwelksiekte veroorsaak en tipiese simptome is verkleuring in die wortels en saailingstam. Geïnfekteerde saailinge sal tipies kleiner wees in vergelyking met gesonde saailinge en dikwels sal 'n geel verrotting waargeneem kan word (Foto 2). Swak ontkieming van saailinge veroorsaak dikwels dat produsente moet inplant – wat dan finansiële gevolge het.

## Beheermaatreëls

Die beheer van grondgedraagde swamme is 'n groot uitdaging as gevolg van die wye spektrum van swamme in die kompleks en die interaksie van die swamme met die gasheer, omgewing en grondbewerkingsmetodes.

Om wortel-, kroon- en stamvrot asook saailingverwelksiekte te probeer beheer, moet die swamspesiekompleks eers geïdentifiseer word. *Pythium* spp. affekteer grootliks saailinge en die swam verkies nat gronde.

Hierdie swam produseer soöspore met flagella wat hulle in staat stel om kort afstande in nat grond te beweeg. Aan die ander kant sal *Fusarium* spp. byvoorbeeld in droër grond gedy. Goeie dreinering kan dus *Pythium* spp. verminder deurdat die soöspore nie verder kan versprei en vermeerder nie, terwyl vloedbesproeiing *Fusarium* spp. kan strem deur die grondsuurstof en temperatuur te verlaag.

Die beheermaatreëls wat toegepas word sal dus van die swamspesies wat voor-plant teenwoordig is, afhang.

Suksesvolle beheermaatreëls behoort maklik te wees om toe te pas, ekonomies regverdigbaar wees, nie skadelik vir die omgewing wees nie en moet effektief teen grondgedraagde swamme wees. Enkel beheermaatreëls beskik nie altyd oor hierdie eienskappe nie en daarom is dit beter om 'n geïntegreerde benadering te gebruik.

### Gewasrotasie

Grondgedraagde swamme oorleef in die grond en op plantreste en kan dus voor-plant reeds teenwoordig wees, gereed om nuwe aanplantings te infekteer. Deur 'n gewas te plant wat nie 'n gasheer van die probleemswam is nie, sal die inokulum (hoeveelheid swam) in die grond verminder word.





**1: Swak plantestand in 'n sonneblomland wat deur swamsiektes veroorsaak is.** Foto: Dr Maryke Craven

**2: 'n Verkleuring in die stamme en wortels (bo) wat deur saailingverwelksiekte veroorsaak word teenoor gesonde plante (onder) van dieselfde ouderdom.** Foto: Johnny Viviers

Só 'n rotasie behoort vir ten minste vier jaar of langer toegepas te word, aangesien grondgedraagde swamme tot sewe jaar in die grond en op plantreste kan oorleef.

### Nutriënte

Plante wat voldoende voeding ontvang, is sterker en kan beter teen grondgedraagde swamme weerstand bied. Daar word in die literatuur genoem dat fosfaatbemesting gasheerweerstand positief kan beïnvloed.

Fosforsuur kan byvoorbeeld toegedien word om *Pythium* en *Phytophtora* spp. te beheer en gips kan die voorkoms van *Macrophomina phaseolina* (houtskoolvrot) in grondbone verminder.

'n Kalktoediening kan byvoorbeeld die grond pH meer alkalies maak en derhalwe sekere swamme soos *Plasmodiophora brassicae* (veroorsaak vrot in kool) onderdruk.

'n Sulfaattoediening wat die grond se pH verlaag, sal byvoorbeeld effektief wees om die bakterieë (*Streptomyces scabies*) wat aartappelskurf veroorsaak, te verminder.

### Grondsolarisasie

Deur deurskynende poliëtileen in die somer op klam grond te plaas, kan die temperatuur van die boonste 5 cm tot ongeveer 52°C verhoog word (solarisasie). Die solarisasieproses kan swamme, bakterieë en selfs nematode in die grond se bolaag vernietig en só die inokulum verminder.

### Biologiese beheer

Natuurlike biologiese antagoniste kan swamme gedeeltelik of heeltemal vernietig. 'n Voorbeeld hiervan is waar 'n swam genaamd *Trichoderma* gebruik word om *Rhizoctonia solani* (veroorsaak wortelvrot en verwelksiekte) te beheer.

Daar is dan ook verskeie produkte wat *Trichoderma* bevat, beskikbaar (vloeistofvorm asook saadbehandeling).

### Chemiese beheer

Sekere swamdoders kan voor- en na-plant in die grond in poeier-, vloeistof- of korrelvorm toegedien word. Die chemikalieë in die swamdoders word gebruik om 'n toksiese versperring tussen die gasheerplant en die swam te vorm.

Saadbehandelings speel 'n kritiese rol in die ontkieming van saailinge deurdat dit beskerming bied teen grondgedraagde swamme en daarom die algehele groeikrag en ontwikkeling van saailinge verbeter.

### Genetika

Die gebruik van weerstandbiedende kultivars is die mees effektiewe en ekonomiese opsie. Genetiese gemodifiseerde plante/sade is ook beskikbaar.

## Gevolgtrekking

Om die sukses en ekonomiese haalbaarheid van beheermaatreëls vir grondgedraagde swamme te verseker, is kennis rakende die gasheer, swamspesiekompleks en omgewingstoestande essensieel. Beter beheer kan verkry word deur geïntegreerde beheermaatreëls toe te pas.

Navrae kan gerig word aan dr Belinda Janse van Rensburg by 018 299 6357. ■

ARC • LNR


LINK SEED

The link between farmers and success.
Die skakel tussen boere en sukses.




# Link Seed vir Sukses

Met Link Seed se Toppresteerders, verbou die boer sukses. Noukeurige toewyding in die teelproses verseker ons toegewydheid aan kwaliteit, opbrengs en stabiliteit in elke kultivar.

Beplan nou en bestel onmiddellik om teleurstelling te voorkom. Kwaliteit en diens, jou tevredenheid.

**Vir Kwaliteit Saad en beste Diens**

**Hoofkantoor:**
+27 (0)33 -417-1494 / 6
E-pos: linkseed@linkseed.co.za
www.linkseed.co.za

Lambert Blom (Mpumalanga / Limpopo):
082-786-6875
Louis Pearson (Noordwes / Wes-Vrystaat):
079-079-5857
Albert Kriek (KwaZulu-Natal / Oos-Vrystaat / Oos-Kaap): 082-824-5442




MÔRE IS IN DIE HIER EN NOU.

DEKALB
PLANT JOU SUKSES

Kontak ons op: **011 790-8200** of
**customercare.sa@monsanto.com**

Monsanto en **DEKALB®** is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

ONTWIKKEL • VERDEDIG • BESKERM

# Sewe-stap miljoenêrsplan vir dames

RUTH SCHULTZ, *SA Graan/Grain* medewerker

Dit is moontlik om in 'n gebroke wêreld sprankelend te leef. Met hierdie boodskap het Monsanto hul kliënte se vroue sielskos gegee by die jaarlikse vrouedae wat op Lichtenburg, Wolmaransstad, Bethlehem, Heidelberg en Middelburg aangebied is.

Elke vrou is ook bederf met 'n geskenk, kos en dekor uit die boonste rakke en strelende harpmusiek van Christy-Lyn, wat deelgeneem het aan vanjaar se nasionale sangkompetisie, *The Voice South Africa*.

Me Milanie Vosloo, sakevrou en skrywer, wat jaarliks saam met Monsanto die vrouedae aanbied, het tydens haar verwelkoming aan die dames gesê dat jy nie kraakvry hoef te wees nie. "Om te sprankel hang nie af van 'n volmaakte wêreld nie. Moenie teen die vloei van die lewe baklei nie, want jy gaan net spartel. Al wat jy moet doen, is om te bly in die vloei van 'n volmaakte God," het sy gesê.

Die gasspreker, me René du Preez, 'n finansiële adviseur, het gesels oor wat 'n miljoenêrsvrou tipeer. Sy het gevra: "Hoeveel dink julle sou Steve Jobs (stigter van Apple), wat ongeveer 8 miljard dollar gehad het toe hy dood is, betaal het vir meer tyd saam met sy gesin?" Almal was dit eens dat hy al die geld of nog meer sou wou gee.

Du Preez se sewepuntplan vir vroue is soos volg:

- Skryf jou doelwitte neer.
- Ontwikkel die regte geloof en gewoontes.
- Bepaal jou kennis, kundigheid en vaardighede, strategieë en taktiek om jou doelwitte te bereik.
- Kry die regte ondersteuning.
- Neem die eerste stap in jou plan.
- Evalueer jou resultate en verander jou gedagtes en aksies.
- Geniet jouself en deel jou suksesresep met ander.

Deel van om sprankelend te wees, is om terug te gee aan die gemeenskap. Me Magda du Toit (korporatiewe kommunikasiebestuurder, Monsanto SA) het gesels oor die ontwikkelingsprojekte wat onder die nuwe sambreelprogram, *imbewu*, sorteer. Dit sluit onder andere in: Besigheidsontwikkeling (Buhle Farmers Academy), vaardigheidsopleiding (Graan SA ontwikkelingsprojek) en sosiale ontwikkeling (Khulisa Social Solutions, werkskadu, boomplantdae, sportbyeenkomste, 'n bussieprojek en Mandeladag).

'n Ontwikkelingsprojek vorm jaarliks deel van die vrouedae. Die dames wat dit bywoon, het al oor die jare komberse, blikkieskos, skryfbehoeftes en toiletware vir minderbevoorregtes ingesamel. Verlede jaar is besluit om 'n studiebeurs vir 'n landboustudent te gee en R10 000 is aan mnr Chris van der Merwe geskenk om 'n honneursgraad in landbou-ekonomie aan die Vrystaatse Universiteit te voltooi. Meer inligting oor die 2017-ontwikkelingsprojek sal later bekend gemaak word. ■

1


2


3


4


5


**1: Die Graan SA-dames het die Monsanto Vrouedag op Heidelberg terdeë geniet. Van links is: Magda du Toit, Petru Fourie (navorsingskoördineerder en produksiekoste-analis, Graan SA), Luzelle Botha (komitee-beampte, Graan SA), Christy-Lyn en Alzena Gomes (skakelbeampte, Graan SA).**

**2: Pragdekor soos dié het elke vrou spesiaal laat voel.**

**3: Priscilla Krugel (Heidelberg) het René du Preez, regs, se boek, *The ordinary millionare*, by die vrouedag gekoop.**

**4: Rina Uys (Heidelberg) het haar vriendin van Meyerton, Bonnie Blaauw, na die vrouedag saamgenooi. "Met ses kinders, ses skoonkinders en 14 kleinkinders, is ek verseker 'n miljoenêr," het Rina met 'n breë glimlag gesê.**

**5: Met haar ongelooflike stem en die "hemelse" musiek wat sy op haar hefboomharp speel, het die talentvolle Christy-Lyn die vroue laat terugsit en vir 'n oomblik van hul bekommernisse laat vergeet.**

# POLITICAL *analysis*



**THEO VENTER,** political and policy specialist,
NWU School of Business and Governance, North-West University

# South African politics in a holding pattern

History will probably look back at 2017 and refer to it as the year in which South Africa was caught in a perfect political and economic storm. Apart from the two stepchildren of government policy, i.e. agriculture and mining, very few sectors recorded economic growth.

Due to record crops in maize, soybeans and sunflower, as well as a modest upswing in the global commodity cycle, it is safe to say that these two sectors prevented the country from more than a technical recession.

Politically the fragmentation of the ruling ANC into at least two factions caused political paralysis in decision-making and confusion in policy development. South Africa became a victim of the worst of political infighting, suffering very detrimental political decisions, such as the cabinet reshuffle in which Minister Pravin Gordhan lost his job as Minister of Finance, with his brave battle against state capture and corruption recorded as his only sin.

The perfect storm was a storm of low economic growth coupled with policy uncertainty linked to a volatile currency and factionalism in the governing party.

This new normal is often referred to as a VUCA world. The VUCA concept fits South Africa like a glove at the moment. The first letter of this abbreviation stands for *volatility* and our currency, the rand, is a very good example with its almost unpredictable swings. The second letter stands for *uncertainty* and the ANC's leadership contestation and subsequent policy paralysis fit nicely into this slot.

In VUCA the third letter represents *complexity* and managing a country with an unemployment rate of 27,7% and youth unemployment reaching 50% illustrates the complexity of policy formation and the subsequent financing thereof. Land reform also fits this bill.

The last letter in the VUCA word is *ambiguity*. Ambiguity is the degree to which information, situations and events can be interpreted in multiple ways. Ambiguity increases doubt, slows decision-making, and results in missed opportunities (and threats).

In analysing the political economy of South Africa towards the end of 2017, it is useful to look at developments as a virtuous cycle and a vicious cycle, because not everything is all bad or only good.

The virtuous cycle represents all those actions and decisions that bring South Africans closer to each other in forming a South African political culture. In this 'good cycle' that searches for the middle; there are also negative issues at work, but they are dominated by the positives.

In the vicious cycle, however, the negatives like crime, corruption and maladministration dominate the good intentions of the change efforts. These two cycles engage very dynamically and find expression in the reports of the Auditor General, The Public Protector, several court cases and policy decisions.

The recent report of the World Economic Forum (WEF) released at the end of





**Figure 1: The role of the ANC in politics.**







**Figure 2**: **Different possible candidates for the ANC election in December 2017**.

September 2017 on the competitive nature of 137 countries in 2017/2018, needs a closer look. As part of the perfect storm mentioned earlier, South Africa dropped 14 places among 137 countries from 47th most competitive economy to the 61st most competitive nation.

These 14 places that we have lost is the most significant drop since the start of this annual survey in 2004. What caused this drop so suddenly in 2017?

Looking at the different pillar measures, it becomes clear that we have lost our competitiveness because of financial institutions and the integrity of our corporate governance. It used to be among the best in the world, but dropped from 11/138 to 44/137 in 2017/2018.

Another reason for the drop in competitiveness was that of institutions of state. Previously we scored 40/138 and now it dropped to 67/137. Both numbers show a global decline in confidence in financial arrangement and governance (KPMG and the Guptas may be a case in point) as well as a declining confidence in state institutions due to issues such as institutionalised corruption and state capture allegations.

In addition, the WEF Global Competitive Report publishes a list of issues making it difficult to do business in a country. For years the normal culprits in South Africa were things such as restrictive labour relations, inefficient government bureaucracy, inadequate infrastructure, policy instability and inadequately educated workforce, topping the list.

The 2017/2018 list brings new issues to the fore and the top five now are: Corruption, crime and theft, government instability/coups, tax rates and insufficient government bureaucracy.

It is in the context illustrated above that the ANC is preparing for a leadership election in December 2017. The intensity of the leadership contest, as well as the uncertainty about President Jacob Zuma's exit strategy, causes huge political uncertainty.

**Figure 1** is an outline of the two roles of the ANC in politics. Firstly, it is a political party (Green) selecting leaders to govern and secondly it constitutes a government (Blue).

From this figure it is clear that the ANC has not succeeded in closing the gap between electing its leadership for the political party (December 2017) and forming a government after an election (May 2019).

This lack of synchronisation between party leadership and governing leadership (president and cabinet) has created the notion of 'two centres of power' within the ANC. It refers to one leadership team in Luthuli House and a different team sitting in the Union Buildings. This scenario caused the 'recall' of President Thabo Mbeki in 2008, a scenario that may play itself out again in 2018 with regards to President Zuma.

At its 54th National Conference, arranged for 16 to 21 December 2017, the ANC will have to do three important things. Firstly, it will have to amend its constitution, then it will have to amend and approve its policy framework and lastly elect the leadership for the next five years.

President Zuma indicated that he is not reelectable as president of the ANC and his second term as State President will also come to an end in May 2019. **Figure 2** shows the different possible candidates for the ANC election in December 2017.

Uncertainty about who will succeed President Zuma has added to the perfect political and economic storm in South Africa – especially due to the corruption charges and state capture allegations linked to the Zuma presidency.

At this stage two candidates are looking like frontrunners, i.e. the Deputy President, Mr Cyril Ramaphosa, and the ex-wife of President Zuma, Dr Nkosazana Dlamini-Zuma.

ANC tradition would favour the sitting deputy president to take over from President Zuma in December 2017, but the deep running factions in the ANC makes this prediction extremely difficult. This uncertainty adds to the view that South African politics is currently in a holding pattern due to uncertainty and this situation will continue at least until late December 2017 and may only be resolved in 2018. ■

# Global research network ensures better hybrids

**LOUISE KUNZ,** *SA Graan/Grain* contributor

DuPont recently completed the construction of the Africa Regional Technology Hub, a network of strategically placed research facilities and testing locations across the African continent to accelerate product development for farmers in Africa.

Part of this R100 million investment is a multi-crop drought research centre at Hoogekraal, near Potchefstroom. The Hoogekraal Research Centre is a multi-crop research facility for maize, sunflower and sorghum where research for DuPont Pioneer and Pannar is conducted with a special focus on drought tolerance.

Pannar Seed invited customers and prominent producers in the area to tour the Hoogekraal Technology Centre on Wednesday, 16 August. They wanted to show how they are making good on their promise, 'Together we farm for the future' by reinvesting in the producers' future productivity – globally and locally. Their promise is to find scientific solutions at the centre to the same yield-constraining climate, pest and disease problems producers face on their farms.

The technology centre will leverage the proprietary molecular breeding technologies of DuPont and will build synergies in breeding and breeding technology deployment across maize, sunflower and sorghum in Africa. Newer technologies will increase in-country effort in advanced breeding along with phenotyping capacity (including ear and root photometry, modern planters and combines) and ongoing exploration of the use of dedicated managed stress environments.

In his welcoming word, Mr John Odendaal (national marketing manager) said this facility will make it possible for Pannar to introduce improved hybrids to the market sooner. The improvement technologies help shorten crop breeding cycles and improve accuracy toward breeding targets, including improved drought tolerance, insect and disease tolerance, as well as improved yields with limited inputs.

Pannar team members shared their insights with visitors during the information sessions. Mr Nick Goble (business manager) gave an overview of the operations at the research centre. Hoogekraal Research Centre is one of 100 global research centres managed by 4 000 researchers in the DuPont group in 25 countries on six continents. DuPont has similar technology centres in the United States, Brazil, India and China as part of the company's global research network.

The new centre in Delmas, which was officially opened on 23 May, will serve as the central hub of the African regional technology centre, which comprises a network of existing research facilities and testing locations across Africa. The network of research centres will enable collaboration between crop researchers, maximise resources and advance research locally and faster.

South African research data adds to the global DuPont data pool while the facilities in Delmas, Hoogekraal, Greytown and other locations in Africa also draw on the global DuPont expertise from colleagues in other parts of the world to ensure a better product for the producer. ■












**1: An aerial view of the Hoogekraal Research Centre in the Potchefstroom district.** Photo: UAV ind.

**2: The Pannar team who shared their expertise with the guests. At the back: De Koning Fourie (research scientist), Benno van Niekerk (biotechnologist), Nick Goble, Dr Rikus Kloppers (senior research manager) and Chris van Zyl (RSA West Corn Lead). In the front are John Odendaal, Pieter Rademeyer (chief agronomist) and SB Coetzee (senior research associate).**

**3: Two producers from Hoopstad, Pieter Labuschagne and Casper du Toit, in conversation with Flip Botha (senior sales manager) about the new research centre.**

**4: Adolph Naudé (producer from Odendaalsrus) and Lourens van der Linde (producer from Wesselsbron) were interested in what this new facility had to offer.**

# No place for weakest links

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* contributor

The grain and oilseed industry is continuously identifying, analysing, evaluating and addressing issues that can put the industry at risk. Agbiz Grain invited various speakers to its annual mini symposium in August this year to address industry role-players on risk-related topics.

In their presentations Mr Andries Theron (specialist representative: Winter cereals, Grain SA) and Dr Marinda Visser (manager: Research and Policy Centre, Grain SA) focused on two risks that are very relevant to the industry at present.

## Sustainability of wheat industry

Theron discussed the perceptions regarding the statutory wheat levy and the new breeding and technology levy on wheat. He explained that the newly founded South African Cultivar and Technology Agency (SACTA), which will collect these breeding and technology levies for open pollinated grain and oilseed crops, aims to also help revive the wheat industry.

According to Theron a breeding and technology levy for wheat in South Africa was implemented, since there were many issues in the local wheat industry that put pressure on the sustainability of the industry. Moreover, the industry is increasingly dependent on imports. 'In 1990 1,5 million ha wheat were planted in South Africa, while in 2015 only 496 350 ha were planted.

'South African wheat breeding has in the past always concentrated mainly on crop quality at the expense of yield. It is not business as usual anymore; we must adapt and access the available technology to increase our yields. We have to revisit the value chain which is full of weak links and move away from a one size fits all system,' he said.

However, Theron, who is also a wheat producer, gave credit to the wheat industry. He said that the introduction of breeding and technology levies and the establishment of SACTA was producer driven. 'The sustainability of the wheat industry was yield driven, not price driven, and the status quo is not an option anymore,' he said.

There are opportunities that come with these changes in the industry. 'Farm-saved seed is a reality and will always be with us, but access to new cultivars is a must. New business development models must therefore be formed between Agbiz Grain and producers,' Theron concluded.

## Biosecurity issues: Eradicate or manage

Dr Visser made presentation on ranking biosecurity issues for the grain industry. 'Six routine practices to reduce threats on your farm include: Know the normal pests associated with your crop, ensure seed is pest free, keep seed clean, check your crop, abide by the law and regulations, and lastly, report anything unusual on your farm.'

She also mentioned the drivers for the current surge of emerging diseases, which include: Changes in agriculture (intensification, diversification and globalisation), evolution of diseases (i.e. more interaction, more recombination, more selection), climate change resulting in increases in the occurrence of extreme events and movement of people and agricultural goods in trade.

Dr Visser also focused on possible disease threats for South Africa, like maize lethal necrosis (MLN), the fall armyworm and red locust. She discussed the symptoms of these diseases and the projects that are currently running to manage these diseases.

The industry and government plant pest surveillance programme entails partnerships and supporting collaborative projects, policy research, outreach and education to protect Southern African agriculture from the damaging effects of invasive species like Karnal Bunt, Khapra beetle and the western corn rootworm. 'An early warning system (EWS) was established through pest monitoring on farms and crop imaging,' she said.

According to Dr Visser there are two emergency responses for the above-mentioned issues – eradication and management. 'A timely response is needed to prevent damage. The first choice is eradication, but it can only take place when the insects are not very mobile, are confined like in a greenhouse or when infestation is limited. When eradication cannot take place, a management programme is developed,' she said.

For more information on these presentations or those of other speakers present on the day, visit the Agbiz Grain website at *http://www.agbizgrain.co.za/en/information/mini-symposium-2017.* ■



Agri Seker
'n Seker Toekoms
...DIE BOER SE VRIEND

AgriSeker verstaan die risiko's wat ons Boere in die gesig staar.

AgriSeker...
vir 'n Seker Toekoms



Vir meer inligting kontak jou Makelaar of besoek www.agriseker.co.za

Uitgebreide Haelversekering




Is jy Seker jou oes is by AgriSeker verseker?

Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP no: 45767

**Dow AgroSciences**

*Solutions for the Growing World*



# PUTTING POWER BACK INTO THE HANDS OF FARMERS

**SCAN THIS PAGE TO SEE THE FIGHT AND YOU COULD WIN**

Get the Layar app for your smartphone @ **www.uphold.co.za/download**

**DOWNLOAD**
the free Layar App

**SCAN**
this page

**WATCH**
the video

**WIN**
a prize

**For more information please contact the registration holder:** Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd. Reg. No. 1967/007147/07

Paarl (021) 860 3620 • Pretoria (012) 361 8112 • Emergency No. 082 887 8079 • Private Bag X 160, Bryanston, 2021 • www.dowagro.co.za

# Reik (jou kamera) na die sterre

***SA GRAAN/GRAIN* REDAKSIE**

Met die Desember-vakansie wat nadersnel, berei Suid-Afrikaners voor vir 'n vakansie langs die see; tussen honderde ander vakansiegangers. Beplan jou roete daarheen só dat jy by een van die stiller plekke waar die sterrehemel in al sy glorie gesien kan word, oornag.

Volgens Richard de Gouveia, 'n fotograaf en onderwyser wat fotograwe touwys maak oor hoe om Suid-Afrika se natuurskoon deur die lens vas te vang, is geduld een van die belangrikste vereistes vir sterrefotografie. Geniet daarom die stilte in 'n gebied sonder lig- en geraasbesoedeling en ontsnap van die alledaagse gejaagdheid van die lewe.

Die gebruik van 'n wyehoeklens wanneer die sterre afgeneem word, verseker dat die Afrikahemel tot sy reg kom. Dit is egter belangrik om 'n onderwerp te hê – dooie bome, klipkoppies of waterbronne. Kry jou fokus en verstellings reg. Daarna kan jy die kamera begin rondbeweeg om die beste komposisie te verkry.

Om die sterre af te neem vereis die handverstelmodus. 'n Lens met 'n lensopening van f2.8 of vinniger word aanbeveel. Stel die lensopening so wyd as moontlik, byvoorbeeld: Vir 'n f2.8-lensopening, stel die sluiterspoed op tussen 20 en 30 sekondes en stoot die ISO op tot rondom 3 200. As jy met 'n stadiger lens skiet, sal jy die ISO dalk nog hoër moet maak – tot by 6 400 of selfs 12 800.

Bron: *http://weg.netwerk24.com/Fotografie/6-wenke-om-die-sterre-af-te-neem-20170313*




**Die foto van twee skaapwagters wat skape aan die einde van 'n werkdag aanjaag was die wenfoto vir die September-uitgawe. Dié foto is deur Bertus Hanekom van Loxton geneem en besorg aan hom 'n kontantprys van R1 500. Hartlik geluk, Bertus!**




**Piet Lombard van Elsenburg se foto van kontoerwalle wat patrone in die Swartland teken, besorg aan hom die eerste plek en R1 500.**

AgriSeker
'n Seker Toekoms
...DIE BOER SE VRIEND

Met AgriSeker se passie vir landbou en sy mense, bied ons 'n besondere goeie diens t.o.v. die beskerming van jou oeste en jou toekoms.




Vir meer inligting kontak jou Makelaar of besoek www.agriseker.co.za

Uitgebreide Haelversekering



Is jy Seker jou oes is by AgriSeker verseker?

Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP no: 45767

# It's all about *changing* lives

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* contributor

'The *imbewu* empowerment programme is not a business imperative box that Monsanto has ticked, but it is rather a social contribution to help the various initiatives participate in order to fulfil certain morale imperatives.'

This is how Mr Kobus Steenekamp (commercial lead, Monsanto South Africa) describes this dedicated Monsanto development programme to drive inclusive growth. It all starts with a small seed leading to 'seeding success', as the slogan of the programme states.

'All the empowerment programmes Monsanto is involved in are really changing lives. Some of the programmes are creating jobs as well, to alleviate poverty which will lead to other social benefits. Through the Grain SA Farmer Development Programme we have assisted more than 4 000 farmers to increase their yields,' he said.

Ms Parusha Pillay (manager, Government Affairs and BBBEE Transformation, Monsanto) who unveiled the *imbewu* brand at the launch on 4 August in Randburg, said the *imbewu* empowerment programme undertakes to improve the lives of South Africans by focusing on enterprise and supplier development, skills capacity building, education, staff volunteerism and caring for vulnerable communities.

'*imbewu*, meaning seed in Zulu, has three main themes: To empower communities for a sense of self-worth to enable them to ultimately make their own decisions regarding their destiny, contribute to sustainability and discourage perpetual dependence on funding and lastly to inspire others to do the same,' Pillay summed up the objectives of this programme.

Monsanto decided to start a competition internally for employees to come up with a name for this empowerment programme and also assisted with the design process with regards to the logo.

Part of this umbrella empowerment programme is Monsanto's internship programme as well as business students who cannot afford to go to university.

Although there is a constant debate about agricultural technology and ethics in the media, the bottom line is that we all need food to survive. 'While we are still waiting to eat meat that is grown in a Petri dish, we have to grow food to keep up with our growing population,' Ms Annette Steyn, DA Shadow Minister for Agriculture, Forestry and Fisheries, who was the guest speaker at the launch, said.

For Steyn it is important to thank companies like Monsanto that deal with innovation and technology for their dedication and passion. 'This does not mean that we as politicians must give them a free hand, but we need to strengthen the monitoring and the programmes to ensure there is a balance between technology and ethics.' She believes South Africa is following this strategy, but says more could be done to educate and debate the topic.

> "Rural and communal farmers increased their yields from 2,3 t/ha to 8,9 t/ha"

She added that the impact of smallholder farmers has not yet been determined in South Africa. 'The latest crop estimate report indicates that smallholder farmers planted almost 370 000 ha during the past production season. DAFF reported to have inspected and validated only 41 000 ha. This is a massive difference and shows that government support is nowhere near reaching our farmers,' she said.

According to Steyn the Grain SA Farmer Development Programme has shown what can be achieved when farmers receive proper support. She concluded, 'Rural and communal farmers increased their yields from 2,3 t/ha to 8,9 t/ha. Just imagine if the 370 000 ha received the same support. It is clear that any assistance towards improving the lives of our rural people could go a long way to ensure that we move nearer to achieving the dream of a free and equal South Africa.' ■







▲ 1: At the *imbewu* empowerment programme logo are (in front): Parusha Pillay, Gyanendra Shukla (regional lead, Monsanto Africa), Annette Steyn and Jurie Mentz (development co-ordinator, Grain SA). At the back are Kobus Steenekamp and Pieter Smit (marketing manager, Monsanto). The slogan for this development platform is 'seeding success'.

◄ 2: All the partners involved in the Monsanto farmer development programmes over the years. In front: Tine Cornillie (senior programme manager, Khulisa Social Solutions), Zamo Shongwe (director, Buhle Farmer's Academy), Gyanendra Shukla and Jeanne Renou (strategic relationship manager, Raizcorp). Back: Innocent Makwaza (business development manager, Mobile Agri Skills Development and Training), Jurie Mentz, Nyiko Maluleka (director, Buhle Farmer's Academy), Neil de Smidt (CEO, Buhle Farmer's Academy) and Parusha Pillay.

## Reik (jou kamera) na die sterre




Die roes en stof wat 'n ou skuurslot bedek, bewys dat dit al lank sy doel dien. Dié foto van Mariana van Deventer van Swellendam het die tweede plek verower.




In die derde plek is James-John Matthee van Malmesbury. Hy beskryf sy foto só: "The sunset in the Kalahari is very unique, showing a blue skyline on the horizon and an orange sky, instead of the other way around."

**SLUITINGSDATUM:**
**DESEMBER 2017: 14 NOVEMBER**

**Stuur foto's na *elmien@info-works.biz*. Onthou om jou naam, kontakbesonderhede en 'n byskrif vir die foto saam te stuur.**

Produk-inligting

# Topbul haal hoogste prys op veiling

**MADELAINE VAN HEERDEN,** Konsortium Merino




Eduard Roux (middel) van Viljoenskroon het die hoogste prys van R200 000 betaal by Mielieboere Bonsmaras se 24ste produksieveiling op 9 Augustus vanjaar op die plaas Hopefield, Viljoenskroon. By hom is Laurence Allem (links), die verkoper van die topbul en Mike Killassy, afslaer. Dit is 'n beproefde bul wat met 'n uitstaande bouvorm en topnageslag spog. Die 41 bulle op die veiling het gemiddeld R54 415 stuk behaal.








MOLATEK

# BEESVET 33+

**Beesvet 33+** is 'n spesiaal-geformuleerde proteïenkonsentraat wat in 'n volvoer- sowel as 'n kafeteria-afrondingstelsel aangewend kan word. **Beesvet 33+** verseker ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename. Dit bevat 'n groei-bevorderaar wat voeromset en groei in beeste bevorder, asook voedingsteurnisse en koksidiose teenwerk om maksimum wins te verseker. Met **Beesvet 33+** sien jy nie net die verskil nie, jy voel dit ook aan jou sak.




MOLATEK

Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak:
**RCL FOODS:** www.rclfoods.com
**MOLATEK:** +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za
Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)

# Suksesse in grondhervorming op databank vasgelê – Agri SA

**VALERIE CELLIERS,** *SA Graan/Grain* medewerker

Die woord "grondhervorming" laat soms 'n wrang smaak in die mond. Onsekerheid oor die regering se beleid en grootskaalse "politieke geraas" is volgens mnr Christo van der Rheede (adjunk-uitvoerende direkteur van Agri SA) die rede waarom grondhervorming negatief ervaar word.

Met die doel om grondhervorming vanuit 'n ander hoek te beskou, het Van der Rheede en sy span verlede jaar begin om suksesse in grondhervorming na te speur en in 'n databank op te neem. Die webblad is in November 2016 aan die publiek bekend gestel en bevat reeds-gepubliseerde artikels oor grondhervorming wat grotendeels uit die privaat sektor gedryf word en uiters suksesvol is.

Van der Rheede meen dat grondhervorming al hoe meer politieke momentum kry. Hy sê dit is belangrik om die politieke geraas te troef met stories van suksesvolle projekte wat transformasie in landbou verseker. "Die regering faal in hul taak om grondhervorming volhoubaar te bestuur, maar daar is produsente wat in hul privaat hoedanigheid uiters suksesvolle projekte van die grond af opgebou het en volhoubaar bestuur. Die databasis verskaf beste praktyke as dit gaan oor transformasie in landbou."

Stories van produsente wat grond aangekoop het om in vennootskap met hul plaaswerkers te bewerk, is een van die praktyke wat volgens hom uitstekend werk. "Die landbouer deel nie net só sy kennis met ontwikkelende boere nie, maar bied ook toegang tot markte wat hulle nie noodwendig sou gehad het nie. Verder trek die produsent voordeel daaruit omdat sy transformasieteikens bereik word en sy swartbemagtigingsprofiel hom toelaat om makliker met die regering – en selfs internasionaal – handel te dryf," het hy gesê.

Graan SA se uitvoerende hoofbestuurder, mnr Jannie de Villiers, is dit eens dat die databank produsente wat aktief by grondhervorming betrokke wil raak, "skoolgeld" kan spaar. "Die artikels wat op die databank verskyn, is projekte wat werk en wat as volhoubare grondhervorming beskryf kan word. Daar is produsente wat grond koop of selfs huur en dan volhoubaar saam met plaaswerkers boer."

De Villiers sê dat daar 'n persepsie bestaan dat ontwikkelende boere nie suksesvol op grond wat deur die regering aan hulle gegee is, kan boer nie. Hy meen egter dat dit onregverdige kritiek is, aangesien grond sonder 'n titelakte vir enige produsent 'n uitdaging sal wees. Hy sê sonder titelaktes kan hierdie boere nie lenings by banke kry nie. "In vennootskap met kommersiële produsente het ontwikkelende boere toegang tot krediet en kan hulle die nodige bronne makliker bekom."

Volgens De Villiers is die databank betreklik omvattend, met suksesse in verskeie kommoditeite – van veselperskes tot skape. 'n Verskeidenheid van metodes van aandeelhouding en finansiering word ook beskryf en kan aan produsente duidelike riglyne vir hul eie projekte gee. "Ek glo dat hierdie suksesverhale produsente sal aanmoedig en leiding gee," sê De Villiers.

Oor watter kriteria gebruik is om die databank op te stel, verduidelik Van der Rheede dat artikels rakende suksesvolle grondhervorming wat reeds in die media verskyn het, in die databasis opgeneem is.

**Skandeer dié kode om na nog voorbeelde op die databank te gaan kyk.**

"Dit is nie altyd maklik om die stories bymekaar te kry nie, omdat produsente soms sku is om hul stories te deel. Daarom het ons gevind dat dit makliker is om ons soektog te fokus op die media – waar die stories reeds gepubliseer is. Al die artikels bevat suksesverhale – dít wat in die praktyk werk."

Van der Rheede nooi produsente uit om hul suksesverhale met Agri SA te deel met die doel om ook dié verhale in die databank op te neem.

Agri SA se uitvoerende direkteur, mnr Omri van Zyl, glo dat grondhervorming benader moet word deur aan produsente die voordele daarvan uit te wys. "Die spreekwoordelike '*carrot and not the stick*' is al manier waarop grondhervorming volhoubaar gaan wees."

Van Zyl glo dat produsente baat sal vind by die databank deur kennis op te doen van die verskeidenheid van finansieringsmeganismes wat reeds gebruik word om die projekte suksesvol en volhoubaar te maak. Die verhale spreek van samewerking tussen kommersiële produsente, plaaswerkers, gemeenskappe, die privaat sektor en die regering," vertel hy.

Die databank met artikels is beskikbaar by *http://www.agrisa.co.za/sustainable-growth/* en sluit suksesverhale in soos dié van Cedar Citrus op Citrusdal in die Wes-Kaap. Die projek is op die been gebring deur ALG Estates en altesaam 36 plaaswerkers word deur die projek bevoordeel. ALG Estates het 40 ha grond beskikbaar gestel en 36 000 sitrusbome as donasie gegee.

Nog 'n voorbeeld is die verhaal van mnr en me Denis en Aleysia Shaw wat op Porterville in die Wes-Kaap die Bergland Trust saam met gemeenskapslede en plaaswerkers op die been gebring het. Die trust het 75 ha grond gekoop, wat nou in 'n samewerkende ooreenkoms bewerk word.

Mnr Bernhardt du Toit en 242 van sy plaaswerkers het 'n ooreenkoms aangegaan waar die plaaswerkers 33% aandele in sy boerdery verkry het. Die plaaswerkers is ten volle betrokke by die boerdery en die besluitnemingsprosesse. Hulle word finansieel bevoordeel deur dividende wat aan aandeelhouers uitbetaal word.

Me Barbara van den Bossche het 'n projek begin wat 197 plaaswerkers in die Elgin-vallei bevoordeel. Plaaswerkers het aandele bekom en word finansieel bevoordeel deur die uitbetaling van dividende.

Vele ander projekte wat groot besighede – en selfs skole – insluit, word ook in die databank vervat. ■

# Opbrengskompetisie se gewildheid neem toe

**RUTH SCHULTZ,** *SA Graan/Grain* medewerker

DuPont Pioneer se 2016/2017 Weeg en Wen-opbrengskompetisie het die jaar 10% meer inskrywings as met verlede jaar se eerste kompetisie ontvang.

Oostelike droëlandmielies-, oostelike sojaboon- en westelike sojaboonproduksiegebiede is die drie kategorieë wat die meeste inskrywings nóg gelok het, met onderskeidelik 25, 18 en 13 inskrywings.

Mnr Heinz Oellermann (besigheidsbestuurder: DuPont Pioneer SA) het tydens die oorhandigingsfunksie aan die hand van grafieke die verskil in opbrengs tussen die 2016/2017- en 2015/2016-kompetisies uitgelig.

"Die finaliste in die sojaboon oostelike produksiegebiede-kategorie het 'n gemiddelde opbrengstoename van 1 t/ha getoon, terwyl die westelike produksiegebiede-finaliste met 1,6 t/ha gespog het. Die oostelike droëlandmieliegebiede gemiddeld het 'n toename van 1,4 t/ha getoon," het hy verduidelik.

Volgens mnr Tony Esmeraldo (kommersiële hoof: DuPont AgCo, Suid-Afrika) is hierdie kompetisie DuPont Pioneer se bydrae tot die bedryf: Hul motiveer produsente om hul opbrengste te verhoog deur hul eie kundigheid te gebruik en sodoende meer presies te boer.

Vir meer inligting en om te registreer vir die 2017/2018-kompetisie, besoek *www.WeegenWen.co.za* of stuur 'n e-pos aan *info@weegenwen.co.za.*

## Nuwe siklus vir DuPont

DuPont Pioneer staan aan die begin van 'n betreklike groot verandering in hul maatskappy se geskiedenis. "In 1802 het DuPont begin om plofstof te vervaardig – ons was die eerste maatskappy wat dinamiet gekommersialiseer het. Daarna het dié maatskappy chemikalieë begin vervaardig, waarna hulle hulself herstruktureer het en die wetenskap- en ingenieursveld betree het.

"Ons is nou aan die begin van 'n volgende fase vir DuPont wêreldwyd en dit is dat DuPont en Dow, wat saamgesmelt het, in drie organisasies opgedeel gaan word, naamlik: Landbou, spesialiteitsprodukte en materiaal en wetenskap," het Esmeraldo tydens sy spreekbeurt gesê.

Dié R19 miljard-maatskappy, wat deel van die landboukomponent gaan wees, sal vir DuPont 'n uiters sterk pyplyn in terme van gewasbeskerming in Suid-Afrika verskaf en die vermoë om 'n totale diens aan die produsent te lewer – van saad tot gewasbeskerming en biotegnologie.

Esmeraldo het die maatskappy se passie vir hul produsente beklemtoon. "Dit is vir ons belangrik om te verstaan wat die uit-




Wat laat jou met heimwee; met verlange terugdink aan die plaas? 'n Ou planter wat onder 'n bloekomboom staan en roes? Die melkkan vanmelewe se dae? 'n Kindjie wat 'n hanslam melk gee? Wat van daardie veteraantrekker wat nog ingespan word om die land om te ploeg? Dalk 'n ou klipkraalmuur of plaashek? Of dalk 'n plaasopstal wat al 'n eeu oud is?

In 2017 is die Graan SA/Sasol-fotokompetisietema "**Plaasnostalgie**". Ons sien met groot verwagting uit na ons lesers se interpretasie van dié unieke tema.

## PRYSGELD VERHOOG

Komaan, skryf in: Wie weet, dalk is jy een van die **maandwenners** wat **R1 500** kontant wen of dalk stap jy nog met die groot prys (R15 000) aan die einde van die kompetisie weg.

Vanaf Januarie 2017 word daar vir twaalf uitgawes elke maand 'n wenner deur 'n paneel beoordelaars aangewys – wat 'n kontantprys van **R1 500** ontvang. Die twaalf finaliste kom in aanmerking vir **R15 000** (**wenner**), **R10 000** (**naaswenner**) en 'n **derde prys** van **R5 000**. Baie dankie aan Sasol wat weer hierdie jaar die prysgeld borg: R48 000 altesaam.

## KOMPETISIEREËLS

1. Slegs amateurfotograwe (dit wil sê persone wat nie 'n bestaan maak uit die neem van foto's nie) mag vir die kompetisie inskryf.
2. Deelnemers kan 'n maksimum van drie foto's (waarvan die onderwerpe verskil) per uitgawe inskryf. Indien meer as drie foto's ingestuur word, sal die eerste drie foto's wat ontvang word, vir die kompetisie in aanmerking geneem word.
3. Fotograwe kan elke maand tot en met die afsnytyd hul foto's instuur. Inskrywings wat ná die afsnytyd ontvang word, sal vir die volgende maand se kompetisie ingeskryf word.
4. 'n Deelnemer wat 'n maandwenner is, kan vir die daaropvolgende drie uitgawes nie inskryf nie.
5. Foto's wat ingeskryf word, moet uniek wees en nie oor dieselfde onderwerp handel as foto's wat vir 'n ander fotokompetisie ingeskryf is nie. Foto's wat ingeskryf word, mag ook nie voorheen gepubliseer wees nie.
6. Inskrywings moet die tema "Plaasnostalgie" uitbeeld.
7. Die fotograaf moet 'n fotobyskrif asook sy posadres en telefoonnommer/s saam met die foto verskaf.
8. Persone op die foto moet geïdentifiseer word (verskaf noemnaam en van).
9. 'n Paneel, wat bestaan uit twee professionele fotograwe asook verteenwoordigers van *SA Graan/Grain* en Sasol, sal die foto's maandeliks beoordeel.
10. Slegs e-posinskrywings sal aanvaar word. Die foto's moet nie groter as 10 MB elk wees nie, in JPG-formaat en nie kleiner as 15 cm x 20 cm wees nie. Indien foto's met 'n filmkamera geneem word, moet dit teen 'n resolusie van 300 dpi geskandeer word.
11. Gemanipuleerde foto's (waar veranderings aangebring is) sal nie aanvaar word nie. Om 'n foto te sny (*crop*) word nie as manipulasie beskou nie.
12. Graan SA behou die reg voor om foto's wat onduidelik is of nie aan die kompetisiereëls voldoen nie, af te keur.
13. Alle inskrywings word die eiendom van Graan SA. Die foto's sal in 'n databank gebêre word en Graan SA en Sasol mag dit vir toekomstige promosie-, bemarkings- en publikasiedoeleindes gebruik. Deur in te skryf, stem die deelnemer in daartoe en geen eise van derde partye vir skending van kopiereg kan ingedien word nie.
14. Werknemers van Sasol, Graan SA of Infoworks mag nie vir die kompetisie inskryf nie.

**SLUITINGSDATUMS:**
**DESEMBER 2017: 14 NOVEMBER**

**Stuur foto's na *elmien@infoworks.biz*. Onthou om jou naam, kontakbesonderhede en 'n byskrif vir die foto saam te stuur.**

dagings is waarmee produsente daagliks gekonfronteer word. 'n Opname wat onder kommersiële produsente in Noord-Amerika gedoen is, het getoon dat produktiwiteit per hektaar vir driekwart van die produsente in dié land 'n nommer een bekommernis is en ek is seker hierdie statistiek sal dieselfde vir Suid-Afrikaanse produsente wees."

Volgens Esmeraldo is dit daarom nodig dat 'n saadmaatskappy soos DuPont veral aandag gee aan die volgende aspekte: Verbetering van produktiwiteit in terme van saadprodukte, bydrae tot die funksionaliteit en eindgebruik van die produk en graan wat in die mark verkoop word, begrip van wat die verskillende tipes siektes, onkruide en nematodes is waarmee produsente gekonfronteer word en laastens ondersteuning met die verbetering van akkerbou deur die beperkings wat produsente op hul plase ervaar.

"Produsente bestuur hul graan op die plaas op mikrovlak. Hulle maak hul somme hektaar per hektaar; soms selfs subhektaar per subhektaar – hulle meet tot die fynste detail. DuPont het daarom 'n strategie met sewe fokusareas ontwikkel, wat produsente sal ondersteun om op hierdie vlak te bestuur. Die areas sluit in: Teling, CRISPR-Cas, biotegnologie, gewasbeskerming, saadtoegepaste tegnologie, digitale- asook akkerbou-oplossings," het Esmeraldo gesê.




▲ **Die 2016/2017-wenners. Van links: Heinz Oellermann, Bernard Rabe (wenner: Droëlandmielies, westelik én sojabone, westelik), Cobus Botha (wenner: Sojabone, KwaZulu-Natal), Johann Pistorius (wenner: Droëlandmielies, oostelik), Karel Kirsten wat namens Thabo van Zyl (wenner: Mielies, watertafelgrond) sy prys ontvang het, Michael Allen (wenner: Sojaboon, oostelik), Koos Uys (wenner: Sojaboon, besproeiing) en Tony Esmeraldo. Afwesig is Conrad Coetzee (wenner: Mielies, besproeiing).**

### Wêreldrekordhouers gee raad

Esmeraldo het mnr Kip Cullers (sojaboonwêreldrekordhouer met 'n opbrengs van 10,8 t/ha), na wie ook soms verwys word as die sojaboonkoning en mnr David Hula, wat steeds die wêreldkampioen vir droëlandmielies is (met 'n opbrengs van 33,3 t/ha) se raad met die finaliste en wenners van die kompetisie gedeel:

"Jy moet weet waar die rand van die krans is. Klim daaroor en trek jouself weer op. Anders sal jy nie weet waar die rand is nie." – Cullers

"Om die regte graanvariëteit te kies, is soos om jou eggenoot te vind. Dit is 'n emosionele proses en wanneer dit reg gedoen word, kan dit belonend wees, maar indien dit verkeerd gedoen word, kan dit jou duur te staan kom." – Hula ■



# ONTMOET DIE NUWE OPTIMIZOR REEKS

Nou met verhoogde proteïene en 23 noodsaaklike vitamiene en minerale ingesluit in 'n verbeterde resep waaroor jou hond gaande sal wees

23 ESSENTIAL VITAMINS AND MINERALS
VITA CARE®




63023/MortimerHarvey/Graan/A

## PRIMA VOEDING VIR DIE LEWE WAT HULLE VERDIEN

Die nuwe Optimizor® reeks word deur RCL Foods vervaardig, die grootste vervaardiger van troeteldierkos in Suid-Afrika, wat 'n betroubare reeks toonaangewende kleinhandel- en veeartsgeformuleerde hondekos-handelsname voorsien.

**Optimizor® Premium** is 'n voedsel van hoë gehalte, wetenskaplik geformuleer deur ons interne diere-voedingkundige en veearts, spesifiek vir Suid-Afrikaanse honde. Die insluiting van hoë gehalte pluimveemeel en rys voorsien optimale proteïenvlakke – tot 20% meer as die toonaangewende supermark-handelsname – om sterk spiere te bou en uitstekende verteerbaarheid te verseker, terwyl Vita Care® 'n gesonde immuunstelsel bevorder.

**Optimizor® Complete** is 'n smaaklike, gebalanseerde voedsel keuse aangevul deur Omega 6 olies vir 'n gesonde vel en pels, waarby immuunversterkende Vita Care® ingesluit is, alles teen 'n bekostigbare prys.

Koop vandag nog die nuwe Optimizor® reeks.

**Beskikbaar in 5kg, 10kg en 25kg – vra daarvoor by jou naaste troeteldierwinkel of koöperasie.**

V10665, V13583, V19465, V26107 (Act 36 of 1947)

RCL FOODS

**rclfoods.com/optimizor**



**GERRIE SMIT,** lid van die SA Motorskrywersgilde

# Nuwe Renault Duster EDC is nou outomaties

Sedert sy aanvanklike bekendstelling in Suid-Afrika in 2013 is daar al meer as 12 000 eenhede van die Renault Duster-model verkoop. Dit is 'n teken dat hierdie voertuig uiters gewild is.

Renault is ook een van die min vervaardigers in Suid-Afrika wat besig is om 'n groei in verkope te toon. Renault SA het op die oomblik 65 handelaars oor die lengte en die breedte van Suid-Afrika, wat beteken dat veral hul diesel-aangedrewe sportnutsvoertuie soos die Duster as 'n passasiersvoertuig in die landbougemeenskap oorweeg kan word.

'n Goeie kandidaat vir die plaaslewe uit die Renault-stal, is byvoorbeeld die Duster 1,5 dCi Dynamique EDC, wat onlangs met 'n outomatiese ratkas met ses gange en 'n dubbele koppelaar toegerus is.

Hierdie beproefde ratkas word ook in Renault-modelle soos die Captur en die Clio RS gebruik. Die dubbele koppelaar kombineer die gerief van 'n outomatiese ratkas met die brandstofdoeltreffendheid van 'n handratkas.

Soos die ander twee dieselmodelle in die Duster-reeks, die 1,5 dCi Dynamique 4x2 en 4x4, is die model met die EDC-ratkas ook met die turbo-aangejaagde dieselenjin van 1,5 liter wat 80 kW teen 4 000 omwentelinge uitstoot en 'n maksimum wringkrag van 240 Nm teen 1 750 omwentelinge lewer, toegerus.

Die gemiddelde brandstofverbruik van hierdie model is 4,8 liter per 100 km. Die EDC-model is net in 4x2 beskikbaar.

Die nuwe Duster Dynamique EDC is soos die ander Dynamique-modelle ook met swart 16 duim-allooiwiele, verchroomde dakreëlings, deure wat outomaties sluit wanneer die motor wegtrek, satellietnavigasie en 'n trukamera toegerus. Leerbekleedsel is opsioneel beskikbaar. Die hele Duster-reeks het veiligheidskenmerke soos elektroniese stabiliteits- en vastrapbeheer, sluitweerremme en voorste- en kantlugsakke.

Die Duster 1,5 dCi Dynamique EDC se prys is R299 900. Metaalverf en leersitplekke is opsioneel teen R2 500 en R10 000 onderskeidelik beskikbaar. Die hele Duster-reeks word deur 'n waarborg van vyf jaar of 150 000 km gerugsteun, 'n diensplan van drie jaar of 45 000 km en 'n anti-roeswaarborg wat ses jaar lank geldig is.

Die Dusters se aantrekkingskrag is dat hul bekostigbaar is, hoë kwaliteit bougehalte weerspieël en dat die 1,5 liter dieselenjin besonder lig op brandstof is, terwyl dit steeds kragtig is.

## Pryse

- Duster 5 dCi Dynamique 4x2 80 kW diesel: R279 900
- Duster 1.5 dCi Dynamique 4x2 EDC 80 kW diesel: R299 900
- Duster 5 dCi Dynamique 4x4 80 kW diesel: R304 900. ■





1: Die nuwe Renault Duster EDC.
2: En só lyk hy aan die binnekant.

# E-POSSE
aan Grootneef

# Die bok

Beste Grootneef

"Op elke veiling is daar 'n bok vir 'n *bargain* en dan moet jy toeslaan," was ou oom Albie se vroegoggend wenk by die veilingskrale.

Só is ons van kraal tot kraal met oom Albie wat sommer so in die gesels die fynere kunsies van boerbokboerdery gedeel het. Van die ooitjies se slanke nekke tot die horings wat in lyn met die voorkop moet wees. Al die bokke was blinkvet uitgespaar en gekam vir die veiling.

Met die deurstap van die kraaltjies, loop 'n bokkapater die tralies storm dat die hele stellasie dril. Almal was winduit geskrik. 'n Bok bly maar 'n blikskottel.

Met die katalogus uitgemerk het die kopers hul sit op die pawiljoentjie om die arena gekry. Almal in afwagting op die afslaer se klok. Na die terme en voorwaardes luister niemand nie, maar wurg dit af – tot by die kommissie en BTW.

En toe trek die afslaer weg met die eerste hok soos die All Blacks net na die haka. Die afslaer is 'n spoedvraat wat happe van R100e uit die kopers se sakke vat. Met 'n flinke kombinasie van dreigemente oor verlore kanse en geleenthede vir die koop van die dag, laat die afslaer almal aan sy lippe hang. Kort-kort gee hy die podium 'n kloppie met sy hamertjie om seker te maak almal is by – en dan laat vat hy weer met bieërs voor of agter in die saal. Hy vat kleintjies ook met R25e, om die laaste twee kopers teen mekaar af te speel. Na 'n *fair warning* klap die hamer finaal vir die bod wat toegeslaan word!

Hier en daar trek 'n uitstaande dier die aandag en dan sit die afslaer oor in nóg 'n hoër rat wat almal laat regop sit, of jy nou bie of nie. Met een of twee hokke haak die openingsbod vas en dan word die vloer uitgelok met 'n dalende prys: "R2 000, R1 500, R1 000?! Enige bod?" As almal afkyk of wegkyk, laat wiel die afslaer met 'n: "Jaag uit, jaag uit, julle moet maar na die tyd met die baas kom praat."

En so kom ons toe by hok nommer 24: Die befoeterde bokkapater in al sy glorie. Met die intrapslag skraap hy die handlanger dat dié skoon teen die tralies uithardloop! Die afslaer delf diep en begin die bod op 'n: "R3 000, R2 000, R1 000, R500?!"

Almal kyk dak toe of lees die katalogus. Ek kry die bok jammer wat so sonder 'n bod bly staan en waai vir die afslaer net om die spul aan die gang te kry. Die afslaer reageer so vinnig soos 'n geelslang met 'n "Doodskoot, R500, bod toegeslaan!" Alles in een asem. Die oom langs my lag kliphard vir my aankoop.

Daar sit ek toe met die kapater wat vir almal mik wat hom uit die arena wil jaag.

Ou Neef, die eintlike moeilikheid het gekom met die bok se tydelike verblyf. Geen kampie was dig genoeg om die bok vir 'n eerste aand op hok te hou nie. Vandaar die blink gedagte om die kapater in die opwaskamer langs die kombuis te bêre – met die edele bedoeling om hom die volgende oggend tussen die kalwers te laat los.

Nou ja, partykeer neem die lewe sy eie verloop. Niemand het beplan dat Vroulief teen skemeraand iets in die opwaskamertjie gaan soek het nie. Óf dat die bok vir haar sou voetestamp en blêr nie. Toe Vroulief en die huiskat by my kom, was altwee se rûe stokstyf en krom, met naels uit; ou Neef, naels uit! Ou koeie van 'n wittebrood in 'n rondawel by Maselspoort is ook weer opgegrawe.

Die oomblik is egter finaal bederf toe Vroulief wou weet oor die kapater se stank in haar opwaskamer en ek haar wou gerusstel dat die bok dit sou gewoond raak.

En dis hoekom ek in die opwaskamer moes oornag. Die bok (intussen gedoop Frank) onder die stryktafel en ek bo-op vir die nag – altwee aan't herkou oor die dag se gebeure.

Ou Neef, hier's die les: As die afslaer 'n openingsbod laat sak, lees jou katalogus.

Groete op die Oosgrens!

*Kleinneef*




**Lesers is welkom om 'n e-pos aan Kleinneef te stuur by kleinneef@graingrowers.co.za.**






# X7.650 – X7.660 – X7.670 – X7.680

## GEREED VIR DIE MODERNE LANDBOU-UITDAGINGS

**Gerugsteun deur moderne ontwerptegnieke en ingestel op gedurige tegniese ontwikkeling, bied McCormick nou 'n nuwe generasie trekkers. Trekkers om te voldoen aan die landboumark se hoogste vlak van verwagting in soverre dit gaan oor kwaliteit, werkverrigting, intelligensie aan boord en moderne ontwerp**

**HOOFKENMERKE:**

- **Betapower 6.7 liter, 24 klep, 6 silinder turbo-enjins met drukbuisinspuiting en lug tot lug tussenverkoeling**
- **"Pro Drive" ratkas met spoelkas (shuttle) en kruiprat verskaf 40 vorentoe- + 40 truratte deur 'n 6 gang 4 spoed per gang ratkas**
- **Kragaftakker met elektro-hidrouliese inskakeling verskaf 4 spoedkeuses teen 540/540E/1000/1000E rpm**
- **Soliede vierwielaangedrewe vooras met elektro-hidrouliese inskakeling**
- **Kat III, 3-punt hyser, 4 afstandbeheerkleppe, hidrouliese pompvloeitempo van 90 l/min en 'n hyskapasiteit van 9300 kg**
- **Premierkajuit - outo-styl, skep 'n ware tegnologiese kajuitbinneruim wat die operateur in volle beheer van al die trekkerfunksies plaas.**

- **X7.650: Die kajuituitleg van die McCormick X7.650 verskil van die groter X7 modelle. Die multi-funksie elektroniese beheer op die armlening aan die sitplek is verskuif na die sypaneel. Die transmissiekontrole is ook nou op die sypaneel en verskaf nog dieselfde beheerfunksies omdat die transmissie op die reeks nie verander het nie.**

**VIR MEER INLIGTING SIEN JOU NAASTE HANDELAAR OF KONTAK:
HOOFKANTOOR: 011 914 1700. KAAPPROVINSIE: 060 987 0502, LIMPOPO / MPUMALANGA: 079 211 2506, VRYSTAAT / NOORDWES: 082 879 9550, KWAZULU-NATAL / OOS-KAAP: 082 907 4336**

**Webblad: www.argosa.co.za. Epos: mccormick@argosa.co.za**

**McCORMICK X7.6 REEKS - BETAPOWER ENJINS**

| McCormick X7 Reeks | X7-650 | X7.660 | X7-670 | X7-680 |
|---|---|---|---|---|
| Maks. enjinkrag (kW) | 116 | 121 | 130 | 138 |



AGRICO




**Kontakbesonderhede:** Alfred Andrag | c: 082 824 1214
t: 021 950 4111 | f: 021 950 4208 | alfred.andrag@agrico.co.za

***Meer as 100 jaar diens***

**Verkope en diens met takke regoor Suidelike Afrika:**

Aliwal-Noord | Bellville | Bethlehem | Bloemfontein | Caledon | Ceres | Christiana | Cradock | Estcourt | George | Hartswater | Humansdorp | Kakamas | Kimberley | Kroonstad
Lichtenburg | Lusaka | Nelspruit | Nigel | Nylstroom | Pietermaritzburg | Piketberg | Rawsonville | Tzaneen | Upington | Vredendal | Wellington